# 6. DIE SKOLESTELSEL

## 6.1 INLEIDING

Die skolestelsel (resp. skolestruktuur of skole-orga= nisasie) vorm die kern van die onderwysstelsel van 'n volk of kultuurgemeenskap. Die eie aard van elke besondere kultuurgemeenskap lei daartoe dat onderwys= inrigtings van gemeenskap tot gemeenskap verskil ten einde te voldoen aan die besondere onderwysbehoeftes en -begeertes van die bepaalde volk. Dit moet ook in gedagte gehou word dat verskillende grondmotiewe (geestesmagte) die dryfkragte agter die doen en late van 'n volk is en dat bepaalde vergestaltende faktore by sekere volke sterker as by ander op die nasionale onderwysstelsel sal inwerk. Gedryf deur sy grond= motief word in 'n bepaalde land (deur middel van wet= gewing) voorsiening gemaak vir 'n bepaalde soort onderwys wat met die onderwysdoelstellings van die betrokke gemeenskap(pe) rekening sal hou en derhalwe bepaalde onderwysinrigtings sal vereis. Daar sal dus in elke afsonderlike land 'n bepaalde en unieke skolepatroon (indeling in skoolsoorte) ontwikkel om te voorsien in die volksbehoeftes sowel as in die individuele gemeenskap-leerlingverskille.[1)]

Die skool kan beskryf word as 'n beplande inrigting

1) BARNARD, *op. cit.*, p. 25.
Vgl. ook RUPERTI, RUTH M. *Die onderwysstelsel in Suider-Afrika*, p. 77.

(geen toevallige nie) met 'n spesifieke, vooropge= stelde, eiesoortige doel en 'n bepaalde struktuur. Onderwysers, leerlinge en ouers word as belanghebbende partye betrek. Omdat elkeen van die genoemde partye 'n bepaalde rol en funksie met betrekking tot die skool het, is al drie onontbeerlik. Die skool is egter in sy werksaamhede, wat aan 'n bepaalde tyds= duur gekoppel is, onafhanklik van die wisseling van onderwysers, leerlinge of ouers. Skoolwerksaamhede sluit onderwys in 'n groot verskeidenheid van onder= werpe in, onderwerpe wat bepaalde leer- en opvoedings= doelstellings nastreef.[2] Die skool is 'n opvoed= kundige inrigting met 'n gekompliseerde organisasie (byvoorbeeld klasindeling, roosters, pouses, straf= maatreëls); dit is 'n inrigting waar leerlinge, in die vorm van getuigskrifte en sertifikate, magtiginge of bevoegdhede kan verwerf waaraan sekere beroeps= kanse (en 'n noodwendige indeling in bepaalde sosiale stande) gekoppel is.[3]

Hausmann[4] het die Wes-Duitse skolestelsel in 1967 (dit wil sê voor die publikasie van die *Strukturplan* (1970) en die *Bildungsgesamtplan* (1973) en die imple= mentering van die hervormings op grond van die twee planne) beskryf as die "am wenigsten rationell orga= nisierte Grossunternehmen der Bundesrepublik". As

2) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, pp. 5-6.

3) KLAFKI, W., RÜCKRIEM, G. M., WOLF, W., FREUDENSTEIN R., BECKMANN, H-K.,LINGENBACH, K-Ch., IBEN, G. *und* DIEDERICKS, J. *Erziehungswissenschaft;* Band I, p. 154.

4) HAUSMANN, soos aangehaal deur SANDER, T., ROLFF, H-G. *und* WINKLER, G. *Die demokratische Leistungsschule*, p. 99.

rede vir sy stelling voer hy aan dat die skolestelsel nog nie as 'n komplekse organisasie gesien word nie. Daar moet dus steeds gelet word op die deureenver=vlegtheid van omgewing (waaronder die behoeftes van die plaaslike gemeenskap, die klimaat, beheerliggame, handelsinstansies en professionele organisasies), die doelstellings, rolverdelings en finansies.[5)]

Die interne organisasie en administrasie (binnestruk=tuur) van die skool is op grond van die vervlegtheid ook nooit outonoom nie, maar dit word op allerlei wyse deur die betrekkinge van die skool as gemeenskaps=instelling beïnvloed. In sy administrasie- en organisasiemodel van die skool (vgl. figuur 6.1), waarsku Klafki[6)] dat hierdie hiërargiese voorstelling nie 'n tydlose en universele struktuur vir alle skool=instellings is nie; dit is bloot 'n vereenvoudigde weergawe van die tradisionele Wes-Duitse skoolstruk=tuur.


In sommige Europese lande (waaronder Frankryk en Duitsland) is daar vandag nog oorblyfsels van 'n vroeëre vertikale of parallelle indeling van die skoolwese op grond van sosiale klasseverskille. Daar was 'n duidelike skolestelsel vir die bevoorregtes en een vir die breë volksmassa. Die skolestelsel vir die elite was volledig ingedeel in primêre, se=kondêre en tersiêre onderwysinrigtings, terwyl daar vir die massa hoofsaaklik op primêre onderwys gekon=

5) SANDER, *et. al.*, *op. cit.*, p. 101.

6) KLAFKI, *et. al.*, *op. cit.*, pp. 174, 193.

FIGUUR 6.1

ADMINISTRASIE- EN ORGANISASIEMODEL VAN DIE SKOOL[7)]




Die bostaande figuur dui die drie hoofaspekte van die "binnestruktuur" van die skool aan, naamlik

* die organisasiedoelstellings,
* die persone of groepe in die skool, hulle funksies en
* die werksaamhede van die afsonderlike funksiedraers.

7) KLAFKI, *et. al.* *Erziehungswissenschaft;* Band I, p. 174.

sentreer is, hoewel die standaard daarvan nie op dieselfde peil as die primêre onderwys vir die elite was nie. Hierdie toedrag van sake het grotendeels verdwyn met die kreet van "kansegelykheid" vir almal in die onderwys. Die vertikale indeling moes plek maak vir 'n horisontale indeling, naamlik in fases of vlakke (pre-primêr, primêr, intermediêr, sekondêr, tersiêr) en in klasse (gewoonlik jaarklasse), veral op grond van die skolastiese gevorderdheid van die leerlinge en onafhanklik van hulle sosiale status. Die soort leerstof en die wyse van aanbieding daarvan verskil uiteraard op die onderskeie vlakke. Diffe=rensiasie vind eers gedurende die sekondêre fase plaas omdat die primêre fase 'n breë basis van alge=mene onderwys moet wees. Elke fase of vlak het 'n eie eksamen waarmee dit afgesluit word. Ook vir private skole, met hulle besondere moontlikhede, re=sultate en probleme, moet daar plek in die skolestel=sel ingeruim word.[8)]

## 6.2 TOESIGHOUDING OOR EN ADMINISTRASIE VAN DIE ONDERWYS

Toesighouding en administrasie is aspekte van die toepassing van onderwyswetgewing. Suiwer *toesig=houdende* liggame of organe kom selde voor omdat toesighouding meestal met ander funksies vervleg is. Dit is ook in Wes-Duitsland die geval waar beheer en administrasie deur dieselfde liggame behartig word. "Schulaufsichtsbeampte sind also Schulverwalter oder

8) BUND-LÄNDER-KOMMISSION. *Bildungsgesamtplan*; Band I, p. 3.

Schulmanager."[9] Elke skool funksioneer as 'n organisatoriese onderwys- en opvoedingseenheid. Die skoolhoof en sy personeel interpreteer die wetlike bepalinge en die voorskrifte van besturende liggame en sorg vir die toepassing daarvan. Die skoolhoof is die permanente hoof-uitvoerende beampte van sy skool.[10] Hy delegeer sekere administratiewe pligte aan die onderwysers, wat weer sekere verantwoordelik= hede aan die leerlinge toevertrou. Daar heers 'n gees van samewerking tussen die onderwysers en die betrokke skoolinspekteur (*Schulrat*) wat die gereelde amptelike evaluering van die onderwysers en hulle werk moet waarneem (*Fachaufsicht*) en hulle van pro= fessionele raad moet bedien.[11] Skooltoesig (*Schul= aufsicht*) is primêr die verantwoordelikheid van die staat wat die skoolwese inhoudelik, organisatories en planmatig moet beheer. Dit raak onder andere

* die bepaling van die inhoud van die leer= stof en die organisasie van die onderwys,
* die sentrale beplanning van skoolorganisa= sie,
* vaktoesig (*Fachaufsicht*),
* die toesig oor die werk van die skoolhoof, onderwysers en tegniese vakonderwysers aan openbare skole (*Dienstaufsicht*) en

9) BESSOTH, R. *Schulverwaltungsreform*, p. 31.

10) Vir 'n volledige bespreking van die pligte van die skoolhoof raadpleeg RELLER *and* MORPHET, *op. cit.*, p. 40 e.v.

11) DEUTSCHER BILDUNGSRAT. Empfehlungen der Bildungskommission. *Zur Reform von Organisation und Verwaltung im Bildungswesen;* Teil I, p. 35.

* toesig oor die wyse waarop die verantwoor=delike instansies vir die skool (die *Schul=träger*) hulle pligte nakom (*Rechtsaufsicht*).[12]

Die skole in die BRD is gewoonlik staats- of munisi=pale (kommunale) inrigtings wat onder die toesig van die betrokke *Land*-ministerie van Onderwys ressor=teer.[13] In die *Länder* staan daar 'n minister (in die drie stadstate 'n senator) aan die hoof van die onderwys.[14] Benewens die openbare skole is daar ook private skole wat deur opvoedings - gemotiveerde skoolverenigings, kerke of privaatinstansies opgerig en in stand gehou word en hulle aan staatstoesig moet onderwerp.[15] Die erkenning van die eindsertifikate van die privaatskole word bepaal deur die wyse waarop hulle aan die minimumvereistes van die staat met be=trekking tot die onderwys voldoen en op grond van die kwalifikasies van die onderwysers. Die staats=voorskrifte vir private skole neem egter die besondere opvoedkundige (pedagogiese) omstandighede en aspira=sies van sulke skole in ag. Daar sal dus byvoorbeeld 'n sekere skooleindeksamen vir 'n bepaalde skool wees. Die plek wat die private skole in die skolepatroon inneem, wissel grootliks van *Land* tot *Land*.[16]

12) STAATSMINISTERIUM RHEINLAND-PFALZ, *op. cit.*, par. 84(1),(2), p. 30

13) Vgl. art. 7(1) GG.

14) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, p. 94.

15) DEUTSCHER BILDUNGSRAT. *Strukturplan*, p. 257. Vgl. ook KULTUSMINISTERIUM RHEINLAND-PFALZ, *op. cit.*, par. 17(1), (2), (3), p. 11.

16) SEKRETARIAT DER KMK (BRD). *Das Bildungswesen in der Bundes=republik Deutschland*, p. 3.

PLAAT 6.1

'N *VOLKSSCHULE* IN HESSEN[17]



Die struktuur van die skole-administrasie is die gevolg van die drievlakkige aan mekaar skakelende stelsel (vgl. figuur 6.2). Die drie vlakke van toesighouding kan kortliks soos volg verduidelik word:

- Die hoogste vlak van toesighoudende owerhede, organe of liggame (*Oberste Schulaufsichtsbehörden*) is telkens die Ministeries van Onderwys van die *Länder*. Die skoolwetgewings van die *Länder* reël die samewerking tussen die *Land* en die streke of munisipaliteite. Die owerhede van die groter stede neem gewoonlik deel aan die skooladministrasie. Die Onderwysburo's in die stede (*Stadtschulämter*) staan onder leiding van die betrokke munisipaliteite (stadsrade) of -owerhede met hul skoolinspekteurs of plaaslike munisipale skoolinspekteurs (*Magistratsschulräten*). Die verskillende Duitse stede vorm saam 'n

17) KÖPKE, W. ed. *Berichte aus Deutschland*, p. 175.

vereniging, naamlik die *Städtetag*, om hulle gemeenskaplike belange te behartig. Daar bestaan vir onderwyssake 'n spesiale skoolraad om die vrae rondom die onderwyswese in die stede te behandel en die nodige advies te verskaf.[18]

* Die middelste vlak van toesighoudende liggame (*Mittlere Schulaufsichtsbehörden*), naamlik die distriksregerings, sluit die skoolafdelings van die regeringspresidentskantore[19] of selfstandige hoër onderwysburo's/-departemente in. Die *Gymnasium* word in sommige *Länder* deur hierdie middelste vlak van toesighouding geadministreer, terwyl ander *Länder* soos Hamburg, Bremen, Rynland-Pfalz, Saarland en Schleswig-Holstein, regstreeks deur die hoogste vlak van toesighoudende liggame geadministreer word.[20]

* Die laagste vlak van toesighoudende organe (*Untere Schulaufsichtsbehörden*) sluit die onderwysburo's in wat in die reël die *Volksschule*, skole vir besondere onderwys sowel as die *Realschule* van 'n *Stadt-* of *Landkreis* administreer. Die plaaslike inspekteur staan aan die hoof van die onderwysburo's.[21]

Die munisipaliteite was voorheen, synde *Schulträger* (vgl. glossarium, p. 502), ook die werkgewers van die

18) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, p. 95.


19) 'n *Regierungspräsident* is die voorsitter van die administratiewe afdeling van 'n goewermentsdistrik (*Regierungsbezirk*).


20) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, p. 94.

21) *Loc. cit.*

FIGUUR 6.2

SKOOLADMINISTRASIE-STRUKTUUR IN RYNLAND-PFALZ EN BADEN-WÜRTTEMBERG[22)]




22) BESSOTH, R. *Schulverwaltungsreform*, p. 75.

onderwysers. Tans is dit slegs by uitsondering die geval, want bykans alle onderwysers in die BRD is staats(*Land*-)amptenare.[23] Die munisipaliteite behou egter die reg om skoolhoofde en onderwysers vir va= kante poste aan te beveel vir skole wat deur hulle in stand gehou word. Slegs in Beiere, Rynland-Pfalz, Saarland en Schleswig-Holstein kom daar nog gevalle voor waar onderwysers munisipale amptenare is.[24]

Die universiteite en ander inrigtings vir tersiêre onderwys is in die reël *staatsinrigtings* van die *Länder* met publiekeregtelike status. Synde outonoom besit tersiêre inrigtings seggenskap oor hulle eie sake binne die breë raamwerk van toepaslike wette. Hulle statute en reglemente moet goedgekeur word deur die betrokke *Land*-ministerie. Benewens die staatsinrigtings is daar ook enkele tersiêre inrig= tings van die Bondsregering vir spesiale doeleindes (Bondsleër en Bondsposwese). Ander staan weer onder kerklike toesig. Laasgenoemde twee soorte inrigtings word van die ander onderskei deur hulle besondere status en hulle (meestal) beperkte outonomie.[25]

In die administrasie van die verskillende staatsin= rigtings word daar met die betrokke *Landsministerie* saamgewerk. Onafhanklik hiervan berus die regstoe= sig (en in 'n sekere mate ook die vaktoesig, die stigtings- en organiseringsmag) sowel as die finan=

23) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, p. 4.

24) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, p. 95.
Vgl. DEUTSCHER BILDUNGSRAT. *Strukturplan*, p. 257.

TABEL 6.1

DIE ORGANISASIE EN ADMINISTRASIE VAN DIE ONDER=WYS IN DIE 11 *LÄNDER* VAN DIE BRD[26]

TABEL 6.1

DIE ORGANISASIE EN ADMINISTRASIE VAN DIE ONDERWYS IN DIE 11 *LÄNDER* VAN DIE BRD[25]

| L A N D | LAAGSTE VLAK | MIDDELSTE VLAK | HOOGSTE VLAK |
|---|---|---|---|
| BADEN-WÜRTTEMBERG | Laere onderwysinstan=sies (skoolinspekteur met munisipale owerhede en distriksmagistrate) vir *Volks- (Grund-, Haupt-)* en *Realschulen* en ooreenstemmende skole vir besondere onderwys. | Onderwysburo's vir alle skooltipes met die uit=sondering van *Höhere Fachschulen* (Gevorderde Tegniese skole). Hoof=skoolinspekteurs. | Onderwysdepartement (*Kul=tusministerium* van die *Land*). Landboukundige vakskole (*Fachschulen*) ressorteer onder Minister van Landbou. |
| BEIERE | Skoolinspekteur (Dis=triks- en Stadskoolin=spekteur) vir *Volks=schulen* en landboukun=dige beroepskole (*Berufsschulen*). | Vir beroepskole en nie-staatsberoepsvakskole (*Berufsfachschulen*). Verskillende streeks=owerhede. | Onderwysdepartement van die *Land* (*Staatsminis=terium für Unterricht und Kultus*). Sekere toesigbevoegdhede ra=kende *Realschulen* en *Gymnasien* word voorbehou vir owerhede wat deur die Minister aangewys word. Landboukundige vakskole (*Fachschulen*) ressor=teer onder Minister van Landbou. |
| BERLYN | Ontbreek. Skoolinspekteur handel nie selfstandig nie. | Hierdie vlak geld vir alle skooltipes met die uitsondering van *Fach=schulen*. Skoolowerhede in 12 distrikte met distriksinspekteur wat elkeen vir alle skool=tipes verantwoordelik is. | *Senator für Schulwesen.* |
| BREMEN | Ontbreek | Ontbreek | *Senator für das Bildungs=wesen* is die enigste onder=wyshoof verantwoordelik vir administrasie. |
| HAMBURG | Ontbreek | Ontbreek | *Schulsenator* is die enigste verantwoordelike onderwys=hoof. |
| HESSEN | Inspekteur in landelike gebiede vir *Volks-, Realschulen* en skole vir besondere onderwys. | Regeringspresidente (voorsitter van die administrasie van 'n goewermentsdistrik (*Regierungsbezirk*) vir toesig oor en administrasie van alle skooltipes. | *Hessischer Kultusminister.* Minister van Landbou vir landboukundige vakskole. |
| NEDERSAKSE | Inspekteur vir *Volks-* en *Realschulen.* | Regeringspresidente vir alle skooltipes. | *Niedersächsischer Kultus=minister.* |
| NOORDRYN-WESFALE | Inspekteur vir *Volks-schulen* en skole vir besondere onderwys. | Regeringspresidente vir alle skooltipes met die uitsondering van *Gymna=sien* en mynbouskole. *Gymnasien: Schulkolle=gien* (d.w.s. personeel=vergaderings verantwoor=delik aan regeringspre=sidente. Mynbouskole: mynbouowerhede in Bonn en Dortmund. | *Kultusminister des Landes Nordrhein-Westfalen.* |
| RYNLAND-PFALZ | Onderwysburo vir *Volksschulen.* | Regeringspresidente vir alle skooltipes behalwe *Gymnasien* en *Fachschulen.* | *Minister für Unterricht und Kultus.* Landboukun=kundige vakskole in same=werking met Minister van Landbou. |
| SAARLAND | Inspekteur vir stad of platteland vir *Volksschulen.* | Ontbreek. | *Minister für Kultus, Unter=richt und Volksbildung.* |
| SCHLESWIG-HOLSTEIN | Inspekteur vir *Volks-* en *Realschulen.* | Ontbreek. | *Kultusminister des Landes Schleswig-Holsteins.* Land=boukundige skole in same=werking met Minister van Landbou. |

25) Tabel saamgestel uit gegewens in:
SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, pp. 132-136;
HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, pp. 173-177.

siële seggenskap by die *Landminister* [27](vgl. tabel 6.1).

## 6.3 SKOOLPLIG

### 6.3.1 Verpligte voltydse skoolbesoek

Een van die belangrikste maatstawwe vir die kwaliteit van die onderwyswese van 'n land is die duur van die algemene skoolplig.[28] "Der Schulpflicht entspricht die Pflicht des Staates (und der kommunalen Schulträger), durch Bereitstellung der erforderlichen Schulen dafür zu sorgen, dass die Schulpflichtigen eine öffentliche Schule besuchen können."[29]

Skoolplig begin vir alle kinders in die BRD (ook vir uitlanders wat die land vir 'n geruime tyd besoek) na die sesde lewensjaar. Uitsonderinge geld slegs waar daar tussenstaatlike ooreenkomste in verband met die skoolbesoek van diplomatekinders bestaan òf as 'n kind weens liggaamlike geremdheid, geestelike gestremdheid of sosiale wanaangepastheid nie by die onderwys in 'n besondere skool (*Sonderschule*) baat vind nie (*Bildungsunfähig*). Hieroor besluit die skoolowerhede in oorleg met 'n medikus en 'n psigoloog.[30]

As 'n kind voor of op 30 Junie ses jaar oud word,

27) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, p. 4.

28) KÖPKE, *op. cit.*, p. 177.

29) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 269.

30) *Ibid.*, p. 270.

moet hy vanaf 1 Augustus van dieselfde jaar die skool besoek, dit wil sê op die dag wanneer die nuwe skooljaar 'n aanvang neem. Kinders wat voor 31 Desember van die betrokke skooljaar die ouderdom van ses jaar bereik, mag ook die skool besoek. Enkele *Länder*, soos byvoorbeeld Noordryn-Wesfale (13 persent van laasgenoemde groep) en Rynland-Pfalz (18 persent), pas reeds sedert 1972 hierdie reëling toe.[31] Vir vroeëre skooltoelating is die beslissing van die skoolowerhede, -medikus en -psigoloog nodig nadat skoolgereedheidstoetse afgeneem is.[32] In Nedersakse en Berlyn waar sogenaamde *Vorklassen* by die *Grund=schulen* geïnkorporeer is, begin die skoolplig in elk geval reeds 'n jaar vroeër. Daar word tans in som=mige *Länder* (soos Bremen, Hamburg, Hessen) ernstig beplan om vyfjariges formeel by die primêre skoolfase te betrek.[33] Dit lyk of die meeste *Länder* voor 1980 tot hierdie stap sal oorgaan.[34]

In die *Länder* waar skoolplig vanaf die voltooide sesde lewensjaar geld, is dit nie moontlik om kinders wat alreeds op 'n jonger leeftyd skoolryp is by 'n skool in te skryf of om "laat-ontwikkelaars" nog 'n ruk=kie te laat wag nie. Dit skyn of onderwyswetgewing alreeds met betrekking tot skooltoetrede 'n belang=rike rol speel en 'n groot invloed op die begin van die skoolpligtige kind se skoolloopbaan uitoefen.[35]

31) ANWEILER, *et. al.*, *op. cit.*, p. 4.

32) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 271.

33) DEUTSCHER BILDUNGSRAT. *Bericht* '75, p. 186.

34) *Ibid.*, p. 188.

35) KLAFKI, *et. al.*, *op. cit.*, p. 134.

In sommige *Länder* word kinders wat ná 'n jaar van skoolonderwys blyke daarvan toon dat hulle nie daarby baat nie terugverwys na die *Schulkindergarten*.[36)]

Verpligte skoolbesoek geld in die reël vir twaalf jaar, waarvan nege voltydse skooljare moet wees (dit wil sê tot en met die ouderdom van ongeveer vyftien jaar) en drie deeltydse skooljare aan 'n *Berufsschule* (dit wil sê tot die agtiende lewensjaar vir diegene wat nie 'n voltydse sekondêre skool soos byvoorbeeld die *Gymnasium* besoek nie).[37)] ("Voltydse onderrig" beteken dat die leerlinge nie in 'n betaalde, vol=tydse beroep staan nie.) In die verslag van die ondersoek deur die OECD in 1972 word vermeld dat "...at the moment (1972) the proportion of children enrolled in whole-day schools is negligible".[38)] Hierdie uitspraak het betrekking op sekondêre onder=wys.

Vir blinde en dowe kinders, asook vir diegene met spraak- of liggaamlike gebreke, neem onderwysmoontlik=hede voortdurend toe. Sulke kinders moet hulle *Volkschul*-skoolplig (nege jaar) nakom deur 'n skool vir besondere (ten opsigte van hulle gebrek) onderwys (*Sonderschule*) te besoek. Leerlinge sonder liggaam=like gebreke, maar wat geestelik of verstandelik ge=strem is en nie by die onderwys in die gewone primêre

36) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 272.

37) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, p. 5.

38) OECD. *Reviews of national policies of education: Germany*, p. 75.

skool (*Grundschule*) baat sal vind nie, word na skole vir leergestremdes (*Hilfsschulen*) oorgeplaas. Die *Grundschulen* funksioneer egter in noue samewerking met hierdie skole.[39]

In sekere *Länder* is daar alreeds 'n tiende verpligte skooljaar toegevoeg vir leerlinge van die *Haupt-* en *Realschule*. Leerlinge van die *Gymnasium* word nie hierdeur geraak nie omdat die volledige kursus aan hierdie inrigtings dertien jaar lank duur. Die *Deutscher Bildungsrat*[40] berig dat dit op grond van opvoedkundige en finansiële oorwegings probleme skep om algemeen-vormende onderwys aan die *Hauptschule* met 'n jaar te verleng. Volgens die *Bildungsrat* moet die bykomstige jaar eerder aan beroepsopleiding (*Berufsgrundbildungsjahr*) gewy word. Die *Berufs=bildungsjahr* word dan die eerste jaar van die senior sekondêre skoolfase (*Sekundarstufe II*) en dien as vol=ledige opleiding in 'n bepaalde beroepsrigting. Hierdie vorm van die tiende skooljaar word alreeds vir 'n geruime tyd in sommige *Länder* op die proef ge=stel, onder andere in Rynland-Pfalz (1968/69), in Baden-Württemberg en Beiere (1971/72), in Bremen en Hessen (1972/73) en in Berlyn en Nedersakse (1973/74). Daar word beraam dat ongeveer 38 persent van die jeugdiges teen 1985 die *Berufsbildungsjahr* voltyds sal besoek.[41]

39) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, p. 22.

40) DEUTSCHER BILDUNGSRAT, *op. cit.*, p. 189.

41) *Ibid.*, pp. 196, 198.

Die leerlinge moet tydens die verpligte skoolpligtyd=perk die plaaslike openbare *Grundschule*, *Orienterungs=stufe* of *Hauptschule* besoek, mits hulle nie 'n privaat=skool, *Realschule* of *Gymnasium* besoek wat ter plaatse beskikbaar is nie. Dit is 'n interessante bepaling dat skoolpligtige kinders sonder permanente adres (kinders van toneelspelers, matrose, smouse en so meer) verplig word om telkens die skool van die tyde=like verblyfsoord te besoek as hulle langer as drie dae (in Beiere twee dae) daar vertoef.[42)]

### 6.3.2 Verpligte deeltydse skoolbesoek *(Berufs=schulpflicht)*

Die verpligte deeltydse skoolbesoek begin na die vol=tooiing van die voltydse skoolplig. In die *Länder* waar die verpligte skoolbesoek verleng is, begin die deeltydse skoolplig eers ná afloop van die verlenging. *Berufsschulpflicht* is nie net van toepassing op die=gene wat in een of ander beroep staan nie (met ander woorde leerlinge wat ná die *Hauptschul*-besoek gaan werk het nie), maar ook op werkloses en diegene wat in die ouerhuis behulpsaam is.

Deeltydse skoolplig duur drie jaar. Al sou die leer=ling vóór die verstryking van dié tydperk mondig word, is hy nog tot met die nakoming van sy oplei=dingsvoorwaardes (waar sy beroep dit vereis) beroep=skoolpligtig. Dit geld ook indien hy die afslui=tingseksamen moet herhaal. As 'n leerling vóór die

42) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, pp. 273-274.

aanvang van die beroepskoolkursus 18 jaar oud word, maar nog nie 21 jaar oud is nie, is hy ook aan deel=tydse skoolplig onderworpe. Met die bereiking van die ouderdom van 21 jaar word hy gewoonlik van die deeltydse skoolplig vrygestel. Hierdie bepaling geld ook waar die leerling 'n aanvullingskursus volg om universiteitstoelating te verkry. Deeltydse skool=plig kan ook voorlopig opgeskort word vir die tydperk van militêre diensplig.[43)]

### 6.3.3 Modelle met betrekking tot toekomstige verpligte skoolbesoek

Volgens die *Deutscher Bildungsrat* is daar drie moont=like modelle van skoolplig wat met die oog op toe=komsbeplanning teen mekaar opgeweeg moet word. Hier=die drie modelle, wat verband hou met die teenswoor=dige algemeen-vormende skolepatroon, word in figuur 6.3 skematies gekontrasteer.[44)]

## 6.4 DIE PATROON (VORM) VAN DIE SKOLESTEL=SEL


Die Duitsers erken self dat hulle skolestelsel nie net die eeue-oue sosiale onderskeidings en sterk om=lynde beroepskategorieë weerspieël nie, maar ook dat dit die genoemde verskynsels nog verder bestendig. Die huidige tweepolige stelsel ("dual system") dui nie op 'n religieuse verdeling nie, maar op die duide=like onderskeid tussen die uitgebreide "algemene"

43) *Ibid.*, pp. 275, 277.

44) DEUTSCHER BILDUNGSRAT, *op. cit.*, p. 191 e.v.

FIGUUR 6.3

MOONTLIKE MODELLE MET BETREKKING TOT SKOOLPLIG EN DIE AFSLUITING VAN DIE JUNIOR SEKONDÊRE FASE[45]




Model I is ooreenkomstig die voorstelle van die *Strukturplan* van 1970, naamlik 'n 2+2/+2/+4-patroon. Model II bevat 'n verkorte junior sekondêre fase of *Sekundarstufe I*, naamlik 'n 2+3/+2+3-patroon. Model III behels 11 jaar voltydse verpligte skoolbesoek, naamlik 'n 2+3/+2+4-patroon.

45) DEUTSCHER BILDUNGSRAT. *Bericht* '75, p. 192.

onderwys en opvoeding en die beroeps- of vakoplei= ding.[46] Humboldt[47] het die onderwyssituasie soos volg opgesom: "Beide Bildungen - die allgemeine und die spezielle - werden durch verschiedene Grund= sätze geleitet. Durch die allgemeine sollen die Kräfte, d.h. der Mensch selbst gestärkt, geläutert und geregelt werden; durch die spezielle soll er nur Fertigkeiten zur Anwendung erhalten". Aan hierdie tweedeling is, bewustelik of onbewustelik, die ge= melde tweeledige sosiale model ontleen. Die gevolg hiervan was die noodwendige juridiese, sosiale en didaktiese verdeling van die onderwyswese in alge= meen-vormende en beroepsgerigte skole.[48] Met elke onderwyshervorming word gepoog om hierdie verdeling te beëindig, veral omdat die skolestruktuur beslis= send is vir die vraag of kinders met dieselfde be= gaafdheid uit alle sosiale klasse dieselfde vooruit= sigte het om 'n meer gevorderde eindsertifikaat (waar= mee 'n beter sosiale status vereenselwig word) te ver= werf.[49]

Die skolestelsel omvat naas inrigtings vir voorskool= se opvoeding ('n vrywillige *Kindergarten* en verpligte *Schulkindergarten*) 'n verpligte gemeenskaplike *Grund= schule* wat die eerste tot die vierde skooljaar in=

46) KING, E. J., MOOR, C. H. *and* MUNDY, J. A. *Post-compulsory education. A new analysis in Western Europe*, p. 71.

47) HUMBOLDT, W., soos aangehaal deur FIEDLER, R. *Die klassische deutsche Bildungsidee. Ihre soziologischen Wurzeln und päda= gogischen Folgen*, p. 103.

48) *Ibid.*, p. 104.

49) SIEBERT, H. *Bildungspraxis in Deutschland*, p. 32.

sluit, maar wat in Berlyn en Hamburg tot die sesde skooljaar strek. Klasse 5 en 6 kan ook dien as 'n oriënteringsvlak voor die oorgang na die *Gymnasium*.[50]

Na die gemeenskaplike, koëdukatiewe *Grundschule*[51] (klasse 1 tot 4) volg algemeen-vormende onderwys en opleiding aan sekondêre skole soos die *Hauptschule* wat van die vyfde tot die sewende, negende of tiende skooljaar strek, die *Realschule* wat van die vyfde of sewende tot die tiende skooljaar en die *Gymna=sium* van die vyfde of sewende tot die dertiende skool=jaar strek. Hierbenewens word nog in alle *Länder* die *Gesamtschulen* (komprehensiewe skole), waarvan daar drie tipes bestaan, op die proef gestel. Hulle omvat die vyfde tot die tiende skooljaar.[52]

Klasse 5 en 6 in die algemeen-vormende skole dien as voorbereiding en oriëntering van alle leerlinge met betrekking tot hulle verdere skoolloopbaan. Die *Kultusministerkonferenz* (KMK) het hom sterk ten gunste van die *Orienterungsstufe* uitgespreek. Met die instelling van hierdie oriënteringsvlak en die daarmee gepaardgaande verandering van die curricula van klasse 5 en 6 in alle skoolsoorte word die vloei=baarheid of oorgangsmoontlikhede (*Durchlässigkeit*) van die hele stelsel aansienlik verbeter en die skool=loopbaanbeslissing tot die sewende klas uitgestel.[53]

50) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, p. 5.

51) Die begrip *Volksschule* (samevoeging van die *Grund-*, en *Hauptschule*) word in die moderne "pedagogiek" geëlimineer.

52) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, p. 5; RELLER *and* MORPHET, *op. cit.*, p. 29.

53) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, p. 13.

Hierdie oriënteringsvlak kan ook aangetref word(by= voorbeeld in Bremen vanaf 1977)as 'n skoolvlak wat onafhanklik van enige skooltipe is. Die skole vir verdere sekondêre onderwys begin dan eers met die sewende klas. Na nege voltydse skooljare gaan die meeste jeugdiges oor tot beroepsopleiding of hulle begin met 'n beroep.[54)]

Naas die algemeen-vormende sekondêre skole is daar ook vanaf die tiende skooljaar verskillende gediffe= rensieerde sekondêre skole vir beroepsopleiding. 'n Jongmens wat nie sy opleiding aan 'n algemeen-vor= mende skool (*Realschule, Gymnasium*) voortsit nie, moet ná die nege voltydse skooljare 'n beroepskool (ten minste op 'n deeltydse basis, want die meeste jeug= diges beoefen dan reeds 'n beroep en ten minste vir die duur van drie jaar (*Berufsschulpflicht*)) besoek. Na tien voltydse skooljare word deur laasgenoemde skole 'n middelbare eindsertifikaat (die *Mittlere Reife*) wat toelating tot 'n hoër beroepsopleiding of die oorplasing tot die *Fachoberschule* moontlik maak, uitgereik.[55)] Op die gebied van beroepsgerigte en tegniese onderwys gee Wes-Duitsland reeds vir baie jare die pas aan. Daar bestaan haas geen beroep waarvoor daar nie opleidingsmoontlikhede geskep is nie.[56)] Daar word tans egter nog verder gewerk aan 'n herorganisering en rasionalisering van die patroon van die tegniese beroepsgerigte en professionele opleiding.

54) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, p. 6.

55) *Loc. cit.*

56) UNESCO, *op. cit.*, p. 14.

Benewens die genoemde skooltipes bestaan daar nog verskeie aanvullingskursusse (*Aufbauformen*) (wat soms in afsonderlike skole geakkommodeer word) vir leerlinge wat van die *Realschule* na die *Gymnasium* wil oorskakel. Geen wonder dus dat die skooltipes op veral sekondêre vlak beskryf word as "...a bewil= dering multiplicity of institutional and curricular types"[57] nie.

Verskillende benaminge word in die *Gymnasium* aan die onderskeie skoolvlakke gegee. Benewens die gebruik= like benaminge *Unterstufe* (klasse 5 tot 6), *Mittel= stufe* (klasse 7 tot 10) - wat saam bekend staan as die *Sekundarstufe I* - en *Oberstufe* (klasse 11 tot 13) of *Sekundarstufe II*, is daar soms nog 'n verbete poging om die ou Latynse of Duits-Latynse benaminge te behou. Eerstejaar-skoliere word die *Sexta* ge= noem; hierop volg dan agtereenvolgens die *Quinta* en *Quarta*, *Unter-* en *Obertertia*, *Unter-* en *Ober-secunda* om te eindig met die *Unter-* en *Ober-prima*.[58]

Naas die algemeen-vormende en beroepsgerigte skole bestaan daar nog die skole vir besondere onderwys (*Sonderschulen*) vir gestremde of geremde kinders wat opvoedbaar is. Verder bestaan daar ook die moont= likheid vir persone wat reeds in 'n beroep staan om deur middel van die sogenaamde *Zweiter Bildungsweg* met behulp van aandgimnasiums, institute en kolleges (*Kollegs*) universiteitstoelating te verwerf.[59]

57) KING, *et. al.*, *op. cit.*, p. 73.

58) NEWCOMBE, *op. cit.*, p. 236.

59) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 29.

Die algemeen-vormende en beroepsgerigte sekondêre skole verleen aan leerlinge toegang tot tersiêre onderwysinrigtings. Leerlinge verkry na twaalf skooljare toelating tot die *Fachhochschulen* en na dertien skooljare tot universiteite en ander tersiêre inrigtings van gelyke standaard. Daar is verskil= lende inrigtings vir verdere onderwys. Daar word egter dikwels vanaf bepaalde jaarvlakke (meestal vanaf òf klas 5 òf klas 7) in bepaalde vakke, by= voorbeeld tale, wiskunde en ander natuurwetenskappe "prestasie-gedifferensieerde" kursusse aangebied. Vir die bevordering van 'n leerling van een klas na die volgende is sy kennis- en prestasievlak deurslag= gewend. Prestasie-evaluering vind volgens 'n sim= bolestelsel plaas. In die herstruktureerde *Ober= stufe* van die *Gymnasium* word ook van 'n bykomende puntestelsel gebruik gemaak.[60)]

Onderwysers en vakspesialiste werk saam in die same= stelling van die curricula in ooreenstemming met die breë riglyne van die KMK vir curricula.[61)] Tersiêre onderwysinrigtings maak gewoonlik van die semester= stelsel gebruik. Na gelang van die vakrigting kan die studie tussen ses en dertien semesters duur. Die onderrig aan openbare en tersiêre inrigtings is gratis. Leermiddele word òf gratis aan die leer= linge verskaf òf aan hulle geleen. Dit word egter deesdae die gebruik dat die ouers 'n deel van die onkoste dra.[62)]

60) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, p. 6.

61) *Ibid.*, p. 7.

62) *Loc. cit.*

Kragtens die wet op die bevordering van opleiding in die Bondsrepubliek (die *Bundesausbildungsförderungs= gesetz*) kan leerlinge aan sekondêre skole vanaf klas 11 sowel as studente op tersiêre vlak aanspraak op finansiële ondersteuning van die staat maak op voorwaarde dat die eie inkomste sowel as dié van die persoon wat normaalweg vir die onkoste aanspreeklik sou wees nie die opleidingsbehoeftes van die leerling kan dek nie.[63]

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat die hele Wes-Duitse onderwyswese in bepaalde vlakke ingedeel is. *Horisontaal* word die *gemeenskaplikheid* van die vlakke sterker beklemtoon as die *verskille* in die *vertikale* indeling van die skole-organisasie.[64] Met *vertikale indeling* word die indeling in verskil= lende skooltipes verstaan, terwyl *horisontale indeling* dui op die indeling in vlakke ooreenkomstig die ouder= dom van die kind. Die skolestelsel van die BRD is met die *Hamburger Abkommen* (1964) vasgelê en is onmiskenbaar vertikaal ingedeel met die *Grund-*, *Haupt-*, *Realschule* en *Gymnasium*. Opleidingsrigtings, dien= ooreenstemmende eindeksamens en kwalifikasies ná die primêre vlak is sodoende aan bepaalde skooltipes toe= geken.[65] Sedert die publikasie van die *Strukturplan* (1970) en die latere *Bildungsgesamtplan* (1973) is die neiging egter al hoe meer tot 'n horisontale inde= ling van onderwysinrigtings. Die verskil tussen die twee indelings van skoolsoorte word in figure 6.4 en 6.5 aangetoon. Figuur 6.6 toon die patroon van die


63) *Loc. cit.*

64) DEUTSCHER BILDUNGSRAT. *Strukturplan*, p. 98.

65) ROTH, *op. cit.*, p. 51.

FIGUUR 6.4

SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE VERTIKALE INDE= LING VAN DIE WES-DUITSE SKOLESTELSEL, 1970[66]




A. Algemene Universiteitstoelatingsertifikaat (*allgemeine Hochschulreife*)

B. Skooleindeksamen (*Mittlere Reife*)

C. Sekondêre skoolsertifikaat (*Hauptschulabschluss*)


D. Vakgebonde univ. toelatingsertifikaat (*fachgebundene Hochschulreife*)

E. Tegniese afsluitingsertifikaat

66) Saamgestel uit voorstellings in BUNDESREGIERING (BRD). *Bildungsbericht '70*, p. 73 en SCHULTZE, W. *und* FÜHR, C. *Das Schulwesen in der Bundesrepub= lik Deutschland*, p. 129.

FIGUUR 6.5

MODEL VAN 'N HORISONTALE INDELING VAN DIE SKOLESTELSEL SOOS IN 1970 VOORGESTEL EN TANS GEÏMPLEMENTEER[67]





Afsluitingseksamens: A – „*Abitur I*", B – „*Abitur II*"

67) BUNDESREGIERING (BRD). *Bildungsbericht '70*, p. 74.

FIGUUR 6.6

STRUKTUUR VAN DIE SKOLESTELSEL IN WES-DUITSLAND 1976[68]




68) SEKRETARIAT DER STÄNDIGEN KONFERENZ DER KULTUSMINISTER DER LÄNDER IN DER BUNDESREPUBLIK. *Das Bildungswesen in der Bundesrepublik Deutschland*, Anlage I.

skolestelsel in 1976 en veral na die herstrukturering van die *Oberstufe* aan die *Gymnasium*.

## 6.5 DIE ROL VAN PRIVAATSKOLE

Onder die begrip *privaatskole* word alle skole in die BRD wat nie openbare skole is nie ingesluit, dit wil sê skole wat nòg deur die *Land* nòg deur 'n munisipa= liteit in stand gehou word. Privaatskole is dus "Schule in freier Trägerschaft" soos dit in die skool= reglemente van Baden-Württemberg en Rynland-Pfalz aangedui word. Al voldoen privaatskole aan die vereistes van openbare skole, soos byvoorbeeld die vereistes met betrekking tot skoolplig, bly hulle nog "Ausdruck des Gestaltungswillens ihrer Gründer und Träger".[69] Onderwyswette dui net aan wat privaat= skole *nie* is nie, en derhalwe sou 'n positiewe defi= nisie daarvan soos volg kon lui: 'n privaatskool is 'n skooltipe wat in lewens- en wêreldbeskoulike, opvoedkundige en ekonomiese selfverantwoordelikheid begrond is en onderhou word, die bywoning waarvan vrywillig deur ouers of leerlinge verkies kan word.[70]

Vir privaatskole geld art. 7 (4) en (5) van die Grondwet (GG) wat die reg tot die oprigting van pri= vaatskole verskans.[71] 'n Privaatskool moet(as plaas= vervanger vir 'n openbare skool) die goedkeuring van die staat verkry alvorens dit mag bestaan en dit moet

69) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 133.

70) *Ibid.*, p. 134.

71) RELLER *and* MORPHET, *op. cit.*, p. 41.

*Land*-wetgewing onderskryf. Wat die onderwysdoel=stellings, die fisiese geriewe en fasiliteite sowel as die gehalte van die onderwysers betref, moet dit met dié van die openbare skole ooreenstem. Die eindeksamen van die privaatskole word deur die *Land*-eksamenkommissie afgeneem. 'n Private *Volksschule* mag net bestaan as daar 'n behoefte daaraan gevoel word, dit wil sê as daar nie alreeds 'n openbare *Volksschule* van hierdie besondere aard in die omge=wing bestaan nie.[72]

Gedurende die afgelope twintig jaar is daar in al die *Länder* (met die uitsondering van Schleswig-Hol=stein) nuwe wetgewing met betrekking tot privaatskole aangeneem. Alle privaatskole is, wat onderrig=aangeleenthede betref, onder die toesig van die staat geplaas. Kragtens hierdie wette kan staats=erkende, plaasvervangende[73] privaatskole finansiële hulp van staatsweë ontvang indien hulle die openbare skolestelsel aanvul en verryk. Die *Land*-wetgewing maak ook ruim finansiële voorsiening vir privaatskole. Uit tabel 6.2 blyk dit duidelik dat die swaartepunt van die privaatskole in 1963 (daar kon ongelukkig geen jonger gegewens van privaatskoolgetalle *afson=derlik* opgespoor word nie) by die suiwer akademiese en beroepsgerigte sekondêre skole, sowel as skole vir besondere onderwys, gelê het. Indien die verant=

72) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, p. 81.

73) Daar word wetlik tussen plaasvervangende en aanvullende pri=vaatskole onderskei. Plaasvervangende skole is privaatskole wat ooreenstem met die openbare skole en aan 'n gevoelde be=hoefte (gebrek aan 'n sekere skooltipe) voldoen. Privaatskole wat nie aan laasgenoemde voldoen nie, word as aanvullende skole gereken.

woordelike instansies of liggame as maatstaf geneem word, word privaatskole ongeveer soos volg gegroepeer:

* Privaatskole voortvloeiend uit 'n bepaalde kerkverband.
* Vrye Waldorf-skole wat volgens die opvoed= kundige gedagtes van Rudolf Steiner funk= sioneer.
* Landelike koshuisskole.
* Ander privaatskole wat in die Vereniging van Duitse Privaatskole saamgegroepeer is.

TABEL 6.2

OORSIG OOR DIE PRIVAATSKOLE EN -LEERLINGGETALLE, 1963[74]

| SKOOLTIPE | SKOLE | | LEERLINGE | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Manlik | Vroulik | TOTAAL | |
| | Aantal | Persentasie van die totale aantal | Aantal | | | Persentasie van die totale aantal |
| *Volksschulen* (insluitende aanvullingsvorms) | 158 | 0,5 | 7 909 | 7 716 | 15 625 | 0,3 |
| Skole vir besondere onderwys | 184 | 14,3 | 9 243 | 4 941 | 14 184 | 8,9 |
| *Realschulen* (sonder aanvullingsvorms) | 178 | 14,5 | 6 141 | 33 797 | 39 938 | 9,3 |
| *Gymnasien* | 351 | 20,7 | 37 062 | 69 399 | 106 461 | 13,4 |
| Skole met 'n herorganiseerde struktuur (insluitende *Freie Waldorfschulen)* | 92 | 9,7 | 14 888 | 14 116 | 29 004 | 6,4 |
| *Berufsschulen* (Beroepsgerigte skole) | 145 | 6,3 | 10 838 | 3 933 | 14 771 | 0,9 |
| *Berufsfachschulen* (Beroepsvakskole) | 584 | 31,8 | 13 375 | 26 866 | 40 241 | 28,3 |
| *Fachschulen* (Vakskole - tegnies) | 902 | 37,9 | 20 897 | 28 940 | 49 837 | 35,4 |
| *Ingenieurschulen* | 9 | 8,3 | 3 275 | 33 | 3 308 | 6,1 |

74) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, p. 170.

Daar word teenswoordig baie gedebatteer oor die vraag of privaatskole nog bestaansreg besit naas die be= staande (en genoeg) openbare skole, wat vir alle moontlike vakrigtings voorsiening maak.[75] 'n Gewilde argument ter verdediging van die privaatskole is dat hulle 'n goeie eksperimentele terrein bied - 'n argu= ment wat in die huidige bedeling min gewig dra aange= sien die meeste hervormings tans juis in die openbare skoolwese plaasvind.[76] Die argument van sosiale nut en bruikbaarheid is wel nog belangrik omdat die privaatskool weens sy eie-aard in die sonderlinge posisie verkeer dat dit met die opvoedingsnood van die moderne tyd rekening kan hou. As kosskole kan hulle aan kinders uit gebroke huwelike of ongewenste huislike omstandighede, weeskinders of kinders wat blootgestel is aan een of ander vorm van ontbering 'n heenkome bied. Ook op die gebied van die besondere onderwysvoorsiening lewer hulle goeie resultate. Verder beliggaam hierdie skole die ideaal van vryheid in die onderwys. Hieroor kan egter nog baie gerede= neer word.

Die openbare en private skoolwese is en bly egter intiem met mekaar verweef. Hoe, vra Becker[77], kan daar werklik wetlik skeiding gemaak word waar pogings tot sosiale en politiese skeiding gefaal het?

75) BECKER, H. *Bildungsforschung und Bildungsplanung*, p. 127.

76) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 135.

77) BECKER, *op. cit.*, p. 127.

## 6.6 ONDERWYS AAN DIE KINDERS VAN GASARBEI=DERS

Wetlike voorskrifte insake skoolplig raak ook die kinders van gasarbeiders, waarvan daar in September 1973 sowat 2 600 000 in Duitsland was. Saam met hul afhanklikes was die totale uitlandse bevolking ongeveer 4 000 000, en anders as die Duitsers is die uitlanders nog steeds ten gunste van groot gesinne. Teen 1975 het geboortes in die gesinne van gasarbei=ders 20 persent van die land se totale geboortesyfer uitgemaak. Meer as 110 000 gasarbeiderkinders word jaarliks in die BRD gebore.[78)] Dit is dus voor-die-hand-liggend dat hierdie toedrag van sake groot toe=komstige probleme gaan veroorsaak vir maatskaplike beplanners, soos byvoorbeeld die Departement van Op=voeding wat reeds bekommerd is oor die integrasie van die uitlandse kinders (meestal Turke - 27 persent van alle gasarbeiders - Joego-Slawe, Grieke, Spanjaarde, Portugese en Italianers) in die Duitse gemeenskap.[79)]

Dit het in die verslag van die Departement van Arbeid van ongeveer drie jaar gelede aan die lig gekom dat sowat 60 persent van die kinders van gasarbeiders nie daarin kon slaag om 'n gevorderde skoolkwalifikasie te verwerf nie. Dit impliseer dat die meeste kinders van die uitlanders geen ander vooruitsigte het as om self arbeiders te word nie. Waar die Duitse ower=hede - as gevolg van die baba-"ontploffing" van die

78) ANON. "Gemeine Lumpen, Saulgels - rauswerfen". *Der Spiegel*, 26. Dezember 1977, p. 46.

79) ENGLAND, J. Gasarbeiders skep probleme in Duitsland. *Die Burger*, 29 September 1976, p. (?).

sestigerjare - in die nabye toekoms sowat 1 600 000 addisionele werksgeleenthede vir Duitse kinders sal moet vind, is dit 'n onheilspellende toedrag van sake. Die werkloosheidsyfer in Duitsland het in 1976 reeds op sowat 940 000 te staan gekom![80]

Hoewel Bonn steeds gekant bly teen die gedagte om aan gasarbeiders kontantbonusse aan te bied om na hulle onderskeie tuislande terug te keer - 'n plan wat in 1976 deur Hans Filbinger, die Eerste Minister van Baden-Württemberg, in die *Land*-parlement voorgelê is - sal daadwerklike pogings om hulle te help om hulle in hulle onderskeie vaderlande te hervestig, aangemoedig moet word. Daar is egter ten minste 1 200 000 gasarbeiders wat nie na hulle tuislande terug gestuur kan word nie: 600 000 werkers uit die EEG-lande se reg om die Duitsland te werk word deur die Verdrag van Rome verskans, 'n verdere 400 000 uitlanders wat al langer as vyf jaar in Duitsland is, het spesiale regte ten opsigte van verblyf- en werkpermitte en sowat 200 000 van hulle is met Duitse burgers getroud.[81]


Vir die opvoeding en onderwys in Wes-Duitsland word die huidige situasie met betrekking tot die gasar= beiders 'n wesenlike probleem. Meer as 1 000 000 gasarbeiderkinders woon in die BRD en 45 000 van hulle bereik jaarliks die ouderdom waarop hulle in staat is om self te verdien, maar vind geen werk of

80) *Loc. cit.*

81) ENGLAND, J. Gasarbeiders word 'n las vir Duitsland. *Die Burger*, 20 Maart 1976, p. (?).

selfs 'n vakleerlingskap nie. Hulle is tweetalige anal= fabete: Hulle praat Duits sowel as die moedertaal uiters gebrekkig (vgl. plaat 6.2). Hulle is nòg uitlanders, nòg Duitsers. Twee-derdes struikel reeds in die *Hauptschule* en moet as hulparbeiders gaan werk. As ontnugterdes deur hulle opvoedings- en onderwysgeleenthede en as uitgestotenes deur die gemeenskap vorm hulle onrusstokende randgroepe. Geen wonder nie dat deskundiges waarsku dat hierdie toedrag van sake "sosiale dinamiet vir môre" is.[82]

PLAAT 6.2
DEMONSTREERENDE GASARBEIDERKINDERS[83]




Met geen vooruitsigte vir die toekoms nie besef hulle nie die waarde van gereelde skoolbesoek nie en kom stokkiesdraaiery en onwettige praktyke dikwels voor. Kriminoloë is uiters besorgd oor hierdie situasie,

82) ANON. "Gemeine Lumpen, Sauigels-rauswerfen". *Der Spiegel*, 26. Dezember 1977, p. 46.

83) *Ibid.*, p. 52.

waarin 'n groot gevaar geleë is vir die BRD as hoogs=ontwikkelde nywerheidsland wat reeds 'n gebrek aan vakgekwalifiseerde gasarbeiders ondervind. Ten spyte van die feit dat 56 persent gasarbeiders langer as ses jaar in die BRD woonagtig is, lyk dit of die Onderwysdepartemente van die verskillende *Länder* nog steeds van die foutiewe standpunt uitgaan dat die opleiding en onderwys van uitlander-kinders in Duitse skole 'n saak van verbygaande aard is.[84]

Dit gebeur soms dat hierdie kinders voorbereidings=klasse besoek om hulle gebrekkige kennis van die Duitse taal te verbeter, maar dan vir etlike jare daar vassteek omdat hulle geen aansluiting by die onderwyser of die leerstof kan vind nie, òf andersins in 'n skool vir besóndere onderwys beland - nie met die oog op sinvolle opvoedkundige hulp nie, maar bloot met die doel om hulle uit te rangeer.[85] Maar ook waar kinders van uitlanders saam met Duitse kin=ders skoolonderwys ontvang, word hulle "agterbankers" en gaan die waarde van die onderwys by hulle verby. Daar is 'n voelbare behoefte aan spesiale oriënterings=klasse sowel as aan beter metodies-didaktiese modelle wat by die besondere leersituasie van die gasarbei=derkinders sal pas. Hierdie opleiding, wat daartoe bydra dat die kind van die gasarbeider as 'n hulpar=beider opgevoed en opgelei word, word deur die teo=loog, Bernhard Suin de Boutemard, beskryf as "latent

84) *Ibid.*, pp. 47-48.

85) *Ibid.*, p. 48.

strukturellen Rassismus".[86]

Die onwilligheid van die ouers uit die arbeidersklas om hulle kinders verder te laat leer speel ook 'n rol in gevalle waar arbeiderkinders, nieteenstaande die feit dat hulle wel oor die vermoëns beskik nie verder vorder as die primêre of intermediêre onderwysvlak nie. Die kinders moet hulle insiens eerder 'n inkom=ste verdien of, waar albei ouers werk, jonger kinders tuis versorg.[87] Hierdie stelling mag egter nie veralgemeen word nie want navorsing het vasgestel dat drie-kwart van die ouers uit die laagste sosiale vlak graag self verder sou wou studeer of geleentheid daartoe aan hul kinders sou wou bied.[88] Dit is wel 'n onomstootlike feit dat die meeste van hierdie ouers geneig is om hul kinders in die *Volks=schule*(primêre plus intermediêre fase) te plaas eer=der as om hulle na een van die drie skooltipes (*Haupt-*, *Realschule* of *Gymnasium*) wat verdere onder=wys moontlik maak, te stuur.[89] Dit word bereken dat slegs 4 persent van alle arbeiderkinders (gas=arbeiderkinders ingeslote) die *Abitur* bereik.[90] Die oorsaak hiervoor moet gesoek word in die feit dat die arbeiderouer bang is om deur sy mede-arbei=ders van hoogmoedigheid beskuldig te word of daarvan dat hy te "hoog wil vlieg". Die moontlikheid bestaan ook dat die kinders as "Überaspiranten" daartoe ge=

86) *Ibid.*, p. 52.

87) SANDER, *et. al.*, *op. cit.*, p. 42.

88) *Loc. cit.*

89) SIEBERT, *op. cit.*, p. 37.

90) *Ibid.*, p. 38.

dwing word om hulle ten minste gedeeltelik by die middelstand aan te pas - wat dan tot nuwe konflikte (en die gepaardgaande emosionele spanninge) met ouers en vriende kan lei.[91)]

Dit is uit die voorafgaande bespreking duidelik dat die groot getalle gasarbeiderkinders uit ouerhuise met ander opvattings en lewensgewoontes as die Duitse kinders 'n magdom van probleme meebring. Die KMK het vir hierdie vraagstuk in 1971 'n oplossing probeer vind deur in *Beschluss Nr. 828* te bepaal dat die kinders van buitelanders in voorbereidingsklasse deur medium van hulle onderskeie moedertale en deur landgenoot-onderwysers onderrig moet word. Hulle moet voorts van Duitse onderwysers onderrig in die Duitse taal ontvang. Ná die indeling in normale Duitse klasse(na hoogstens twee jaar) moet hulle ver= der nog vyf periodes per week onderrig in hulle moedertaal met bykomende onderrig in Duits ontvang . Besondere probleme word ondervind as hierdie kinders die deeltydse *Berufsschule* besoek. Daarom moet gasarbeiderkinders dikwels van die beroepskoolplig onthef word.[92)]

## 6.7 DIE PLEK VAN VOORLIGTING IN DIE WES-DUITSE SKOLESTELSEL

In Wes-Duitsland bestaan daar geen voorligtingsdiens as 'n ten volle geïntegreerde hulpdiens vir die onder=

91) SANDER, *et. al.*, *op. cit.*, p. 43.

92) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 53.

wys nie; trouens, voorligting is tot onlangs nog as die verantwoordelikheid van instansies buite die onderwys beskou.[93] Waar voorligtingsdienste wel bestaan, is dit uitsluitlik ingestel vanweë die inisiatief van die enkele *Länder*. Die voorligtingsdienste van die onderskeie *Länder* verskil dan ook grootliks van mekaar sowel wat die aard as die funksie daarvan betref. Die prioriteite van hierdie dienste vertoon eweneens 'n groot uiteenlopendheid.

Daar bestaan verder 'n groot verskeidenheid van institute, inrigtings, organisasies, werkgemeenskappe en verenigings wat hulle met oriëntering of voorligting buite skoolverband besig hou. Voorligting wat deur sekere skole en arbeidsburo's aangebied word, is egter baie ongekoördineerd en van min waarde vir leerlinge, ouers en onderwysers.[94] Met die uitsondering van die komprehensiewe sekondêre skole (*Gesamtschulen*) wat 'n onlangse instelling in die meeste *Länder* is, is daar geen skoolvoorligteronderwysers of skoolsielkundiges aan die skole verbonde nie. Hierdie onontbeerlike diens word te dikwels aan die inisiatief van individuele onderwysers oorgelaat. Aan die *Grundschulen* word daar soms die sogenaamde *Schulkindergarten* aangetref waarheen skoolpligtige kinders wat nog nie skoolgereed is nie terug verwys word vir "skoolgereedmaking". Dit berus meestal op die gesonde oordeel van die klasonderwyser of 'n leerling as skoolgereed beskou moet word of nie.[95]

93) BEUKES, *op. cit.*, p. 51.

94) *Ibid.*, p. 15.

95) *Ibid.*, p. 16.

Op sowel die primêre as die sekondêre vlak bestaan daar die sogenaamde *Förderklasse* (bevorderingsklas) wat twee uur lank per week remediërende onderwys verskaf aan die leerlinge wat nie na wense vorder nie. Wanneer dit kom by die keuse van die tipe sekondêre skool wat besoek moet word, is dit weer eens die onderwyser wat die voorligting moet gee. Geen ekstra tyd word vir dié doel afgesonder nie. Dit is gewoonlik die Ministerie van Arbeid se be= roepsvoorligtingsburo's wat aan skoolverlaters be= roepsvoorligting verskaf,[96] maar daar word in elk geval baie nóú met die skool saamgewerk. Die voor= ligters van die Ministeries van Arbeid en Openbare Gesondheid is persone wat kennis en ervaring van beroepsvoorligting het, die beroep 5 jaar lank be= oefen en nie jonger as 28 jaar is nie.[97]

Die vak *Arbeitslehre* is onlangs in die *Hauptschule* ingestel sodat die leerlinge met al die beroepsmoont= likhede bekend gestel kan word.[98] Leerlinge word na die nywerhede, firmas, uitstallings, opvoerings en dies meer geneem om eerstehandse inligting aan= gaande beroepsarbeid op te doen.

In Keulen bestaan verskeie voorligtingsdienste wat elkeen 'n outonome bestaan het en heeltemal onafhank= lik van die onderwys funksioneer. Ten spyte van onderlinge skakeling is daar van 'n hulpdiens *uit=*

96) RGN. Verslag no.0-1, *op. cit.*, p. 42.

97) *Ibid.*, p. 50.

98) SEKRETARIAT DER KMK (BRD). *Kulturpolitik der Länder 1971-1972*, p. 80.

*sluitlik* vir die onderwys geen sprake nie. "Hierdie parallelle bestaan bemoeilik uit die aard van die saak verdere beplanning vir èn die onderwys as geheel èn die verskillende voorligtingsdienste."[99)]

Met die uitsondering van die Arbeidsburo is die enigste bestaande hulpdiens vir die onderwys in Hannover die Skoolpsigologiese Diens wat reeds in 1957 ingestel is[100)] met die oog op die verbetering van kansegelykheid in die onderwys. Voorligting is aan onderwysers, ouers en leerlinge gegee insake onderwysinrigtings, onderwysrigtings, opleidingsmoontlikhede, die oor- of omskakeling van die een skool of kursus na 'n ander, die interne differensiasie in 'n bepaalde skool, en dies meer. Dit wil egter voorkom asof hierdie diens nie naastenby aan die behoefte kan voldoen nie.

Die aard en omvang van die voorligtingsdienste, soos wat dit deur enkele *Länder* geïmplementeer word, verskil van mekaar. Die stelsel vir onderwys- en opvoedingsvoorligting in Baden-Württemberg[101)] is beperk in omvang, terwyl dié van Wes-Berlyn[102)] tot onlangs hoofsaaklik op voorligting ten opsigte van suiwer didaktiese aangeleenthede toegespits was. In Bremen[103)] bestaan daar ook 'n skoolsielkundige diens wat onder andere voorligting in verband met skool=

99) BEUKES, *op. cit.*, p. 26.

100) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, pp. 103-104.

101) *Ibid.*, p. 18.

102) *Ibid.*, p. 66.

103) *Ibid.*, p. 86.

loopbane aan ouers, onderwysers en leerlinge gee. In 1973 is daar begin met die afneem van aanlegtoetse van leerlinge aan die *Grundschulen* en *Gymnasien*.

Hamburg se *Schülerhilfe*[104] is meer op individuele hulp ingestel en hou hom met diagnostiese sowel as terapeutiese take besig, terwyl Hessen[105] weer weinig aandag aan individuele voorligting bestee. In Rynland-Pfalz[106] is in 1972 'n aantal basiese riglyne vir die skoolsielkundige diens neergelê wat voorsiening maak vir nuwe ontwikkelinge op die gebied van voorligting. Daar is beoog om voorligtings=buro's op plaaslike vlak in te stel en verder om alle opvoedkundige hulpdienste in die *Land* te koör=dineer by wyse van 'n werkgemeenskap waarvan alle skoolpsigoloë van die betrokke *Land* lede moet wees.

Die *Bildungsgesamtplan* van 1973 het die toenemende differensiëring en individualisering in die onderwys as motivering vir die instelling van 'n omvattende voorligtingstelsel aangevoer; trouens, die *Struktur=plan* van 1970 het om dieselfde rede alreeds aange=dring op vakkundige voorligting op skool wat sal by=dra tot die ontplooiing van die kind se persoonlik=heid en terselfdertyd aan hom beter beroepskanse sal bied.[107] Voorligting moet tot die beskikking van die ouers, leerlinge en onderwysers wees en be=

104) BUNDESREGIERUNG (BRD). *Bildungsbericht '70*, p. 58.

105) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, p. 122.

106) *Ibid.*, p. 189.

107) DEUTSCHER BILDUNGSRAT. *Strukturplan*, p. 91.

hoort oor al die fases vanaf die voorskoolse vlak tot en met verdere onderwys te strek. 'n Voorligtings=diens vir die tersiêre vlak is ook noodsaaklik.[108)]

Skoolloopbaanvoorligting moet voorsiening maak vir voorligting ten opsigte van

* die verskillende skooltipes,
* die verskillende kursusse wat geneem kan word,
* geskikte vakkombinasies,
* die finansiële implikasies van skool-, kursus- en vakkeuses en
* die sertifikate waartoe skool-, kursus- en vakkeuses lei.

Beroepskeusevoorligting moet voorsiening maak vir voorligting ten opsigte van

* die beroepskeuse-implikasies van sekere skool-, kursus- en vakkeuses,
* die toelatingsvereistes tot sekere be=roepe,
* die sosiale en maatskaplike implikasies van beroepsbeoefening, sowel as
* die ekonomie en die stand van die arbeids=mark.[109)]

108) BUND-LÄNDER-KOMMISSION FÜR BILDUNGSPLANUNG. *Bildungsgesamt=plan*, Band I, p. 79.

109) BEUKES, *op. cit.*, pp. 74-75.

Universiteitsvoorligting is bedoel om aan leerlinge in die senior sekondêre fase (*Sekundarstufe II*), asook aan voornemende en reeds ingeskrewe studente, voorligting te gee ten opsigte van die studierigtings wat aan universiteite of ander tersiêre inrigtings aangebied word. Voorligting word ook gegee aan stu= dente wat van kursus wil verander of 'n kursus wil staak.[110] Daar bestaan egter nie 'n sentrale uni= versiteitsvoorligtingsdiens nie. Beroepsvoorligting en studievoorligting skakel so nou met mekaar dat 'n organisatoriese reëling in dié verband getref moes word. Dit het meegebring dat albei dienste in een sentrale voorligtingskantoor op die kampusse van universiteite saamgetrek moet word. Só 'n reëling sal sowel die universiteite as die plaaslike regerings en die betrokke Departement van Arbeid raak.[111]

Aan die hoof van hierdie nuwe voorligtingsdiens staan die Ministerie van Onderwys van die betrokke *Land* en die skoolraad as administratiewe en toesighoudende instansies. Die skoolraad is in bevel van 'n hoof= kantoor en beskik oor administratiewe en uitvoerende gesag. Daar is nog 'n verdere verdeling in streeks- en plaaslike kantore, elk met slegs uitvoerende ge= sag.[112]

Onderwysvoorligting word deur voorligtingonderwysers, wat deur skoolpsigoloë bygestaan word, behartig.

110) *Ibid.*, p. 65.

111) *Ibid.*, p. 67.

112) *Ibid.*, p. 75.

Die beroepsvoorligter is nie in diens van die onder=
wys nie maar in diens van die Departement van Arbeid.[113]
Omdat skoolvoorligting 'n omvattende terrein beslaan
en onder andere algemene groepsvoorligting, indivi=
duele voorligting, individueel-psigologiese voorlig=
ting en skool- en onderwysersvoorligting insluit,
word daar ten opsigte van hierdie twee persone 'n
baie duidelike verdeling van werksaamhede gemaak.[114]
Aangesien die skoolvoorligtingsdiens van Wes-Duits=
land nog 'n heel resente ontwikkeling is, bestaan
daar tans nog geen duidelikheid oor wat die oplei=
ding van voorligteronderwysers alles moet behels nie.
Sekere minimum-vereistes word egter gestel, soos by=
voorbeeld dat hulle as vakonderwysers goed onderlê
moet wees, 'n grondige studie van Psigologiese Opvoed=
kunde moet maak en 'n basiese kennis van die ander
Opvoedkunde dissiplines moet hê. Besondere waarde
word aan praktiese opleiding en indiensopleiding
geheg.[115]

Hierdie nuwe voorligtingstelsel, soos deur die *Bil=
dungsgesamtplan* voorgestel, is alreeds deur enkele
*Länder* geïmplementeer. Die verwagting is dat dit
teen 1985 dwarsdeur die BRD ingestel sal wees. Dit
skyn of hierdie stelsel baie moontlikhede inhou,
maar die werklike doeltreffendheid daarvan sal eers
ná die volle implementering gepeil kan word.

113) BUND-LÄNDER-KOMMISSION, *op. cit.*, p. 80.

114) BEUKES, *op. cit.*, p. 57.

115) *Ibid.*, pp. 62, 78.

## 6.8 INDELING VAN DIE SKOLESTELSEL IN SKOOL=TIPES

### 6.8.1 Inleiding

Die skolestelsel word ingedeel in verskillende skool=tipes en skoolfases. Daar is 'n duidelike onderskeid tussen skole vir algemeen-vormende onderwys en dié vir beroeps- en beroepsgerigte onderwys. 'n Indeling volgens *skooltipes* sien soos volg daar uit:

* Die *Kindergarten* en *Schulkindergarten* (pre-primêre skool)
* die *Grundschule* (primêre skool),
* die *Hauptschule* (algemene sekondêre skool tot die negende of tiende klas),
* die *Realschule* (tegniese sekondêre skool),
* die *Gymnasium* (akademiese sekondêre skool),
* die *Gesamtschule*(komprehensiewe sekondêre skool),
* die *Ganztagschule* (sekondêre skool op 'n heeldagbasis),
* die beroepsgerigte skole, waaronder
    * ** die *Berufsschule* (deeltydse skool vir algemeen-basiese beroepsoplei=ding),

** die *Berufsfachschule* (beroepsvakskool),

** die *Berufsaufbauschule* (aanvullende skool vir 'n beroepskool),

** die *Fachoberschule* (gevorderde vak=skool),

** die *Technische Gymnasium* (tegniese gimnasium) en

** die *Fachschule* (voltydse tegniese kollege).

* 'n Verskeidenheid skole vir buitengewone onderwys (*Sonderschulen*) word ook aange=tref.[116)]

Die skolestruktuur bestaan uit verskillende skoolfases wat volgens die ouderdomme van die leerlinge ingedeel word en een of meer skooltipes kan insluit. Dit verseker opleiding op 'n gemeenskaplike grondslag met gedifferensieerde opleidingsmoontlikhede. Dit maak ook die oorskakeling (*Durchlässigkeit*) tussen die skooltipes moontlik. Daar word tussen die volgende skoolfases onderskei:

* die pre-primêre fase,
* die primêre fase (skooljare 1 tot 4),
* die oriënteringfase (skooljare 5 tot 6),

116) KULTUSMINISTERIUM RHEINLAND-PFALZ, *op. cit.*, pp. 8-10; BEHÖRDE FÜR SCHULE, JUGEND UND BERUFSBILDUNG - AMT FÜR SCHULE. *Schulgesetz der freien und Hansestadt Hamburg*, pare. 7-20, p. IV-VI.

* die junior sekondêre fase of *Sekundarstufe I* (skooljare 7 tot 10) en
* die senior sekondêre fase of *Sekundarstufe II* (skooljare 11 tot 13).

Die oriënteringsfase, in der waarheid die eerste twee klasse van die *Sekundarstufe I*, het as doel om die leerling met sy vakkeuse behulpsaam te wees. Dit kan aan 'n skooltipe verbonde wees of heeltemal onaf= hanklik daarvan staan.[117)]

### 6.8.2 Algemeen-vormende onderwys

#### 6.8.2.1 Die *Kindergarten* en *Schulkindergarten* (pre-primêre skole)

Kleuteronderwys vorm nie in Wes-Duitsland 'n wetlik-erkende deel van die skolestelsel nie en die Minis= terie van Onderwys van die onderskeie *Länder* het ook geen seggenskap daaroor nie. Voorskoolse onderwys is nie die direkte verantwoordelikheid van die onder= wysdepartemente as sodanig nie, dit wil sê dit word nie hoofsaaklik deur die Staat voorsien nie maar hoofsaaklik deur plaaslike besture, naamlik munisipa= liteite, kerklike instansies en liefdadigheidsinstel= lings, nywerheids- en handelsliggame (70 persent) of deur private individue.[118)] Kindertuine wat deur

117) KULTUSMINISTERIUM RHEINLAND-PFALZ, *op. cit.*, p. 9;
BEHÖRDE FÜR SCHULE, JUGEND UND BERUFSBILDUNG - AMT FÜR SCHULE, *op. cit.*, p. VI.

118) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 75;
MALLINSON, *op. cit.*, p. 164.

plaaslike of liefdadigheidsinstellings gefinansier word, ontvang 'n subsidie van die *Länder* of van die plaaslike beheerliggame. Gewoonlik ontvang kinder=tuine onder ander as plaaslike beheer geen geldelike steun nie.[119] Kleuteronderwys ressorteer onder die Departement van Jeugaangeleenthede (*Landsjugend=ämter*) en word as 'n sosiale aangeleentheid beskou.[120]

Daar word tussen die *Kindergarten* vir nie-skoolplig=tige kinders onder die ouderdom van ses jaar en die *Schulkindergarten* vir skoolpligtiges onderskei. Die kindertuine vir voorskoolse kinders is nie verplig=tend nie en is meestal onafhanklike inrigtings wat nie aan 'n *Grundschule* gekoppel is nie. Sommige van die kindertuine maak deel uit van gemeenskapshuise (*Nachbarschaftshäuser*) en andere van semi-kosskool=inrigtings (*Kindertagesheime*) vir drie- tot vyftien=jariges.[121] Die aanvraag vir akkommodasie oorskry tans die aanbod veral omdat al hoe meer getroude vroue tot die arbeidsmark toetree. Dit word ook algemeen erken dat groepaktiwiteite vir drie- tot sesjariges uiters belangrik is omdat dit bydra tot 'n hoër mate van skoolgereedheid. Die *Bund*- en *Land*-regerings stel dan ook in 'n toenemende mate belang in die voorsiening en instandhouding van hierdie skole, asook in die verbetering van die opleiding van onder=wyseresse vir voorskoolse onderwysinrigtings. Die

119) UNESCO. *Organisation of pre-primary education*, p. 133.

120) TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. *Verslag van 'n sending na oorsese lande in verband met kleuteronderwys*, p. 34.

121) UNESCO, *op. cit.*, p. 133.

groter belangstelling in voorskoolse onderwys het daartoe gelei dat 'n meer beplande werkwyse gevolg word ten einde 'n stewige grondslag vir die primêre onderwysfase te lê. Alhoewel daar nog geen formele en stelselmatige onderrig in die drie R'e gegee word nie[122] is al hoe meer vyfjariges skoolgereed.[123]

Bywoning van kindertuine is nie gratis nie. Ouers moet nagenoeg 50 tot 60 persent van die onkoste by wyse van skoolgeld delg.[124]

Daar word oor die algemeen in die kindertuine onder=wys volgens die opvoedkundige beginsels van Fröbel verskaf. Slegs enkele uitgesproke Montessori-kindertuine kom voor.[125] Voorkeur word gegee aan kleiner skole wat ongeveer 60 tot 80 kleuters kan akkommodeer; indien die getal kinders 120 oorskry, word hulle liefs in afsonderlike eenhede ingedeel. Die minimum aantal leerlinge per skool word op onge=veer 30 leerlinge gestel.[126] Besonder goed-opge=leide personeel (gewoonlik een onderwyseres vir elke 20 kleuters en een helpster vir elke twee onderwyse=resse) sorg vir die daaglikse onderwysprogram wat

122) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, p. 19.

123) HEARNDEN, A. *Education, culture and politics in West Germany*, p. 75.

124) OOSTHUIZEN, J. H. C. *Verslag van die komitee vir gedifferen=sieerde onderwys en voorligting insake 'n nasionale pre-primêre opvoedingsprogram vir die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika;* deel II, p. 30.

125) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, p. 20.

126) OOSTHUIZEN, *op. cit.*, p. 34.

4 uur duur. In 1971 was daar ongeveer 15 000 kinder=tuinonderwyseresse in die BRD wat daarop neerkom dat daar in die praktyk 30 leerlinge vir elke onderwyseres was.[127)] Die meeste skoolprogramme maak voorsiening vir musiek, liggaamsoefening, 'n verskeidenheid hand=vaardigheidsaktiwiteite, taalontwikkeling, verbeel=dingspel en vrye spel.[128)] Daar is nog geen sprake van differensiasie in hierdie skole nie.[129)] Die toelatingsvereiste tot die tweejarige opleidingskur=sus vir kleuterskoolonderwyseresse is die eindserti=fikaat van die *Realschule*. Na die suksesvolle vol=tooiing van die opleidingskursus word die onderwysers=diploma uitgereik nadat kandidate vir 'n jaar lank praktiese ervaring in kleuterskole opgedoen het.[130)]

'n Besondere tipe van voorskoolse onderwys is die skool=kindertuine (*Schulkindergärten*) waar kinders wat reeds skoolpligtig maar nog nie skoolgereed is nie, skool=gereed gemaak word. Die *Schulkindergarten* vorm 'n geïntegreerde deel van die *Grundschule* en is aan staatstoesig onderworpe omdat dit in hierdie inrig=tings om die belange van reeds skoolpligtige leer=linge gaan.[131)] Feitlik alle skoolkindertuine word gestig, beheer en in stand gehou deur die *Länder* of deur plaaslike besture of deur albei.

127) SIEBERT, *op. cit.*, p. 88.

128) *Ibid.*, pp. 42, 51.

129) DEUTSCHER BILDUNGSRAT, *op. cit.*, p. 72.

130) OOSTHUIZEN, *op. cit.*, p. 57.

131) BUND-LÄNDER-KOMMISSION. *Bildungsgesamtplan*; Band I, p. 3; BUNDESREGIERUNG (BRD). Statistiches Bundesamt, *op. cit.*, p. 323.

In 1975 was die totale aantal *Schulkindergärten* en die *Vorklassen* aan *Grundschulen* (met inbegrip van die inrigtings vir liggaamlik geremdes) in die BRD 3 174, het 88 371 kinders diê skole besoek en was 4 830 onderwysers en hulponderwysers by die onderrig betrek. Noordryn-Wesfale het die meeste *Schulkin=dergärten* gehad, naamlik 'n totaal van 1 013, met 22 790 kinders en 1 309 onderwysers.[132)]

Wat onderwyshervormings op elementêre vlak aanbetref, het die *Bildungsbericht '70*[133)] voorgestel dat daar vir alle drie- en vierjariges voorsiening gemaak moet word vir voorskoolse opleiding en dat verpligte "skool"-besoek[134)] op die ouderdom van vyf in plaas van ses jaar ingestel moet word. Hiervoor moes ge=paste programme en onderwysersopleiding ingevoer word.

Volgens die *Bildungsgesamtplan* (1973)[135)] word onder elementêre onderwys "...alle Institutionen familiener=gänzender Bildung und Erziehung nach Vollendung des dritten Lebensjahres bis zum Beginn der Schule" ver=staan. 'n Duidelike onderskeid word verder tussen die drie- tot vierjariges en die vyfjariges gemaak. Laasgenoemde groep kan òf in die elementêre òf in die primêre fase geakkommodeer word.[136)] Hierdie nie-

132) BUNDESREGIERUNG (BRD), *op. cit.*, p. 326.

133) KING, *et. al.*, *op. cit.*, p. 8.

134) HÖHNE, *op. cit.*, p. 42. Hier word gewys op die ontstaan van die nuwe begrip *Bildungspflicht* wat in hierdie verband onderskei moet word van *Schulpflicht*.

135) ROTH, *op. cit.*, p. 67.

136) BUND-LÄNDER-KOMMISSION. *Bildungsgesamtplan*; Band I, p. 18.

verpligte onderwys moet dermate uitgebrei word dat alle drie- en vierjarige kinders wie se ouers dit verkies in skole opgeneem kan word (vgl. tabel 6.3). Daar moet ook maatreëls getref word om liggaamlik geremde en verstandelik gestremde, sowel as milieugedepri= veerde kinders so vroeg en doeltreffend as moontlik te betrek. Die aantal kinders per kleuterskool moet aansienlik verminder word sodat daar genoeg speel= ruimte kan wees.[137)] Dit word bereken dat daar teen 1985 slegs 17 kleuters per onderwyseres sal wees (vgl. tabel 6.4) en dat 70 persent van alle drie- tot vierjariges en alle vyfjariges (vgl. tabel 6.5) in 'n kleuterskool opgeneem sal kan word. Om hieraan te voldoen moet daar aan die volgende sake aandag geskenk word:[138)]

* Die vermeerdering van die aantal *Kinder= gärten* en *Sonderkindergärten* vir gestremdes, met inagneming van streeks- en sosiale prioriteite.

* Die kwantitatiewe en kwalitatiewe verbe= tering van die personeelposisie.

* Die verbetering van fisiese geriewe.

* Die hersiening van die leerinhoud met meer klem op die fisiese, geestelike, emosionele en sosiale ontwikkeling van die kind.

137) *Loc. cit.*:
ROTH, *op. cit.*, p. 68;
BEUKES, *op. cit.*, p. 40.

138) ROTH, *op. cit.*, pp. 68-69.

* Die hersiening van die bevoegdhede van be= heerliggame en van finansieringsmetodes.

TABEL 6.3

TEENSWOORDIGE EN BEPLANDE AANTAL KINDERTUINPLEKKE (AKKOMMODASIE) VIR DRIE- EN VIERJARIGES[139)]

| JAAR | AANTAL "PLEKKE" | PERSENTASIE VAN TOTALE AAN= TAL DRIE- EN VIERJARIGES |
|---|---|---|
| 1970 | 543 000 | 27 |
| 1975 | 750 000 | 52 |
| 1980 | 954 000 | 70 |
| 1985 | 990 000 | 70 |

TABEL 6.4

ONDERWYSER-KINDVERHOUDING VIR DRIE- EN VIERJA= RIGES[140)]

| JAAR | KINDERS PER ONDERWYSER |
|---|---|
| 1970 | 20 |
| 1975 | 18 |
| 1980 | 17 |
| 1985 | 17 |

Wat die inrigtings vir vyfjariges betref, het die *Bildungsgesamtplan* ook met bepaalde hervormings voren=

139) BUND-LÄNDER-KOMMISSION, *op. cit.*, p. 9;
HÖHNE, *op. cit.*, p. 38.

140) ROTH, *op. cit.*, p. 68.

dag gekom. Aangesien daar groot meningsverskille bestaan oor die vraag of vyfjariges verplig moet word om óf elementêre óf primêre onderwys te ontvang, bied hierdie plan nou drie alternatiewe. Die alternatiewe planne word in tabel 6.5 uiteengesit.[141)]

TABEL 6.5

ALTERNATIEWE INDELING VAN VYFJARIGES

| | 1970 | 1975 | 1980 | 1985 |
|---|---|---|---|---|
| *Alternatief I* | | | | |
| Vyfjariges | | | | |
| * In elementêre fase | 53,4** | 60 | 35 | - |
| * In primêre fase | 0,9 | 10 | 50 | 100 |
| *Alternatief II* | | | | |
| * In elementêre fase | 53,4 | 60 | 55 | 40 |
| * In primêre fase | 0,9 | 5 | 30 | 60 |
| *Alternatief III* | | | | |
| In elementêre fase | 53,4 | 60 | 85 | 100 |

** Persentasie van totale aantal vyfjariges

Met betrekking tot die onderwysvoorsiening aan vyfja= riges word die volgende doelstellings voor oë gehou:

141) BUND-LÄNDER-KOMMISSION, *op. cit.*, p. 21;
DEUTSCHER BILDUNGSRAT. *Bericht '75*, p. 59;
BEUKES, *op. cit.*, p. 41.

* Dit moet so beplan word dat onderwysinrig= tings uiteindelik alle vyfjariges sal kan huisves.

* Die uitbouing van die inrigtings vir vyf= jarige kinders mag nie daartoe lei dat die leerinhoud en metodes van die huidige eerste klas van die *Grundschule* bloot met een jaar vervroeg word nie. Geskikte curricula moet vir vyfjariges ontwikkel word. Daar moet ook noue samewerking wees tussen ouers, kinders, onderwysers en ower= hede.

* Die onderwyser-leerlingverhouding moet ver= beter (vgl. tabel 6.4). Die aantal vyf= jariges per klas aan die *Grundschule* moet teen die volgende tempo verander:

| 1970 | 1975 | 1980 | 1985 |
|---|---|---|---|
| 37 | Van 33 tot 30 | Van 25 tot 22 | Van 23 tot 19 |

* Die kinders moet in die elementêre fase voor= berei word vir die komplekser verstandelike aktiwiteite wat in die primêre fase volg.

* Voornemende onderwysers moet die geleent= heid ontvang om tydens hulle basiese oplei= ding ook in die onderwys vir vyfjariges te spesialiseer.[142)]

142) BUND-LÄNDER-KOMMISSION, *op. cit.*, p. 20; DEUTSCHER BILDUNGSRAT, *op. cit.*, p. 60; BEUKES, *op. cit.*, pp. 41-42.

PLAAT 6.3

*KINDERGARTEN* - VOORBEREIDING VIR DIE LEWE[143)]



'n Navorsingsgroep onder leiding van Friedrich Sauter het 'n vyfjaar-projek geloods aan twee skole waar ongeveer 80 persent van die leerlinge uit die laer of laer-middelklas afkomstig was. Hierdie navor= singsgroep het bevind dat die kinders besondere baat by die pre-primêre onderrig gevind het, veral op kog= nitiewe en taalgebied. Die minderbegaafdes is daardeur beter toegerus vir die eerste jaar van die *Grundschule* en dit het ook aansienlike invloed op hulle skoolprestasie gehad. Die kinders se aandag en kon= sentrasievermoë is ook aansienlik verbeter. 'n Her= vorming van die *Grundschule* om vir 'n voorbereidende

143) ANON. Frühe Erziehung zum mündigen Bürger. *Deutsche Zeitung*, Nr. 12/13. 24. März 1978, p. 31.

klas voorsiening te maak, blyk volgens hierdie navor= singsresultate noodsaaklik te wees.[144)]

Dit bly egter steeds 'n ope vraag of inrigtings vir vyfjariges vrywillig of verpligtend gemaak moet word. Ook hoedanig die verbintenis met die *Grundschule* presies moet wees bly 'n probleem.[145)] Dit is ook nog nie duidelik of vyfjariges die beste voordele sal trek uit die *Kindergarten*, uit 'n voorbereidende klas *(Vorklasse)* of uit 'n selfstandige beginfase nie.[146)]

### 6.8.2.2 Die *Grundschule* (primêre skool)

Die *Grundschule*, wat die verpligte gemeenskaplike primêre vlak van die Wes-Duitse skolestelsel vorm en uit die tyd van die Weimar-Republiek dateer, word ook soms die *Volksschule*[147)] genoem en word deur elke *Land* na goeddunke geadministreer. Dit behels nor= maalweg die eerste vier skooljare. In Berlyn, Bremen en Hamburg is dit die eerste ses skooljare indien klasse 5 en 6 nie as oriënteringsvlak funk= sioneer nie.[148)]

144) GÖBEL, H. *ed.* Education and science in the Federal Republic of Germany. *Bildung und Wissenschaff*, no. 3-78(e), pp. 61-62.

145) ROTH, *op. cit.*, p. 72.

146) ANWEILER, *et. al.*, *op. cit.*, p. 44.

147) In sommige *Länder* is dit nog die geval dat die primêre fase nie los van die sekondêre fase (soos aangebied in die nie-selektiewe sekondêre skool, die *Hauptschule*) voorkom nie en dan as die *Volksschule* bekend staan. Dit bring mee dat baie kinders die hele tydperk van verpligte skoolbesoek aan een skool deurbring.

148) SEKRETARIAT DER KMK (BRD). *Das Bildungswesen in der BRD*, p. 8.

Skoolplig begin op sesjarige ouderdom. Dit word egter al hoe meer die neiging om vyfjariges ook by die primêre skoolbedrywighede te betrek.[149] In Hamburg sluit die *Grundschule* alreeds 'n verpligte *Vorklasse* en die *Schulkindergarten* in. Die *Eingangsstufe* (beginfase) behels die *Vorklasse* en die eerste klas van die *Grundschule* en is nog in die eksperimentele stadium [150] (vgl. figuur 6.7).

Voorstanders van die vierjaarplan voer aan dat ses jaar primêre onderwys die tydperk van sekondêre onder= wys in die huidige tyd van deeglike spesialisering onnodig verkort. In die stadstate soos Hamburg, Berlyn en Bremen, word die sesjaarplan aanbeveel van= weë die feit dat vier jaar primêre onderwys as te kort van duur beskou word, veral as dit in aanmerking geneem word dat 90 persent van die *Grundschule*-leer= linge met nie-akademiese opleiding voortgaan. Vol= gens die *Strukturplan* (1970) is die *Grundschule* egter nog 'n vierjaarskool vir leerlinge tussen die ouderdomme van 5 en 9 jaar. Hierna volg 'n oriënte= ringsfase (aan 'n sekondêre skool gekoppel) tussen die ouderdomme van 10 en 11 jaar met gelyke geleent= hede vir almal en met geen spesialisering van enige aard nie.[151]

In plattelandse distrikte met 'n verspreidwonende be= volking word daar nog primêre skole aangetref waar

149) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 76.

150) BEHÖRDE FÜR SCHULE, JUGEND UND BERUFSBILDUNG - AMT FÜR SCHULE, *op. cit.*, par. 7, p. IV.

151) MALLINSON, *op. cit.*, p. 186.

kinders in groepklasse ingedeel word vir die onderrig van òf die eerste tot die agste òf die eerste tot die vierde en die vyfde tot die agste jaar van hulle skoolloopbaan. Hierdie situasie kom die afgelope jare al hoe minder voor.[152]

Die taak van die *Grundschule* word bepaal deur die plek wat dit in die skolestelsel inneem. Die primêre skool moet 'n goeie fondament vir verdere opleiding en onderwys lê met inagneming van die radikale verskille en belangstellings tussen leerlinge.[153] Dit moet dus basiese kennis en vaardighede op 'n gemeenskaplike grondslag oordra.

Gedurende die eerste vier skooljare word die leerlinge heterogeen, meestal volgens woongebiede, in die klasse gegroepeer.[154] Die onderwys is uitsluitlik klassikaal en gewoonlik koëdukatief. Dit is eers hierna, dit wil sê op ongeveer tienjarige ouderdom dat die leerlinge op grond van kursuskeuses en studierigting in homogene groepe geplaas word en differensiasie ter sprake kom.[155]

Die volgende doelstellings word gestel aan primêre onderwys, wat 'n geleidelike oorgang van die spelfase na 'n meer sistematiese werkwyse moet bewerkstellig:

152) KNOLL, J. H. *The German educational system*, p. 12.

153) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, p. 8.

154) KLAFKI, *et. al.*, *op. cit.*; Band I, p. 133.

155) RGN. Verslag no.O-1, *op. cit.*, p. 13;
SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, p. 24.

* Die kind moet tot selfontdekking, selfwerk=saamheid en die vermoë om in 'n groep saam te werk, gebring word.

* Die leerinhoud en -metode moet by elke individuele leerling se leermoontlikhede aangepas word. Dit impliseer die her=siening van die onderwyser-leerlingverhou=ding. Waar daar in 1970 ongeveer 37 leer=linge per onderwyser was, moet daarna ge=streef word om die aantal leerlinge per onderwyser in 1985 tot 23 (of 19) te ver=minder.

* Gewysigde curricula moet meehelp om reeds vroeg 'n wetenskaplik-analitiese denk- en werkpatroon by die leerlinge te vestig as voorbereiding vir die sekondêre skoolvlak. Sommige *Länder* het *Heimatkunde* (Omgewings=leer) alreeds met natuurwetenskaplike vakke vervang, terwyl daar in enkele gevalle, onder andere in Berlyn en Kassel, alreeds sedert 1967[156)] met die onderrig van 'n vreemde taal (Engels) vanaf die derde skool=jaar begin is.[157)]

Die onderrig omvat, benewens die inleidende onderrig in die lees en skryf van die moedertaal, ook die soge=naamde *Sachunterricht* (inhouds- en feitekennis) wat die grondslae moet lê vir vakke soos Sosiaalkunde,

156) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, p. 25.

157) BEUKES, *op. cit.*, p. 42.

Geskiedenis, Aardrykskunde, Biologie, Fisika en Che= mie wat later geneem sal word. Daarbenewens word Wiskunde, Geloofsleer (in Bremen Bybelgeskiedenis op algemeen Christelike grondslag), Musiek, Kuns, Handwerk en Liggaamlike Opvoeding onderrig[158] (vgl. tabel 6.6). Alle vakke is verpligtend.

TABEL 6.6
KLASROOSTER (PERIODES PER WEEK) VIR DIE *GRUND= SCHULE* (BEIERE)[159]

| | Klas 1 | Klas 2 | Klas 3 | Klas 4 |
|---|---|---|---|---|
| Godsdiensonderrig | 3 | 3 | 4 | 4 |
| Duitse taal } Sang } Omgewingsleer } Rekene | 16 | 18 | | |
| Duitse taal | | | 10 | 10 |
| Sang | | | 1 | 1 |
| Omgewingsleer | | | 4 | 4 |
| Rekene | | | 5 | 5 |
| Gimnastiek en Sport | 2 | 2 | 2 | 2 |
| Aanvullend vir dogters | | | | |
| - Naaldwerk | 2 | 2 | 3 | 3 |
| TOTAAL : vir seuns | 21 | 23 | 26 | 26 |
| vir dogters | 23 | 25 | 28 | 28 |

Kragtens art. 7(3)GG is Godsdiensonderrig 'n gewone leervak en vorm dit deel van die curriculum in die open= bare skole behalwe waar *Land*-wetgewings voor 1 Januarie

158) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, p. 8.

159) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, p. 152.

1949 anders bepaal het, soos byvoorbeeld in Berlyn en Bremen waar dit deur die verskillende kerkgenoot= skappe behartig word. Dit bly egter die reg van die ouers om te besluit of hul kinders die klasse in Godsdiensonderrig sal bywoon of nie. Onderwysers mag ook nie gedwing word om Godsdiensonderrig te gee nie.[160] Leerlinge wat die Godsdiensonderrigklasse nie bywoon nie moet (indien moontlik) gedurende daardie tyd onderrig in ander vakke ontvang.[161] Die gebruik om die skooldag met gebed te open is al= reeds in baie *Länder* afgeskaf (behalwe in die soge= naamde kerkskole).[162]

Die aantal onderrigperiodes in die *Grundschule* is in die aanvanklike fase 18 tot 21 per week en vermeerder geleidelik tot 26-28 periodes (vgl. tabel 6.6). Alhoewel die vyfdag-skoolweek byna oral reeds posgevat het, is daar nog skole wat die ou sesdag-skool= week handhaaf.[163]

In privaatskole moet

* die curriculum ooreenstem met dié van die staatskole,

* die onderwysers aan staatstandaarde vol= doen en

160) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 43.

161) BEHÖRDE FÜR SCHULE, JUGEND UND BERUFSBILDUNG - AMT FÜR SCHULE, *op. cit.*, par. 4, p. 111.

162) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 44.

163) *Ibid.*, p. 48.

* die rykdom van die ouers nie as 'n krite= rium vir toelating tot die skole dien nie.[164]

Daar kon geen afsonderlike gegewens vir die aantal *Grundschulen* en -leerlinge opgespoor word nie, maar statistiese gegewens is beskikbaar vir die *Grund-* en *Haupschule* gesamentlik (dit wil sê die *Volksschule)* (vgl. tabel 6.7).

TABEL 6.7

AANTAL *GRUNDSCHULEN* EN *GRUNDSCHUL*-LEERLINGE VANAF 1970 TOT 1976[165]

| JAAR | SKOLE | LEERLINGE |
|---|---|---|
| 1970 | 21 502 | 6 347 451 |
| 1971 | 20 470 | 6 476 721 |
| 1972 | 19 590 | 6 509 705 |
| 1973 | 18 601 | 6 499 638 |
| 1974 | 18 091 | 6 481 256 |
| 1975 | 18 107 | 6 425 217 |
| 1976 | 18 255* | 6 287 642 |

* Die daling in die aantal skole is toe te skryf aan 'n daling van die aantal gekombineerde *Grund-* en *Haupt=schulen*, sowel as 'n daling in die geboortesyfer.

In 1975 het Noordryn-Wesfale, hoofsaaklik 'n nywerheids= gebied, die meeste *Volksschulen* gehad, naamlik 4 970

164) MALLINSON, *op. cit.*, p. 184.

165) BUNDESREGIERUNG (BRD). Statistisches Bundesamt, *op. cit.*, p. 325.

met 1 760 333 ingeskrewe leerlinge. In dieselfde jaar was daar 'n totaal van 236 356 voltydse en deel=tydse onderwysers in die BRD aan *Volksschulen* ver=bonde, waarvan 62 350 in Noordryn-Wesfale werksaam was.[166]

Behalwe die gewone primêre skole is daar verskillende soorte spesiale skole vir liggaamlik geremdes en gees=telik gestremdes. Die *Hilfsschule* voorsien in die behoeftes van die leerlinge wat stadig vorder.[167]

Aan die begin van die sewentigerjare is daar besef dat onderwyshervorming nie slegs tot die sekondêre vlak beperk kan bly nie, maar dat die *Grundschule* ook 'n deeglike hervormingsprogram benodig. Tot op daardie stadium was daar geen hulp vir kinders wat deur hulle sosiale herkoms en huislike taalmilieu benadeel is nie.[168] Verskeie *Länder* het met omvat=tende curriculum-hervormings vorendag gekom. Daar is veral gelet op die modernisering van die leerstof.[169] Sekere sake het prioriteit geniet, soos byvoorbeeld die verbetering van die onderwyser-leerlingverhouding (1 : 19-23 in 1985). In 1973/74 het die onderwyser-leerlingverhouding in die BRD op 1:44 te staan gekom.[170]

166) *Ibid.*, p. 326.

167) RGN. Verslag no. O-1, *op. cit.*, p. 27.

168) FLITNER, A. *Brennpunkte gegenwärtiger Pädagogik*, pp. 47-48.


169) BUND-LÄNDER-KOMMISSION. *Bildungsgesamtplan*; Band I, p. 23; BUNDESREGIERUNG (BRD). *Bildungsbericht '70*, p. 42.

170) BUND-LÄNDER-KOMMISSION, *op. cit.*, p. 23.

Solank as wat dit nog nie wetlik verpligtend is dat vyfjariges 'n *Vorklasse* aan die *Grundschule* moet by=woon nie bestaan daar drie organisatoriese moontlik=hede wat beproef kan word. Hierdie drie modelle word in figuur 6.7 uiteengesit.

FIGUUR 6.7

STRUKTUURMODELLE VIR ELEMENTÊRE EN PRIMÊRE ONDERWYS[171)]




* Model 1 + 4 stel 'n eenjarige *Vorstufe* (eerste stap) aan 'n *Kindergarten* en daarna vier jaar primêre onder=wys aan 'n *Grundschule* òf 'n eenjarige *Vorklasse* (oriënteringsjaar) aan die *Grundschule* en nog 'n verdere vier jaar onderwys aan dieselfde skooltipe voor.

* Model 2 + 2 verteenwoordig 'n tweejarige beginfase plus 'n tweejarige primêre onderwysfase.

* Model 2 + 3 deel die primêre onderwys in 'n twee=jarige beginfase plus drie jaar primêre onderwys in.

171) DEUTSCHER BILDUNGSRAT. *Bericht '75*, p. 70.

### 6.8.2.3 Sekondêre skole

#### 6.8.2.3.1 *Algemeen*

Sekondêre skole in die BRD wat tot verdere onderwys lei (*weiterführende Schulen*) is tot onlangs ooreen=komstig hulle curricula en doelstellings in twee groepe verdeel, naamlik die algemeen-vormende en die beroeps- en beroepsgerigte skole. Die *Hauptschule* het eers in die sewentigerjare in die rigting beweeg van curriculumaanpassings wat verdere onderwys moont=lik sou maak. Die onderwyshervormings van die afge=lope dekade was daarop gemunt om hierdie skeiding tussen sekondêre skole wat nie meer verantwoord kon word nie uit te skakel.[172)]

#### 6.8.2.3.2 Die *Hauptschule* (algemene sekondêre skool tot die negende/tiende klas)

Soms vorm die *Hauptschule* 'n organisatoriese eenheid met die *Grundschule* en staan dan as die *Volksschule* bekend. In 1965 het die *Deutscher Ausschuss* voorge=stel dat die boonste vlak van die *Volksschule* as die *Hauptschule* bekend moet staan met die doel om die aansien van hierdie skooltipe te verhoog.[173)]

Soms word na die *Hauptschule* ook as die *Mittelschule* (intermediêre skool) verwys, alhoewel hierdie benaming meer op die *Realschule* van toepassing is. Dit impli=

172) BUNDESREGIERUNG (BRD). *Bildungsbericht '70*, p. 48.

173) ANWEILER, *et. al.*, *op. cit.*, p. 45.

seer tradisioneel 'n sekondêre skool wat op 'n hoër vlak is as die hoogste vlak van die primêre skool, maar ondergeskik is aan die meer akademiese *Gymnasium*. "However, in recent years the concept is of an *inter=mediary stage* in every child's development between the relatively simple work of the primary school and the more complex or differentiated part of the upper-secondary school."[174)]

Die bywoning van die *Hauptschule* is verpligtend vir alle leerlinge wat nie by een van die ander tipes se=kondêre skole ingeskryf is nie.[175)] Die *Hauptschule* is 'n sekondêre skool wat uit vyf klasse bestaan (klasse 5 tot 9), maar by die sesjaar-*Grundschule* of 'n self=standige oriënteringsvlak (soos byvoorbeeld in Berlyn, Bremen en Hamburg) uit drie klasse (klasse 5 tot 9) saamgestel is. Hierdie leerlinge tree in die reël ná die verwerwing van die eindsertifikaat tot die beroepslewe toe en sal tot die einde van hul beroeps=opleiding, maar minstens vir drie jaar lank, die *Berufsschule* besoek. Die *Hauptschule* is nou met die beroepsgerigte skoolwese verbonde.[176)]

174) KING, *et. al.*, *op. cit.*, p. 36.

175) BUND-LÄNDER-KOMMISSION, *op. cit.*, p. 4.

176) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, p. 9.
Vgl. ook SCHEUERL, H. *Die Gliederung des deutschen Schul=wesens*, pp. 24-34.

Die onderrig in sekere vakke soos byvoorbeeld Duits, vreemde tale (meestal Engels, maar soms Frans, soos in Saarland), Wiskunde, Fisika/Chemie, Biologie, Aardrykskunde, Geskiedenis, Sosiale Studie, Godsdiens=onderrig, Musiek, Kuns, Politiek en Staatsleer, Lig=gaamlike Opvoeding en in Bremen ook nog Huishoudkunde (vir dogters) en Ekonomie, is verpligtend vir alle leerlinge. Die vakgroeperinge verskil egter in die onderskeie *Länder*. Soms word Geskiedenis, Aardryks=kunde, Gemeenskapsleer, Biologie en Fisika onder die oorkoepelende vak *Sachkunde* of *Sachunterricht* geïn=tegreer. Hessen noem vakke soos Geskiedenis, Sosiale Studie en Aardrykskunde die *Weltkunde*. Noordryn-Wesfale groepeer Rekene, Meetkunde, Aardryks=kunde, Natuurwetenskap, Naaldwerk (vir dogters), Tekene en Handwerk onder die benaming *Lebenspraktischer Unterricht*. Eksperimente met betrekking tot geprogram=meerde onderwys vind al meer plaas, maar die beskik=baarheid van gepaste programme skep nog probleme.[177)]

Die onderrig in vreemde tale is 'n metode om te verse=ker dat die *Hauptschule* parallel met ander sekondêre skole kan bestaan sodat dit nie uiteindelik in 'n doodloopstraat beland nie.[178)] Daar word minstens in vakke soos Wiskunde en vreemde tale volgens presta=sie gedifferensieer om sodoende by die onderskeie leervermoëns van die leerlinge aan te pas en om kwa=lifiserende eindsertifikate te verkry wat verdere onderwys aan ander skole (soos die *Realschule*) moont=

177) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, pp. 30, 34.

178) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 80.

PLAAT 6.4

FISIKA-ONDERRIG IN DIE *HAUPTSCHULE*[179)]



lik maak.[180)] Die totale weeklikse onderrigtyd wis= sel tussen 30 en 33 periodes (van 45 minute elk),[181)] maar dit mag nie 34 periodes oorskry nie[182)] (vgl. tabel 6.8).

Ongeveer die helfte van die leerlinge gaan van die *Grundschule* of oriënteringvlak na die *Hauptschule*. In 1973 was 44,7 persent van die leerlinge in die sewen= de skooljaar in die *Hauptschule*.[183)] 'n Kenmerk van die *Hauptschule* tot aan die begin van die sewentiger= jare en wat veral deur die betrokke onderwysers be=

179) KÖPKE, *op. cit.*, p. 182.

180) ANWEILER, *et. al.*, *op. cit.*, p. 46.

181) RELLER *and* MORPHET, *op. cit.*, p. 43.

182) SEKRETARIAT DER KMK (BRD). *Handbuch für die KMK 1970*, p. 131.

183) BUNDESREGIERUNG (BRD). Statistisches Bundesamt, *op. cit.*, p. 48. ANWEILER, *et. al.*, *op. cit.*, p. 45.

TABEL 6.8

KLASROOSTER VIR DIE *HAUPTSCHULE* (SCHLESWIG-HOL=STEIN)[184]

| | 5 | 6 | 7 | 8 So=mer (Seuns) | 8 Win=ter (Seuns) | 9 (Seuns) | 8 So=mer (Dogters) | 8 Win=ter (Dogters) | 9 (Dogters) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Onderrigeenhede | | | | | 7 | 12 | | 7 | 11 |
| Godsdiensonderrig | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 1 | 2 | 2 | 1 |
| Duits | 6 | 6 | 5 | 5 | 4 | 4 | 5 | 4 | 4 |
| Engels | 4 | 4 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| Geskiedenis | 2 | 2 | 3 | 3 | 1 | | 3 | 1 | |
| Aardrykskunde | 2 | 2 | 2 | 2 | 1 | | 2 | 1 | |
| Biologie | 2 | 2 | 2 | 2 | 1 | | 2 | 1 | |
| Natuurleer, Fisika en Chemie | 1 | 1 | 2 | 2 | 1 | | 1 | | |
| Rekene en Meet=kunde | 4 | 4 | 5 | 4 | 3 | 3 | 4 | 3 | 3 |
| Tekene en Handwerk | 2 | 2 | 2* | 3* | 3* | 3* | 2 | 2 | 2 |
| Naaldwerk | (2) | (2) | (2) | | | | 2 | 2 | 2 |
| Huishoudkunde | | | | | | | 4 | 4 | 4 |
| Musiekonderrig | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| Liggaamlike Opvoeding | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 |
| | 30 (32)** | 30 (32)** | 30 (32)** | 30 | 30 | 30 | 34 | 34 | 34 |

* Waar die plaaslike omstandighede dit toelaat, mag bykomstige tyd aan vrywillige Handwerk afgestaan word.

** Vir dogters.

184) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, p. 153.

treur is, was die verskynsel dat al hoe meer "swak=ker" presteerders (met die uitsondering van landelike gebiede) die *Hauptschule* as "toevlugsoord" verkies het.[185] Die toename in die aantal *Realschulen* en *Gymnasien* het eers in 1972 daartoe gelei dat daar in die sewende jaargangsvlak meer *Realschul*-leerlinge as *Hauptschul*-leerlinge was[186] (vgl. figuur 6.8).

Sedert 1969 eindig die *Hauptschule* in al die *Länder* met die negende skooljaar sonder 'n bepaalde eindeksa=men. In 1973 het die skoolbywoning aan *Hauptschulen* 44,7 persent van die totale skoolbywoning in die BRD verteenwoordig,[187] en dié van die negende skooljaar 47,0 persent.[188] 'n Vrywillige tiende skooljaar is reeds in Berlyn, Noordryn-Wesfale, Rynland-Pfalz en Hamburg ingestel.[189]

In 1973 het 8 persent van die betrokke ouderdomsgroep (sestienjariges) die tiende *Hauptschul*-klas besoek. In Hamburg vorm die *Hauptschule* gewoonlik deel van die *Realschule*. Daar bestaan dan ook 'n sterk behoef=te aan oorkoepelende onderwysreëlings vir hierdie twee sekondêre skooltipes.[190]

Die sekondêre skooleindsertifikaat, die *Hauptschul=abschluss*, wat aan hierdie skool verwerf kan word,

185) SHAFER, SUSANNE M. *Op. cit.*, p. 48.

186) DEUTSCHER BILDUNGSRAT. *Bericht '75*, p. 87.

187) *Ibid.*, p. 429.


188) *Ibid.*, p. 434.

189) BEHÖRDE FÜR SCHULE, JUGEND UND BERUFSBILDUNG - AMT FÜR SCHULE, *op. cit.*, par. 9, p. IV.

190) *Loc. cit.*

FIGUUR 6.8

RELATIEWE SKOOLBYWONING: *HAUPTSCHULE - GYMNASIUM/ REALSCHULE* SEWENDE JAARKLAS 1963-73, BRD[191])




bied toelating tot 'n hele reeks beroeps- en beroeps=gerigte inrigtings.

Daar bestaan verder die moontlikheid dat leerlinge ná drie jaar aan die *Hauptschule* met behulp van aan=vullingsklasse of *Aufbauzüge* binne 'n tydperk van drie jaar dieselfde peil kan bereik as leerlinge wat 'n sesjaarkursus aan 'n *Realschule* of *Gymnasium* gevolg het. Leerlinge kan dan ná voltooiing van die *Auf=bauzug* direk tot die laaste drie jaar van die *Gymna=sium* toetree om vir die *Abitur* (universiteitstoela=tingseksamen) voor te berei. Daar word ook reeds in enkele *Länder* gedurende die afgelope aantal jare sodanig in die *Hauptschule* gedifferensieer dat leer=

191) DEUTSCHER BILDUNGSRAT. *Bericht '75*, p. 412.

linge in staat gestel word om na die verwerwing van die *Hauptschulabschluss* vir verdere akademiese oplei=ding aan te meld.[192] Met die nuwe indeling van die sekondêre skoolfase vorm die *Hauptschule* die af=sluiting van die junior sekondêre fase (*Sekundarstufe I*).[193] As gevolg van die verskillende vorms van differensiasie en studierigtingsmoontlikhede met kwalifiserende eindeksamens het daar 'n wyer spektrum van verdere opleidingsrigtings in die *Hauptschule* moontlik geword.[194]

Die besluit van die *Ständige Konferenz der Kultus=minister* (KMK) op 3 Julie 1969 het sekere aanbevelings rakende die *Hauptschule* aan die hand gedoen wat die karakter van hierdie skoolsoort in die daaropvolgende jare geleidelik sou verander van 'n blote verlenging van die primêre skool tot een van die sekondêre skole wat verdere onderwys moontlik maak. Die doel van hierdie skool is sodanig verbreed dat daar nie meer net op die voorbereiding vir toetrede tot die arbeidsmark gekonsentreer word nie, maar ook op die moontlikheid vir leerlinge om by die kulturele, poli=tieke en sosiale lewe in te skakel.[195]

#### 6.8.2.3.3 Die *Realschule* (tegniese skool)

Soos wat die naam aandui, streef die *Realschule* daar=

192) BEUKES, *op. cit.*, p. 8.

193) KULTUSMINISTERIUM RHEINLAND-PFALZ, *op. cit.*, par. 7(2), p. 9.

194) BUND-LÄNDER-KOMMISSION. *Bildungsgesamtplan*, Band I, p. 4.

195) SEKRETARIAT DER KMK (BRD). *Handbuch für die KMK 1970*, pp. 130-131.

na om 'n minder wetenskaplikgeoriënteerde opleiding as die *Gymnasium* te voorsien.[196] Die sekondêre skool, wat vroeër bekend gestaan het as die *Mittel=schule* (tussen die *Hauptschule* en *Gymnasium*), is 'n semi-akademiese intermediêre skool op hoë tegniese vlak wat die leerlinge tot en met die tiende jaar=klas voorberei.[197] Normaalweg omvat dit klasse 5 tot 10 (dus ses skooljare) of klasse 7 tot 10) (vier skooljare) mits 'n oriënteringsfase vooraf besoek is. Daar bestaan ook 'n "aanvullingsvorm", die *Aufbauform*, van drie klasse om leerlinge van die *Hauptschule* wat eers na die sewende skooljaar die *Realschule* wil be=soek op die verlangde standaard te bring. In Noord=ryn-Wesfale bestaan 'n vierjarige *Aufbauform* van die *Realschule*.[198]

Volgens die ooreenkoms van die Ministers van Onderwys op 17 Desember 1953 *(Beschluss Nr. 150)* word die doel van die *Realschule* soos volg uiteengesit:[199] Die leerlinge moet op die take en pligte van die praktiese lewe met sy verhoogde vakkundige ekonomiese en so=siale eise voorberei word. Die noodsaaklike alge=mene opvoeding en onderwys moet daarvoor voorsien word. Daarbenewens moet daar ook geskikte skoolop=leiding aan die opkomende geslag gegee word in prak=tiese beroepe soos Landbou, Handel, Handwerk, Nywer=

196) KÖPKE, *op. cit.*, p. 178.

197) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 82.

198) SEKRETARIAT DER KMK (BRD). *Das Bildungswesen in der BRD*, p. 10.
Vgl. ook SCHEUERL, H. *Die Gliederung des deutschen Schul=wesens*, pp. 35-44.

199) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, p. 36.

heidswese en Administrasie. Die opleiding vir vroueberoepe van 'n versorgende, sosiale, tegnies-kunstige en huishoudkundige aard moet ook aandag ge=niet. Dit kom dus daarop neer dat die *Realschule* die leerlinge voorberei vir take wat hoë eise stel wat betref selfstandigheid, verantwoordelikheid en leierskap in die oorwegend praktiese beroepe. Leer=linge word opgelei vir onmiddellike indiensneming na voltooiing van hulle kursusse, alhoewel sommiges hulle tog aanmeld vir verdere opleiding aan *Fach=schulen*.[200)]

Wat die onderrig betref, onderskei die *Realschule* hom van die *Hauptschule* deur die aanbieding van meer tale, naamlik twee vreemde tale, waarvan een (gewoon=lik Engels) verpligtend is, sowel as 'n grondiger ondersoek na die struktuur van die vakke.[201)] In 1970 het 27 persent van die leerlinge reeds 'n tweede vreemde taal as keusevak geneem.[202)] Vakke soos Ekonomie, Rekeningkunde, Snelskrif, Tik, Tegniese Tekene, Houtwerk en Metaalwerk word benewens die ge=wone verpligte vakke soos Wiskunde, Fisika/Chemie, as keusevakke aangebied. Daar is ook 'n toenemende mate van differensiasie volgens vermoë wat dit moont=lik maak om meer intensiewe onderwys aan te bied in vakke soos die Wiskunde, Fisika en Tegniese Tekene, veral in gevalle waar 'n oorplasing na die *Gymnasium* verlang word.[203)]

200) BEUKES, *op. cit.*, p. 8.

201) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, p. 10.


202) ANWEILER, *et. al.*, *op. cit.*, p. 46.

203) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 82.

Die weeklikse onderrigtyd beloop 30 tot 34 periodes. Dit styg naamlik van 29 tot 30 periodes in die vyfde skooljaar tot 32 - 34 periodes in die tiende skool=jaar.[204] Differensiasie word in drie verpligte keusevakgroepe vanaf die agste klas aangebied. Figuur 6.9 toon die vaste indeling in kernvakke en verpligte keusevakgroepe (*Wahlpflichtfächer*) in die skoolrooster vir die vierjaar - *Realschule* in Beiere skematies aan. Die onderwysdae is in die meeste skole die ses weeksdae, dog in die groot stede is die vyfdagwerksweek reeds algemeen in gebruik.[205]

FIGUUR 6.9

PERIODE-INDELING VIR DIE VIERJAAR - *REALSCHULE* IN BEIERE[206]




'n Gemiddelde van 17 persent van die leerlinge in die BRD het in 1973 die intermediêre eindsertifikaat (die *Mittlere Reife*) aan 'n *Realschule* verwerf. Hier=

204) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 47.

205) *Ibid.*, p. 48.

206) HITPASS, *et. al.*, *op. cit.*, p. 121.

die sertifikaat verleen toegang tot 'n inrigting vir gevorderde tegniese onderwys.[207] 'n Verdere twee=jaarstudie en die aflegging van 'n spesiale toelatings=eksamen is nodig om te kwalifiseer vir toelating tot 'n *Ingenieurschule*.[208] Hierdie sertifikaat stel die leerling ook in staat om aan 'n *Fachoberschule* of 'n *Fachgymnasium* verder te studeer.[209] Deur 'n *Auf=bauform* te volg kan *Realschul*-leerlinge toegang ver=kry tot die hoër klasse van die *Gymnasium* ten einde die *Abitur*-eksamen af te lê en die universiteitstoe=latingsertifikaat, die *Hochschulreife*, te verwerf.[210]

Die totale aantal leerlinge wat in 1975 in die BRD 'n *Realschul*-eindeksamen of 'n gelykwaardige eindeksa=men aan *Hauptschulen* met *Realschul*-klasse, asook *Abendrealchulen* (aandskole vir jongmense wat alreeds in een of ander beroep staan) afgelê het, was 178 424, waarvan 98 626 vroulik was.[211]

Sedert die totstandkoming van die BRD was daar 'n bui=tengewoon dinamiese uitbreiding in die leerlingge=talle van die skole in hierdie kategorie - ongeveer drie- en later viervoudig in die periode tot 1969, toe die verhouding van die dertienjarige-ouderdoms=groep in *Realschulen* op 18 persent te staan gekom het. Die relatiewe skoolbesoek in die BRD vir die negende

207) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 33.

208) BEUKES, *op. cit.*, p. 8.

209) BUNDESREGIERUNG (BRD). Statistisches Bundesamt, *op. cit.*, p. 323.

210) BUND-LÄNDER-KOMMISSION. *Bildungsgesamtplan*; Band I, p. 4; ROTH, *op. cit.*, p. 52.

211) BUNDESREGIERUNG (BRD). Statisches Bundesamt, *op. cit.*, p. 330.

skooljaar was in 1973 reeds 21,4 persent aan *Real=schulen* teenoor 21,5 persent aan *Gymnasien*.[212] As rede vir die vinnige opkoms van hierdie skooltipe word aangevoer dat die *Realschulen* vir baie ouers 'n meer aanvaarbare weg tot die vooruitgang van hulle kinders blyk te wees as die meer akademiese *Gymna=sium*. Hulle het die onderrig aan eersgenoemde skool beskou as 'n geskikte voorbereiding vir 'n groot aan=tal beroepe.[213] Volgens Shafer[214] skyn die *Real=schulen* in die groter Duitse stede in 'n toenemende mate hulle leerlinge uit die laer middelklas te trek, net soos die hoër middelklas al hoe meer van hulle kinders na 'n *Gymnasium* stuur. Tabel 6.9 gee 'n duidelike beeld van die konstante groei in die aantal *Realschulen* en -leerlinge vir die tydperk 1972 tot 1976. Die ontwikkeling van hierdie skole was egter heel verskillend in die onderskeie *Länder*, omdat sommige, soos byvoorbeeld Schleswig-Holstein, alreeds lankal met hierdie skooltipe bekend was en oor 'n groot aantal van hierdie skole beskik het, terwyl ander *Länder*, soos onder andere Beiere en Rynland-Pfalz, prakties eers ná die Tweede Wêreldoorlog met die opbou van hierdie skooltipe begin het.[215]

In 1975 was daar van die 2 344 *Realschulen* nie min=der nie as 540 in Noordryn-Wesfale en 408 in Baden-Württemberg geleë met onderskeidelik 12 220 en

212) DEUTSCHER BILDUNGSRAT. *Bericht '75*, p. 434.

213) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 82.

214) SHAFER, SUSANNE M. *Op. cit.*, p. 49.

215) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, p. 35.

TABEL 6.9

AANTAL *REAL-* EN *ABENDREALSCHULEN* EN -LEERLINGE, 1972 TOT 1976[216]

| JAAR | REALSCHULEN* | LEERLINGE | ABENDREALSCHULEN** | LEERLINGE |
|---|---|---|---|---|
| 1972 | 2 224 | 981 207 | 112 | 9 707 |
| 1973 | 2 252 | 1 043 575 | 121 | 11 140 |
| 1974 | 2 320 | 1 100 311 | 126 | 11 584 |
| 1975 | 2 344 | 1 147 217 | 122 | 11 617 |
| 1976 | 2 450 | 1 218 653 | 117 | 10 583 |

* Insluitende *Realschul*-klasse aan *Hauptschulen*.

** Aandskole vir werkende jongmense.

9 331 voltydse en deeltydse onderwysers in diens. Die totale aantal *Realschul*-onderwysers in die BRD vir 1975 was 47 703.[217]

Met die nuwe indeling in skoolfases eerder as skool=tipes maak die *Realschule* deel uit van die *Sekondar=stufe I* (junior sekondêre fase) en is die eindeksamen dienooreenkomstig aangepas.[218]

### 6.8.2.3.4 Die *Gymnasium* (akademiese skool)

Die *Gymnasium* , die tradisionele akademiese skool in Wes-Duitsland, berei die leerlinge voor vir verdere studie aan 'n universiteit of *Hochschule*. Gewoonlik

216) BUNDESREGIERUNG (BRD). Statistisches Bundesamt, *op. cit.*, p. 325.

217) *Ibid.*, p. 326.

218) KULTUSMINISTERIUM RHEINLAND-PFALZ, *op. cit.*, par. 7(3), p. 9.

word slegs daardie leerlinge wat die Duitse taal mag=tig is, toegelaat.[219]

Die doel van die *Gymnasium* is om die geestelike, ver=standelike en liggaamlike vermoëns van die jeug te ontplooi. Die leerlinge moet op die grondslag van die Christelik-Westerse kultuur sodanig opgevoed word tot mense met 'n gesonde oordeelsvermoë en 'n verantwoordelikheidsbesef teenoor hulleself, die medemens en die gemeenskap. Daar moet aan die leer=linge die nodige kennis en vaardighede oorgedra word om hulle tot selfstandige geestesaktiwiteite in staat te stel. Die opvoedingswerk moet die hele mens in=sluit en daarom moet daar ook gesorg word vir die nodige liggaamsaktiwiteite.[220]

Die woord *Gymnasium* is 'n versamelnaam vir alle alge=meen-vormende sekondêre skole wat tot die dertiende klas lei. Die dertiende jaarklas sluit af met die skooleindeksamen (*Abiturprüfung*) wat aan die sukses=volle kandidate universiteitstoelating (*Hochschulreife*) verleen. Die eindsertifikaat van sekere *Gymnasien* verleen toegang tot alle studierigtings (*allgemeine Hochschulreife*), terwyl die eindsertifikate van ander *Gymnasien* slegs toegang verleen tot bepaalde vakrigtings of vakkombinasies by tersiêre onderwys=inrigtings (*fachgebundene Hochschulreife*). Verskil=lende studierigtings word in *Gymnasien* aangebied. *Gymnasien* kan hulle toelê op een of meer van die vol=

219) BAYERISCHES STAATSMINISTERIUM FÜR UNTERRICHT UND KULTUS. *Schulordnung und Ausführungsbestimmungen für die Gymnasien in Bayern*, p. 12.

220) *Ibid.*, Abschnitt I, p. 9.

gende kursusse: die natuurwetenskappe, die sosiale wetenskappe (veral in Beiere), die klassieke tale, die moderne tale, die ekonomiese wetenskappe (veral in Baden-Württemberg) óf die musiek. Ander *Gymnasien* het weer 'n sterk landboukundige (veral in Baden-Württemberg en Nedersakse), huishoudkundige of tekstieltegniese inslag.[221)]

Die kursusse aan die *Gymnasium* duur gemiddeld nege jaar (klasse 5 tot 13). In sommige gevalle duur dit slegs sewe jaar (klasse 7 tot 13).[222)] Daar word van 'n *Unterstufe* (klasse 5 tot 6), 'n *Mittelstufe* (klasse 7 tot 10) en 'n *Oberstufe* (klasse 11 tot 13) gepraat. Die een fase moet nie net dien as 'n voorbereiding vir die volgende fase nie. Dit moet 'n eie karakter en aard openbaar wat van die ander fases verskil.[223)] Die *Oberstufe* verskil in die onderskeie *Länder* wat die vorm daarvan betref ook van mekaar.

Die feit dat die leerlinge gedwing word om betreklik vroeg 'n keuse van sowel die skooltipe as die studierigting te maak, lewer ernstige probleme vir leerlinge wat stadig ontwikkel (die sogenaamde *Spätentwickler*), dit wil sê daardie leerlinge wie se aanleg en vermoëns in die tiende lewensjaar (wanneer die sekondêre fase bereik word) nog nie bepaal kan word nie. Die *Deutscher Ausschuss* het derhalwe die in=

221) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 85.
Vgl. ook SCHEUERL, H. *Die Gliederung des deutschen Schulwesens*, pp. 44-53.

222) SEKRETARIAT DER KMK (BRD). *Das Bildungswesen in der BRD*, p. 11.

223) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, p. 47.

stelling van die oriënteringsfase (wat die vyfde en sesde skooljaar, dit wil sê die *Unterstufe* insluit) bepleit om sodoende die keuse met twee jaar uit te stel.[224] Die *Bildungsrat* streef verder daarna om bestaande curriculumverskille tussen die *Hauptschule*, *Realschule* en *Gymnasium* op die junior sekondêre vlak, naamlik *Sekundarstufe I*, deur middel van die soge= naamde *Curriculum I* (kerncurriculum) uit te skakel of te verminder. Om dit vir die kinders makliker te maak om van die een skooltipe na 'n ander oor te ska= kel word daar gedurende die oriënteringsfase slegs een vreemde taal (gewoonlik Engels of Latyn) aan die *Gymnasium* onderrig.[225] Met die aanvang van die *Mittelstufe* word 'n tweede vreemde taal (Latyn, Frans of Engels) verpligtend. Die leerlinge kan op die vroegste vanaf die negende klas met 'n derde vreemde taal (byvoorbeeld Grieks) begin.[226] Daar bestaan 'n bykans onbeperkte vakkeuse vir die leerlinge. Ten opsigte van die vreemde tale alleen bestaan daar on= geveer twintig verskillende moontlike vakkombina= sies.[227]

'n Leerling kwalifiseer na die suksesvolle voltooiing van klas 10 vir 'n senior sekondêre-sertifikaat wat van dieselfde standaard is as dié van die *Realschule*, naamlik die *Mittlere Reife*. Die suksesvolle afleg= ging van klas 13 lei tot die verwerwing van die

224) KÖPKE, *op. cit.*, p. 180.

225) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 83.

226) ANWEILER, *et. al.*, *op. cit.*, p. 47;
HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 34.

227) KÖPKE, *op. cit.*, p. 178.

*Hochschulreife* wat universiteitstoelating moontlik maak.[228]

Ten einde die probleme wat opduik wanneer laat oor=plasings van leerlinge gemaak word vanaf 'n *Hauptschule* of *Realschule* na 'n *Gymnasium* die hoof te bied is 'n spesiale skooltipe in die lewe geroep wat 'n verrykte kursus aanbied sodat leerlinge wat nog nie die ge=wenste standaard bereik het nie, ook in staat gestel kan word om die *Abitur*-vlak te bereik en om sodoende universiteitstoelating te verwerf. Die laasgenoemde inrigtings staan bekend as die *Aufbaugymnasium* of die *Gymnasium* in *Aufbauform*.[229] Dit behels klasse 9 en 10 van die *Mittelstufe*.[230]

Met die aanvang van die 1976/77-skooljaar (in Baden-Württemberg in 1977/78) is die herorganiseerde *Oberstufe* van die *Gymnasium* in al die *Länder* ooreen=komstig die besluit van die KMK van 7 Julie 1972 in=gevoer.[231]

Vir diegene wat reeds in 'n beroep staan, is daar aandgimnasiums waar kursusse aangebied word wat na drie jaar tot die eindeksamen lei. Volwassenes kan universiteitstoelating verwerf deur bepaalde kursusse aan verskillende *Institute* of *Kollegs* (aandkolleges) te volg. Laasgenoemde is aanvullende inrigtings

228) BEUKES, *op. cit.*, p. 9.

229) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, p. 41.

230) BEHÖRDE FÜR SCHULE, JUGEND UND BERUFSBILDUNG - AMT FÜR SCHULE, *op. cit.*, par. 11, p. IV.

231) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, p. 11.

wat die sogenaamde *Zweiter Bildungsweg* (tweede onder=wysmoontlikheid) open. Waar die *Abendgymnasium* akademiese sekondêre onderwys op 'n deeltydse basis aanbied, bied die *Kolleg* voltydse kursusse aan vir die ouer jeug wat alreeds werk of gewerk het en in besit is van die ekwivalent van 'n *Realschul*-sertifi=kaat.[232)]

Aan die *Gymnasien* wat tot die verwerwing van die algemene universiteitstoelatingsertifikaat lei, word sekere verpligte vakke in klasse 5 tot 11 onderrig, naamlik Duits, Wiskunde, Biologie, Sosiaalkunde, Fisika en Chemie. Godsdiensonderrig vorm in die meeste *Länder* ook deel van die curriculum. Benewens Duits en Wiskunde moet die leerlinge aan al die tradisionele *Gymnasien*-tipes in klasse 12 en 13 nog twee verpligte eksamenvakke, een gewoonlik 'n vreemde taal, neem. Alle leerlinge moet ook Liggaamlike Opvoeding, Musiek of Kuns, Samelewingsleer en 'n natuurwetenskaplike vak volgens eie keuse neem.[233)] Die vermindering van die aantal vakke vanaf klas 12 moet meehelp om 'n konsentrasie van die onderrigstof en 'n dienooreenkomstige verdieping van die onderrig vir die leerlinge moontlik te maak. Dit is eers in die *Oberstufe* (klasse 11 tot 13) waar daar werk=like differensiasie plaasvind deur die invoering van keusevakke asook die aanbieding van kursusse op die Hoër- en Standaardgraad.

232) SHAFER, SUSANNE M. *Op. cit.*, p. 52.

233) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, p. 11.

Die *Gymnasien* wat tot die vakgekoppelde universiteits=toelatingsertifikaat lei, is in die reël aanvullende vorms (*Aufbauformen*) van die *Gymnasium*. Weens hulle vakgekoppeldheid is hulle vroeër *Fachgymnasien* of *F-Gymnasien* genoem.[234]

Klasse se periodedrag wissel tussen 30 en 34 per week. Die weeklikse periodetal styg naamlik van 30 tot 32 gedurende die vyfde skooljaar tot 32 tot 34 in die tiende skooljaar. In die *Oberstufe* verminder dit weer na 30 periodes per week waarvan 20 aan verpligte en 10 aan keusevakke afgestaan word.[235]

In tabel 6.10 word die aantal *Gymnasien* en *Abendgym=nasien* sowel as die aantal leerlinge wat hierdie inrigtings vanaf 1972 tot 1976 besoek het, aangestip.

TABEL 6.10

AANTAL *GYMNASIEN* EN *ABENDGYMNASIEN* EN -LEERLINGE VANAF 1972 TOT 1976[236]

| JAAR | GYMNASIEN | LEERLINGE | ABENDGYMNASIEN | LEERLINGE |
|---|---|---|---|---|
| 1972 | 2 268 | 1 567 276 | 112 | 12 416 |
| 1973 | 2 300 | 1 686 616 | 121 | 14 160 |
| 1974 | 2 372 | 1 779 750 | 126 | 17 788 |
| 1975 | 2 415 | 1 863 479 | 122 | 15 167 |
| 1976 | 2 407 | 1 910 617 | 117 | 14 599 |

234) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 85.
BUNDESREGIERUNG (BRD). Statistisches Bundesamt, *op. cit.*, p. 323.

235) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 47.

235) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 47.

236) BUNDESREGIERUNG (BRD). Statistisches Bundesamt, *op. cit.*, p. 325.

In 1975 was van die totaal van 2 415 *Gymnasien* 638 in Noordryn-Wesfale en 471 in Baden-Württemberg ge= leë met onderskeidelik 24 351 en 14 881 voltydse en deeltydse onderwysers in diens. In dieselfde jaar was die totale aantal *Gymnasium*-onderwysers in die BRD 89 706.[237)]

Die onderwyser-leerlingverhouding in die *Gymnasium* was in 1973 1:18,8.[238)] In dieselfde jaar het 24,8 persent van die totale aantal leerlinge in die sewende jaarklas die *Gymnasium* besoek. Die persentasie vir die negende klas was 21,6 persent.[239)] Sedert 1971 het die *Abiturienten*-getal (matrikulante) vinnig begin vermeerder en volgens die BLK sou die getal gedurende die volgende agt jaar steeds toeneem. Volgens beraming sou daar na 1979 jaarliks waarskyn= lik tussen 120 000 en 170 000 *Abiturienten* die *Gym= nasium* verlaat (uitgesonderd die aandklasstudente).[240)] Weens die toenemende mededinging om toelating tot universiteite (wat nie al die aspirant-kandidate kan huisves nie) moes die sogenaamde *numerus clausus*-beginsel in die meeste fakulteite ingestel word. Waar die *Abitur* voorheen outomaties toelating tot die universiteit verseker het, word daar tans van 'n kwotastelsel gebruik gemaak. Hiervolgens kan net 'n vasgestelde persentasie aansoekers regstreeks ná skool toegelaat word. Die res van die kandidate moet hulle kans afwag en intussen die een of ander

237) *Ibid.*, p. 326.

238) DEUTSCHER BILDUNGSRAT. *Bericht '75*, p. 472.

239) BUNDESREGIERUNG (BRD). Statistisches Bundesamt, *op. cit.*, p. 429.

240) ANWEILER, *et. al.*, *op. cit.*, p. 47.

betrekking aanvaar wat moontlik hulle kanse op toe=
lating kan verbeter. Dit word in toenemende mate bepleit dat die *Abitur* 'n gewone skooleindeksamen moet wees en dat dit nie net aan die houers daarvan toegang tot universiteitsopleiding verleen nie. Dit moet eerder toegang verleen tot 'n wye reeks van alternatiewe beroepsmoontlikhede. So 'n reëling kan meebring dat die vroeëre verskille tussen die drie hooftipes *Gymnasien* (te wete die klassieke *Gymnasium*, die *Gymnasium* vir moderne tale en die natuurwetenskaplike *Gymnasium*) sal verdwyn. Die klem word op skool*vlakke* eerder as skool*tipes* ge=
plaas, met die gevolglike onderskeid in *Sekundarstufe I* en *Sekundarstufe II*.[241]

Vervolgens word daar kortliks gelet op die herorga=
nisasie van die *Oberstufe* van die *Gymnasium*. Volgens 'n besluit van die KMK van 7 Julie 1972 word die nuwe model van die *Oberstufe* vanaf 1976/77 in alle *Gymna=
sien* geïmplementeer. Die doel met hierdie hervor=
ming is om deur organisatoriese en curriculêre ver=
anderinge en by die aanbieding van die leerstof beter te individualiseer, die inhoud en vorm van die onder=
wys meer op die vereistes van die tersiêre inrigtings (*Hochschulen*) toe te spits en tegelykertyd die same=
werking van algemeen-vormende en beroepsgerigte op=
leidingsinrigtings met die oog op 'n hervorming van die hele senior sekondêre fase (*Sekundarstufe II*) te toets.[242] 'n Wesentlike kenmerk van die herorga=

241) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 88.

242) BUND-LÄNDER-KOMMISSION. *Bildungsgesamtplan*; Band I, p. 4.

niseerde *Oberstufe* is die opheffing van die klasver=band ("jaargangbeginsel") ten gunste van 'n stelsel van Hoër- en Standaardgraadkursusse asook die invoe=ring van 'n nuwe vorm van prestasie-evaluering deur middel van 'n puntekredietstelsel. Die klasonderwy=ser (*Klassenlehrer*) maak ook plek vir 'n persoonlike studieleier of-voog (*Beratungslehrer*) om die leer=ling by die nodige keuses van vakke en kursusse be=hulpsaam te wees. Die *Oberstufe* begin na die tiende jaarklas en duur ten minste twee en hoogstens vier jaar wat in semesters verdeel is. Die vakke wat aan=gebied word, word in verpligte en keusevakke verdeel. Verskillende rigtings kan gevolg word, soos byvoor=beeld

* die taalkundig-literêr-artistieke rigting,
* die maatskaplik-wetenskaplike rigting,
* die wiskundig-natuurwetenskaplik-tegniese rigting,
* sport.[243)]

In die kernsillabi van die verpligte vakke kom hier=die differensiasie sterk na vore. Die doel hiermee is om die leerlinge nie net as beroepsmense voor te berei nie maar om hulle ook as kultuurmense op te voed.[244)]

Daar word 30 periodes van 45 minute elk per week aan

243) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, p. 12.

244) RGN. Verslag No. 0-1, *op. cit.*, p. 30.

die verpligte en keusevakke afgestaan en wel in die verhouding van 2:1. Die verpligte vakke sluit veral Duits, vreemde tale, Beeldende Kunste, Musiek, Filosofie, Godsdiensonderrig, Gemeenskapsleer (of Geskiedenis, of Aardrykskunde, of Sosiaalkunde), Ekonomie, Wiskunde, Fisika, Chemie en Biologie in. Die keusevakke is ook sommige van die genoemde vakke of kan Pedagogiek, Psigologie, Sosiologie, Regsweten= skap, Geologie, Astronomie, Tegnologie, Statistieke, Dataverwerking insluit.

Die standaardkursusse neem twee tot drie periodes per week in beslag. Kursusse op 'n hoër graad het as doel om 'n verdiepte wetenskapsbegrip en vakspe= sialisasie te bewerkstellig en neem vyf tot ses periodes per week in beslag. Vier van die periodes word aan vakonderrig afgestaan en twee aan selfstu= die, oefening en selfwerksaamheid. Die leerling verwerf vaardigheid in die toepassing van die vak= metodes en ontwikkel werkstegnieke met betrekking tot selfstandige studie.[245] Die leerling moet twee van hierdie sogenaamde "prestasievakke" op hoër graad kies waarvan een òf 'n vreemde taal òf Wiskunde òf 'n natuurwetenskaplike vak moet wees. Dit staan enige *Land* egter vry om ook 'n derde "prestasievak" voor te skryf en desnoods bykomstige verpligtinge vir die tweede en derde "prestasievak" vir sowel die kursus as die kursuskombinasies neer te lê.[246]

245) TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. *Onderwysbulletin*, jg/vol XVII, no. 3, September 1973.

246) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, pp. 12-13.

Volgens die nuwe indeling word die *Abitur* en *allgemeine Hochschulreife* op die basis van drie gelyke komponente geëvalueer: die werk van die finale twee jaar in die kernvakke, die werk van die finale twee jaar in die spesialiseringsvakke en die resultaat van termyneksa=mens. Die tradisionele graderingskaal van 1 tot 6 is behou, naamlik 1 (*sehr gut*), 2 (*befriedigend*), 4 (*ausreichend*), 5 (*mangelhaft*) en 6 (*ungenügend*), maar die evalueringskaal vir gebruik in die rekenaar strek van 15 af tot 0.[247)]

6.8.2.3.5 Die *Gesamtschule* (komprehensiewe skool)

Differensiasie ten opsigte van die leerstof van ver=pligte en keusevakke sowel as differensiasie ten op=sigte van studierigting is tot dusver in die *Gesamt=schule* die konsekwentste deurgevoer. Hierdie soort skool maak voorsiening vir gedifferensieerde onder=wys deurdat die leerling toegelaat word om volgens sy vermoëns en belangstelling 'n bepaalde studierig=ting te kies. Binne die raamwerk van elke afsonder=like studierigting is daar ook nog 'n vakkeuse en die leerlinge kan die gekose vakke op 'n Hoër of 'n Stan=daardgraad bestudeer. Die tradisionele vertikale indeling van sekondêre onderwys word met die *Gesamt=schule* opgehef deur die amalgamasie van die *Grund-*, *Mittel-* en *Oberstufe*. 'n Horisontale verdeling van sekondêre onderwys in drie vlakke kom dus in die *Gesamtschule* voor.[248)] Die bestaande skooltipes, naamlik die *Haupt-*, *Realschule*, *Gymnasium* en die beroeps=

247) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 89.

248) ANWEILER, *et. al.*, *op. cit.*, p. 48.

gerigte skole, word in die *Gesamtschule* tot 'n ruimte=lik-organisatoriese sowel as 'n opvoedkundig-didak=tiese eenheid geïntegreer.[249] Die *Gesamtschule* behels klasse 5 tot 10 van die *Mittelstufe* en klasse 11 tot 13 van die *Oberstufe*.[250]

Die doel van hierdie skooltipe is om groter oorska=kelingsmoontlikhede tussen die skooltipes en die ver=skillende vakrigtings te verseker. Sodoende kan 'n groter aantal leerlinge tot gedifferensieerde eind=eksamens gelei word. Die milieu-gestremde kind kry ook groter kansegelykheid in die onderwys.[251] "Wir sind davon überzeugt, dass eine demokratische Leis=tungsschule allen Kindern aus allen Schichten Vor=teile bringen kann."[252]

Onderwyshervormings met die oog op doelmatige en ge=lyke onderwysgeleenthede vir almal lei tot beter skole. Dit verseker weer dat die doeltreffendheid van die nasionale skolestelsel steeds verhoog word.[253] As gevolg van die feit dat die *Gymnasium* vir baie jare die prestíge skool vir die welgesteldes en ver=standelike elíte was, was dit vir die konsep van komprehensiewe skole (*Gesamtschulen*) moeilik om vroeër inslag te vind. Die kritici van die *Gesamtschule*

249) SANDER, *et. al.*, *op. cit.*, p. 75.

250) BEHÖRDE FÜR SCHULE, JUGEND UND BERUFSBILDUNG - AMT FÜR SCHULE, *op. cit.*, par. 12(1), p. IV.

251) ANWEILER, *et. al.*, *op. cit.*, p. 48.

252) SANDER, *et. al.*, *op. cit.*, Vorbemerkungen (voorwoord).

253) DEUTSCHER BILDUNGSRAT. *Einrichtung von Schulversuchen mit Gesamtschulen*, p. 21.

was daarvan oortuig dat die groot kwalitatiewe ver=skille in die onderwys, naamlik om voorsiening te maak vir sowel die begaafdes as die minder begaafdes, nie in een skooltipe geakkommodeer sou kon word nie omdat een of albei die partye sou skade ly.[254] Die voorstanders van die *Gesamtschule* lê daarteenoor weer besondere klem op die korrelasie tussen skoolpresta=sie en sosiale milieu en wat veral op die gebied van taalkundige en literêre vakke duidelik word.[255] Daarom moet curriculumbeplanning besondere aandag ge=niet. Die metode van moedertaalonderwys (i.c. Duits) is veral 'n belangrike faktor by die vermindering van bestaande sosiale ongelykhede (wat 'n sterk verband met taalgebruik vertoon). Daarom moet mondelinge kom=munikasie baie meer aandag geniet.[256] Die vak *Arbeitslehre* is ingestel ten einde aan alle leerlinge 'n inleidende kursus te gee in die tegniese, ekono=miese en sosiale aspekte van die moderne arbeidsmark. Daar moet alreeds in die eerste jaar, dit wil sê in die vyfde of sewende skooljaar met Natuurwetenskap begin word aangesien kinders op daardie stadium 'n besondere belangstelling toon in die waarneming, be=skrywing en eksperimentele ondersoek van natuurver=skynsels.[257]

Daar word twee variasies van die *Gesamtschule* aange=tref, naamlik:

254) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 106.

255) DEUTSCHER BILDUNGSRAT, *op. cit.*, p. 26.

256) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 111.

257) *Ibid.*, pp. 113-114.

* Die koöperatiewe *Gesamtschule*

In die koöperatiewe *Gesamtschule* leef die *Hauptschule*, *Realschule* en *Gymnasium* as afsonderlike skooltipes voort, maar dit word in een gebouekompleks aangetref met een gemeenskaplike skoolhoof. Gedifferensieerde curricula is ingestel om die oorplasing van leerlinge van die een skooltipe na die ander te vergemaklik.

In sommige *Länder* vorm die vyfde en sesde klasse 'n eenheid, te wete die sogenaamde oriënteringsvlak.[258] Die koöperatiewe *Gesamtschule* berus veral op die be= ginsel van "Streaming-Differenzierung", dit wil sê 'n vakoorkoepelende indeling van leerlinge volgens begaafdheids- en prestasievlakke,[259] en hou die voor= deel in dat gesamentlike fasiliteite, soos byvoorbeeld laboratoria,musiek- en kunssentrums en liggaamsoefe= ningapparaat beter benut word.[260]

* Die geïntegreerde *Gesamtschule*

Die tweede variasie is die geïntegreerde *Gesamtschule* wat 'n amalgamasie is van die *Haupt-*, *Realschule* en die *Gymnasium* in 'n bepaalde gebied. Die onderwysers beweeg hier van skool tot skool terwyl die leerlinge nie van klaslokaal hoef te verwissel nie.[261] Hierdie skooltipe het daartoe gelei dat onderwysers vir skool*vlakke* opgelei word en nie meer vir bepaalde skool*tipes* nie. Enkele *Gesamtschulen* beskik ook oor

258) KLAFKI, *et. al.*, *op. cit.*, p. 195.

259) ROTH, *op. cit.*, p. 81.

260) HITPASS, *et.al.*, *op. cit.*, p. 99.

261) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 28.

die herorganiseerde *Oberstufe* van die *Gymnasium*.[262)]

Die geïntegreerde *Gesamtschule* berus op die beginsel van "Setting-Differenzierung" waar die leerlinge oor=eenkomstig hulle prestasiemoontlikhede in 'n bepaalde vak in een van die verskillende vlakkursusse saamge=voeg word. Leerling X sou dus in Wiskunde kursus A, maar in Engels kursus B kon volg. Slegs gemeenskap=like "kernonderrig" verbind die leerlinge van die verskillende vlakke.[263)] Dit kom daarop neer dat die onderwys in die *Mittelstufe* (klasse 7 tot 10) van die *Gesamtschule* in die volgende drie afdelings ingedeel word:[264)]

- By die sogenaamde "kernonderrig" word die leerlinge, ongeag hulle bekwaamheid of ver=moë, in groepe van ongeveer 30 leerlinge per groep ingedeel. Dit kom in 'n groot mate ooreen met die indeling van die leer=linge in verskillende jaarklasse soos in die tradisionele skole. 'n Groep leer=linge ontvang sodoende gesamentlike onder=wys in bepaalde vakke, soos byvoorbeeld Sosiologie, Kunsonderrig, Musiek en sport.

- By die "vlakonderrig" word elke kerngroep in bepaalde vakke volgens vermoë ingedeel

262) BEUKES, *op. cit.*, p. 9.

263) ROTH, *op. cit.*, p. 81.

264) HITPASS, *et. al.*, *op. cit.*, p. 101;
SANDER, *et. al.*, *op. cit.*, pp. 103-127.

en afsonderlik onderrig. Die leerling word vlakgewys ingedeel in die standaard=kursus, die gevorderde standaardkursus (*erweiterter Grundkurs*) of die hoër gevor=derde kursus (*Fortgeschrittenenkurs*). Leerlinge wat om een of ander rede indivi=duele hulp nodig het, word in die aanvul=lingskursus (*Aufbaukurs*) ingedeel.[265)]

. Individuele leerlinge maak ooreenkomstig hulle belangstelling en aanleg 'n keuse uit die lys van keusevakke. Daar word aan die begin van die sewende en negende skooljare bepaalde vakkeuses gemaak.[266)]

By die geïntegreerde vorm van die *Gesamtschule* word die kandidate voorberei vir 'n eindeksamen wat gelyk=waardig is aan die eindeksamen van die *Hauptschule*, die *Realschule* en die tiende klas van die *Gymnasium* (vgl. figuur 6.10). Die *Oberstufe* lei tot die alge=mene of vakgerigte universiteitstoelating (met die moontlikheid van 'n beroepsgerigte eksamen).[267]


Sedert 1968 word daar proefnemings met komprehensiewe skole gedoen ten einde 'n nuwe organisasievorm van die *Sekundarstufe I* (junior sekondêre fase) op die proef te stel. In 1974 was daar alreeds 168 *Gesamentschu=len*, waarvan 133 geïntegreerde, 4 deelsgeïntegreerde en 31 koöperatiewe *Gesamtschulen* is. 'n Bykomstige

265) HITPASS, *et. al.*, *op. cit.*, p. 101.

266) *Ibid.*, p. 102.

267) BEHÖRDE FÜR SCHULE, JUGEND UND BERUFSBILDUNG - AMT FÜR SCHULE, *op. cit.*, par. 12(2), (3), p. V.

FIGUUR 6.10
VOORSTELLING VAN 'N GEÏNTEGREERDE *GESAMTSCHULE*[268]




Die doel met die geïntegreerde *Gesamtschule* kom kortliks op die volgende neer:

* gelyke onderwysmoontlikhede vir almal,
* integrasie van die verskillende skooltipes and differensiasie met betrekking tot vakinhoud en studierigtings,
* hersiening van die curricula,
* koëdukasie,
* verhoging en verbreding van die algemene opvoedingspeil, en
* die ekonomiese doelmatigheid van 'n groter skolestelsel.[269]

268) HITPASS, *et. al.*, *op. cit.*, p. 101.

269) KLAFKI, *et. al.*, *op. cit.*, pp. 200-209.

14 skole was in daardie jaar in die beplanningstadium. In die geïntegreerde *Gesamtschule* was daar op daardie stadium 121 000 leerlinge, maar die getal leerlinge het gedurende die afgelope jare baie toegeneem[270] (vgl. tabel 6.11).

TABEL 6.11

AANTAL *GESAMTSCHULEN* EN -LEERLINGE VANAF 1972 TOT 1976[271]

| JAAR | GESAMTSCHULEN | LEERLINGE |
|---|---|---|
| 1972 | 145 | 85 253 |
| 1973 | 163 | 106 955 |
| 1974 | 183 | 135 448 |
| 1975 | 204 | 165 812 |
| 1976 | 232 | 201 889 |

In 1975 was van die 204 *Gesamtschulen* slegs 31 in Noordryn-Wesfale en 18 in Baden-Württemberg geleë. Hessen het alreeds 68 van hierdie skole, wat 45 833 leerlinge en 7 466 onderwysers geakkommodeer het, gehad. Die totale aantal *Gesamtschul*-onderwysers vir die hele BRD het in 1975 op 15 185 te staan gekom.[272]

Sommige *Länder*, soos byvoorbeeld Berlyn, Bremen en Hessen, sien die *Gesamtschule* nie meer as 'n proefneming nie maar beskou dit as 'n maatstaf vir die verdere

270) ANWEILER, *et. al.*, *op. cit.*, p. 48.

271) BUNDESREGIERUNG (BRD). Statistisches Bundesamt, *op. cit.*, p. 325.

272) *Ibid.*, p. 327.

ontwikkeling van hulle onderwysstelsels. Ander *Län=der*, veral Beiere en Baden-Württemberg, gaan van die standpunt uit dat die soort skool nog in die ekspe=rimentele fase is.[273] Dit is interessant om daarop te let dat dit veral die SPD-*Länder* is wat die *Gesamtschule* as die skooltipe van die toekoms sien, terwyl die CDU/CSU-*Länder* nog skepties daarteenoor staan.[274]

Die poging van die SPD/FDP-koalisieregering in Noord=ryn-Wesfale om die komprehensiewe skool (in hierdie geval die koöperatiewe *Gesamtschule*) in te voer het op die rotse geloop toe 3,6 miljoen kiesers van daardie *Land* (1,2 miljoen meer as wat die wet vereis) daarteen gestem het. Sowel die ouers as die onder=wysers het die verdwyning van die bestaande driele=dige stelsel gevrees. Hulle was ook bevrees dat die meer begaafde kind skade sou lei en die minder be=gaafde kind oorlaai sou word.[275]

Dit lyk asof die *Gesamtschule* nog nie afdoende bewys gelewer het dat dit die "Schule der Demokratie" is nie en of die debat oor hierdie skoolsoort nog lank nie verby is nie.[276]

273) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 29.

274) ROTH, *op. cit.*, p. 83.

275) GÖBEL, H. *ed.* Education and science in the Federal Republic of Germany. *Bildung und Wissenschaft*, no. 3-78(e), p. 57.

276) SANDER, *et. al.*, *op. cit.*, p. 222.

### 6.8.2.3.6 Die *Ganztagschule* (sekondêre skool op ŉ heeldagbasis)

In die *Ganztagschule* (resp. *Tagesheimschule*) ontvang veral die kinders van ouerpare wat bedags werk sowel as dié leerlinge wat tuis nie goed versorg word nie skoolonderwys. Die getalle neem geleidelik toe, aangesien dit voorsien in ŉ dringende sosiale behoef= te.[277] Daar word in sommige kringe sterk daaraan gedink om die *Gesamtschule* tot ŉ *Ganztagschule* uit te brei in ooreenstemming met die gedagte van beter en gelyker opvoedingsgeleenthede aan almal.[278] Daar word naamlik gevoel dat die leerlinge uit ŉ beter sosiale of akademiese milieu voordele het bo hulle minder gegoede maats, veral ook wat die ouer= deelname ten opsigte van die toesighouding oor die huiswerk betref. Uitbouing van die *Ganztagschule* sal ŉ nuwe afbakening van die opvoedingstake van die gesin en die skool vereis. Vir die onderwysers wat reeds met werk oorlaai is, bring dit bykomstige ver= antwoordelikhede mee; daarom het die gedagte van die aanstelling van assistente om namiddae behulpsaam te wees groot byval gevind.[279]

Die koste van die instandhouding van *Ganztagschulen* is besonder hoog.[280] Dit is ook moeilik om geskikte persele te bekom om sulke skole op te rig, aangesien die meeste Duitse skole in digbewoonde gebiede geleë is.[281] Die *Bildungskommission* van die *Deutscher*

277) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 48.

278) HÖHNE, *op. cit.*, p. 66.

279) SANDER, *et. al.*, *op. cit.*, pp. 176-177.

280) DEUTSCHER BILDUNGSRAT. *Bericht '75*, p. 164.

281) HÖHNE, *op. cit.*, p. 66.

*Bildungsrat* is egter daarvan oortuig dat tussen 15 en 30 persent van die totale sekondêre leerlingtal teen 1985 in hierdie skooltipe geakkommodeer sal word.[282]

Die *Ganztagschule* wat deur die opvoedkundige Hartmut von Hentig in Bielefeld (Noordryn-Wesfale) begin is, is 'n laboratoriumskool wat grootliks outonoom funksioneer en in alle opsigte "nuut" is. Dit geld ook die geboue, statute en curriculum. Die leerlinge moet deur ervaring leer om te lewe. Die gewone skoolvakke is van ander benaminge voorsien. Die leerlinge ontvang 'n gewone skooleindsertifikaat na voltooiing van die tiende klas. Daar is egter aanduidings dat hierdie leerlinge dit moeiliker vind om werk te kry as die *Abiturienten* (matrikulante) uit die tradisionele skole.[283]

### 6.8.2.4 Samevatting


Die struktuurorganisasie van die Wes-Duitse skolestelsel vir die voorsiening van algemeen-vormende onderwys word skematies in figuur 6.11 voorgestel.

282) *Loc. cit.*

283) GÖBEL, H. *ed.* Education and science in the Federal Republic of Germany. *Bildung und Wissenschaft*, p. 59.
Vgl. ook EBMEYER, K-U. Der lästige Reformer. *Deutsche Zeitung*, Nr. 21, 13.Mai 1977, p. 13.

FIGUUR 6.11


STRUKTUURORGANISASIE MET BETREKKING TOT DIE VOOR=SIENING VAN ALGEMEEN-VORMENDE ONDERWYS



Die skoolbywoning van leerlinge aan algemeen-vormende skole word in figuur 6.12 uitgebeeld:

FIGUUR 6.12

LEERLINGE AAN ALGEMEEN-VORMENDE SKOLE GEDURENDE 1975[284)]




284) BUNDESREGIERUNG (BRD). Statistisches Bundesamt, *op. cit.*, p. 339.

### 6.8.3 Beroeps- en beroepsgerigte onderwys

#### 6.8.3.1 Inleiding

"Berufliches Können und berufliche Leistung bestimmen das wirtschaftliche Wachstum eines Landes. Sie sind damit Teil des Nationalreichtums eines Volkes und haben nicht nur für das eigene Land, sondern auch für das Ausland eine grosse Bedeutung. Sie sind der Weg wirtschaftlichen und sozialen Fortschritts."[285)]

*Beroepsonderwys* is onderwys wat op 'n bepaalde beroeps= kwalifikasie uitloop terwyl *beroepsgerigte* onderwys op 'n algemeen-basiese opleiding wat in meer as een beroep gebruik kan word, dui.[286)]

Hedendaagse onderwyshervormers besef "dass jede Theorie ihre Praxis hat, dass zu jeder Wissenschaft das Wissen von ihrer Anwendung gehört".[287)] Daar word met die resente onderwysontwikkeling gepoog om die grense tussen beroeps- en algemeen-vormende onderwys algaande uit te wis. Die moontlikheid tot meer en beter oplei= ding en onderwys en die vermindering van kansegelyk= heid in die onderwys is geskep deur die strukturele herbeplanning van alle senior sekondêre onderwys. Deur die skool*vlak*indeling ten koste van die skool= *tipe*-indeling in te voer word alle senior sekondêre onderwys (ook beroeps- en beroepsgerigte onderwys) in die *Sekundarstufe II* geakkommodeer.[288)]

285) KÖPKE, *op. cit.*, p. 190.

286) BEUKES, *op. cit.*, p. 10.

287) BECKER, *op. cit.*, p. 112.

288) DEUTSCHER BILDUNGSRAT. *Bericht '75*, p. 209.

Beroeps- en beroepsgerigte onderwys word deur ver= skeie instansies, wat vervolgens bespreek sal word, verskaf. Die aard en inhoud van die beroepsgerigte onderwys word grootliks bepaal deur die spesifieke algemeen-vormende skool wat vooraf (veral tot die tiende skooljaar) besoek is.[289)]

6.8.3.2 Die *Berufsschule* (sekondêre deeltydse skool vir algemeen-basiese beroepsop= leiding)

*Berufsschulen* is staats(*Land*-)inrigtings met die taak om sowel die leerlinge se algemene ontwikkelingspeil te verhoog as om hulle praktiese ervaring in 'n be= roep aan te vul.[290)] Uit statistiese gegewens blyk dit dat hierdie skooltipe die grootste aantal leer= linge in die BRD trek. In 1970 het 1,6 miljoen leerlinge, naamlik 68 persent van die totale leerling= tal tussen 16 en 18 jaar, die *Berufsschule* besoek.[291)] Die bywoning van beroepskole is verpligtend vir alle leerlinge wat nog nie 18 jaar oud is nie, dit wil sê nog skoolpligtig is en geen ander skool besoek nie. Onderwys word deeltyds aangebied (een of meer aande per week) aan leerlinge wat die *Hauptschule* na vier of vyf jaar verlaat.[292)]

Die onderrig neem ses tot twaalf periodes per week

289) KÖPKE, *op. cit.*, p. 185.

290) BUNDESREGIERUNG (BRD). Statistisches Bundesamt, *op. cit.*, p. 323;
CRAMER *and* BROWNE, *op. cit.*, p. 478.

291) BUND-LÄNDER-KOMMISSION. *Bildungsgesamtplan*; Band I, p. 5.

292) BEUKES, *op. cit.*, p. 10.

in beslag na gelang van die vakrigting wat gevolg word. Waar die onderrig meer as agt periodes per week is, word in plaas van een dag twee skooldae daarvoor afgesonder.[293] In Hamburg word die twaalf periodes per week eweredig oor twee skooldae ver= sprei.[294] Vakleerlinge in die nywerheid, handel, landbou en handwerk word in die skool opgelei, maar hulle moet nog verdere opleiding ondergaan voordat hulle hulle vakmanskapsertifikaat kan verwerf.[295]

In die stede is daar beroepskole vir die koopmans- of handelsberoep, elektroberoepe, tekstielberoepe en dies meer. Daar bestaan selfs beroepskole vir horlosiemakers, dakdekkers en skoorsteenveërs. Ongeleerde arbeiders besoek die aanvullingsklasse (*Jungarbeiterklassen*) aan die *Berufsschule*.[296]

Beroepsonderwys word dikwels die "dubbele stelsel" genoem omdat die formele onderwys in die skool onge= veer 60 persent van die beskikbare tyd in beslag neem en die praktiese opleiding in 'n bepaalde be= roepspraktyk sowat 40 persent. Die kwaliteit van die beroepsopleiding laat dikwels weens die beperkte tyd wat daaraan bestee word en die ongekwalifiseerde instrukteurs veel te wense oor.[297] Die teoretiese

293) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 47.

294) BEHÖRDE FÜR SCHULE, JUGEND UND BERUFSBILDUNG - AMT FÜR SCHULE, *op. cit.*, par. 15(1), p. V.

295) POIGNANT, R. *Education and development in Western Europe...*, p. 112.

296) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, p. 64.

297) BUNDESREGIERUNG (BRD). *Bildungsbericht '70*, p. 57.

onderwys sluit onder andere vakke soos Duits, Same=lewingsleer, sport, en (in sommige *Länder*) Godsdiens=onderrig in. Die kursus duur meestal drie jaar, ten minste egter totdat die leerling die ouderdom van 18 jaar bereik het.[298] Die kursus word in drie jaar=klasse of in twee vlakke ingedeel, naamlik die *Grund=stufe* van een jaar en die *Fachstufe* van twee jaar.[299] Die eerste jaar kan as 'n *Berufsgrundbildungsjahr* dien, veral vir daardie leerlinge wat nie klas 10 aan 'n algemeen-vormende skool deurloop het nie.[300] In die plek van die deeltydse *Berufsgrundbildungsjahr* in die *Berufsschule* word daar pogings aangewend om dit as voltydse eenjarige inleidingskursus wat direk by die *Hauptschul*-onderwys aansluit aan 'n *Berufs=grundschule* aan te bied (gewoonlik in die tiende skooljaar).[301] In 1975 was daar 493 *Berufsschulen* wat die *Berufsgrundbildungsjahr* op 'n voltydse basis aangebied het.[302]

Die BRD het in 1975 reeds 1 226 deeltydse *Berufs=schulen* gehad, waarvan 314 in Baden-Württemberg en 277 in Noordryn-Wesfale geleë was. Daar was toe reeds 'n totaal van 599 102 leerlinge by hierdie skole in=geskryf en 28 192 deeltydse en voltydse onderwysers het die onderrig behartig.[303] Die verhouding van

298) KING, *et. al.*, *op. cit.*, p. 75.

299) HÖHNE, *op. cit.*, p. 79;
HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 35.

300) BEHÖRDE FÜR SCHULE, JUGEND UND BERUFSBILDUNG - AMT FÜR SCHULE, *op. cit.*, par. 15(2), p. V.

301) ROTH, *op. cit.*, p. 55.

302) BUNDESREGIERUNG (BRD). Statistisches Bundesamt, *op. cit.*, p. 327.


303) *Loc. cit.*

onderwysers tot leerlinge in die *Berufsschulen* het in 1973 op 1:57,5 vir die BRD in sy geheel te staan gekom.[304)]

Die *Berufsschulen* werk ten nouste met die handel- en nywerheidsektor saam: as 'n leerling ná die beëin= diging van sy *Hauptschul*-skoolloopbaan byvoorbeeld in 'n apteek gaan werk, moet hy die deeltydse klasse vir apteekassistente aan 'n *Berufsschule* bywoon.[305)] Sommige firmas beskik oor eie werkswinkels vir die bykomstige opleiding van die vakleerlinge (vgl. plaat 6.5).

PLAAT 6.5

VAKONDERRIG AAN VAKLEERLINGE IN DIE WERKSWINKEL VAN 'N GROOT FIRMA[306)]



304) DEUTSCHER BILDUNGSRAT. *Bericht '75*, p. 472.

305) KLAFKI, *et. al.*, *op. cit.*, p. 143.

306) KÖPKE, W. *Berichte aus Deutschland*, p. 188.

As gevolg van die eis van die *Berufsbildungsgesetz* van 14 Augustus 1969 van verhoogde kwaliteit in die beroeps-praktiese opleiding, sowel as gevolg van strukturele en politieke omstandighede neem nog net 16 persent van alle bedrywe tans self aan beroepsop= leiding deel.[307)]

Die leerling kan 'n ontbrekende *Hauptschulabschluss* vervang deur die suksesvolle besoek van 'n *Berufs= schule* of deur die neem van die *Berufsgrundbildungs= jahr*.[308)] Die afsluitingsertifikaat van die *Berufs= schule*, wat dikwels sonder die aflegging van 'n be= paalde eksamen verwerf word, is 'n voorvereiste vir enige verdere studie aan gevorderde beroeps- of beroepsgerigte skole. Die *Facharbeiterbrief* verleen toegang tot nywerheidsberoepe, die *Kaufmannsgehilfen= brief* tot handelsberoepe en die *Gesellenbrief* tot die ander beroepe.[309)]

### 6.8.3.3 Die *Berufsfachschule* (beroepsvakskool)

Die *Berufsfachschule* dra algemene en vakgerigte (vak- teoretiese en vak-praktiese) kennis en vaardighede aan die leerlinge oor met die doel om hulle in staat te stel om 'n beroep te beoefen of om hulle tot 'n beroepsopleidingseindsertifikaat, wat net deur middel

307) ANWEILER, *et. al.*, *op. cit.*, p. 52.

308) BEHÖRDE FÜR SCHULE, JUGEND UND BERUFSBILDUNG - AMT FÜR SCHULE, *op. cit.*, par. 15(4), p. V.

309) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, p. 65;
SEKRETARIAT DER KMK (BRD). *Das Bildungswesen in der BRD*, p. 14.

van die skool bereik kan word, te lei.[310] Die *Berufsfachschule* is 'n voltydse skool wat vrywillige algemene beroeps- en praktiese onderwys vir ten minste een jaar nā die beëindiging van die skoolplig=tydperk aanbied.[311] Die opleiding kan egter tot drie jaar verleng word maar word altyd met 'n eind=eksamen afgesluit. Die onderrig sluit by dié van die algemeen-vormende skole aan. Soms kan 'n serti=fikaat wat gelykstaande is aan dié van die *Realschule* (die *Mittlere Reife*) verwerf word. Die opleiding dien as 'n voorbereiding vir vakleerlinge wat daarna hulle vakleerlingskap oor 'n korter tydperk elders kan voltooi. Die onderrigtyd wissel volgens die vakrigting van 30 tot 48 periodes per week.[312]

Om toelating tot 'n *Berufsfachschule* te verkry, moet leerlinge die opleidingskursus aan 'n *Hauptschule* suksesvol voltooi het, maar in sommige *Länder* word daar by die sewende of agste klas van die *Hauptschule* aangesluit.[313]

*Berufsfachschulen* word ingedeel in

* handelskole,
* hoër handelskole,
* nywerheidskole,
* huishoudskole,

310) BEHÖRDE FÜR SCHULE, JUGEND UND BERUFSBILDUNG - AMT FÜR SCHULE, *op. cit.*, par. 16(1), p. V.

311) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 36.

312) *Ibid.*, p. 47.

313) BUND-LÄNDER-KOMMISSION. *Bildungsgesamtplan*; Band I, p. 5.

* *Berufsfachschulen* vir kinderoppasters,
* *Berufsfachschulen* vir verpleging,
* *Berufsfachschulen* vir tegniese tekene,
* *Berufsfachschulen* vir farmaseuties- teg=niese assistente,
* *Berufsfachschulen* vir elektro-tegniese, chemies- of fisies-tegniese beroepe,
* *Berufsfachschulen* vir horlosiemakers en
* *Berufsfachschulen* vir blindes en swak=siendes.

Bykomende *Berufsfachschulen* kan deur die verantwoor=delike instansies (meestal plaaslike besture) opgerig word as die behoefte daarvoor sou ontstaan. In tabel 6.12 word 'n tipiese voorbeeld van die rooster van werksaamhede van 'n handelskool gegee.

TABEL 6.12

ROOSTER VAN WERKSAAMHEDE VAN 'N HANDELSKOOL IN IN 1967[314)]

| VAKKE | PERIODES PER WEEK *UNTERSTUFE* | *OBERSTUFE* |
|---|---|---|
| Godsdiensonderrig | 2 | 2 |
| Bedryfswetenskap | 3 | 3 |
| Kommersiële Wiskunde | 5 | 4 |
| Rekeningkunde | 3 | 2 |
| Kantoorbestuur | - | 3 |
| Duits | 5 | 4 |
| Eerste vreemde taal (Engels) | 5 | 4 |
| Kommersiële Geografie | 2 | 2 |
| Burgerkunde en Geskiedenis | 2 | 2 |
| Snel- en Tikskrif | 6 | 6 |
| Liggaamsopvoeding | 22 | 2(1)* |
| Huishoudkunde | -(2) | -(4) |
| T O T A A L | 35(2) | 34(5) |
| Vrywillige musiekonderrig | 2 | 2 |

*Periodes tussen hakies het slegs op dogters betrekking.

314) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, p. 158.

Indien daar op die onlangse veranderinge met betrek= king tot die rooster van werksaamhede in sekere *Berufsfachschulen*, veral die in Hessen en Noordryn-Wesfale gelet word, lyk dit of daar 'n tendens aan die ontwikkel is om die aantal "beroepsgerigte" vakke ten gunste van die "algemeen-vormende" vakke te verminder.[315)]

Handelskole, huishoudskole en *Berufsfachschulen* vir blindes en swaksiendes reik 'n eindsertifikaat uit wat gelykwaardig is aan dié van die *Realschule*. Na 'n tweejarige kursus kan die suksesvolle kandi= date 'n eindsertifikaat, naamlik die *Sekundarabschluss I* verwerf.[316)]

In die praktyk word hierdie skole opgerig waar die betrokke beroep self nie oor toereikende opleidings= moontlikhede beskik nie. Daar bestaan meer *Berufs= fachschulen* vir dogters as vir seuns.[317)]

In 1973 het die leerlinge aan *Berufsfachschulen* 10,8 persent van die totale leerlingtal verbonde aan be= roepsgerigte skole gevorm en 9 persent van alle ses= tienjariges in die BRD. Ongeveer twee-derdes van die leerlinge was meisies.[318)] Die onderwyser-leerling= verhouding in 1973 was 1:17,2. In 1976 was daar 'n totaal van 2 837 *Berufsfachschulen* met 316 039 inge= skrewe leerlinge en 12 806 deeltydse en voltydse

315) DEUTSCHER BILDUNGSRAT. *Bericht '75*, p. 230.

316) BEHÖRDE FÜR SCHULE, JUGEND UND BERUFSBILDUNG - AMT FÜR SCHULE, *op. cit.*, par. 16(2), (3), p. V; KULTUSMINISTERIUM RHEINLAND-PFALZ, *op. cit.*, par. 8(2), p. 10.

317) CRAMER *and* BROWNE, *op. cit.*, p. 479.

318) ANWEILER, *et. al.*, *op. cit.*, p. 53.

onderwysers in diens.[319]

6.8.3.4 Die *Berufsaufbauschule* (aanvullende skool vir 'n beroepskool)

Die *Berufsaufbauschule* probeer 'n brug tussen die algemeen-vormende en beroepsgerigte onderwys slaan. Hierdie soort skool kan ná of selfs gedurende die opleiding aan 'n *Berufsschule* besoek word. Dit ont=hef skoolpligtige leerlinge egter nie daarvan om die *Berufsschule* te besoek nie.[320] Benewens beroeps=onderwys word daar ook algemeen-vormende onderwys aangebied wat kan lei tot die verwerwing van die *Fachschulreife* wat gelykwaardig is aan die eindser=tifikaat van 'n *Realschule*, naamlik die *Sekundarab=schluss I*.[321]

*Berufsaufbauschulen* word in vyf groepe ingedeel, naamlik algemeen-nywerheid, nywerheids-tegnies, handel, huishoudkundig-verpleegkundig en landboukun=dig. In al die gevalle behels die curriculum die volgende verpligte vakke: Duits, 'n vreemde taal, Geskiedenis, Samelewingsleer, Wiskunde en 'n Natuur=wetenskap. Benewens die verpligte vakke word daar na gelang van die aard van die inrigtings ook ander vakke aangebied.[322]

319) BUNDESREGIERUNG (BRD). Statistisches Bundesamt, *op. cit.*, pp. 325, 327.

320) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, pp. 65, 67.

321) KULTUSMINISTERIUM RHEINLAND-PFALZ, *op. cit.*, par. 8(3), p. 10.

322) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 100.

Die opleiding duur minstens een jaar op 'n voltydse of drie jaar op 'n deeltydse basis (aandklasse).[323] Die *Fachschulreife* kan verwerf word nadat die leer=ling die kursus aan die *Berufsschule* voltooi het, die voorgeskrewe eksamen in die *Aufbau*klasse met sukses afgelê, die vakleerlingskap voltooi en vol=doende ervaring in die praktyk van die beroep opge=doen het. Hierdie sertifikaat verleen toegang tot 'n kollege soos byvoorbeeld die *Höhere Fachschule*, die *Fachhochschule* of die *Ingenieurschule*.[324]

Die funksie van die *Berufsaufbauschule* is sedert 1973 verander toe die *Höhere Fachschulen* in enkele *Länder* omskep is in *Fachhochschulen* en *Fachschulen*.[325] Sedertdien het die leerlingtal verminder (vgl. tabel 6.13), veral in deeltydse inrigtings (vgl. tabel 6.14). In 1973 het die leerlingtal aan *Berufsauf=bauschulen* nog net 1,5 persent van alle leerlinge aan beroepsgerigte skole gevorm.[326]

TABEL 6.13

AANTAL *BERUFSAUFBAUSCHULEN* EN -LEERLINGE IN DIE BRD, 1972 TOT 1976[327]

| JAAR | SKOLE | LEERLINGE |
|---|---|---|
| 1972 | 503 | 36 775 |
| 1973 | 488 | 34 260 |
| 1974 | 474 | 31 681 |
| 1975 | 465 | 27 786 |
| 1976 | 440 | 22 588 |

323) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 36.

324) BEUKES, *op. cit.*, p. 12.

325) BUND-LÄNDER-KOMMISSION. *Bildungsgesamtplan;* Band I, p. 5.

326) ANWEILER, *et. al.*, *op. cit.*, p. 53.

327) BUNDESREGIERUNG (BRD). Statistisches Bundesamt, *op. cit.*, p. 325.

TABEL 6.14

DIE AANTAL VOLTYDSE EN DEELTYDSE *BERUFSAUFBAU=SCHULEN* IN 1975[328)]

| | VOLTYDS | DEELTYDS |
|---|---|---|
| Aantal skole | 323 | 142 |
| Aantal leerlinge | 14 112 | 13 674 |

In 1975 was daar 97 voltydse *Berufsaufbauschulen* in Beiere en 63 elk in Baden-Württemberg en Nedersakse. Benewens die voltydse inrigtings was daar nog 48 deeltydse skole in Baden-Württemberg en 28 in Rynland-Pfalz.[329)]

'n Voordeel van die *Berufsaufbauschule*, met sy gerigt=heid op sowel algemeen-vormende as beroepsgerigte onderwys en opleiding, is dat daar normaalweg weinig oorskakelingsprobleme na ander onderwysinstansies ondervind word.[330)]

### 6.8.3.5 Die *Fachoberschule* (gevorderde vakskool)

Die *Fachoberschule* kan die beste omskryf word as die beroepsgerigte en tegniese alternatief vir die alge=meen-vormende onderwys wat in die hoogste klasse van die *Gymnasium* voorsien word.[331)] Ooreenkomstig 'n

328) *Ibid.*, p. 328.

329) *Loc. cit.*

330) DEUTSCHER BILDUNGSRAT. *Bericht '75*, p. 235.

331) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 101.

besluit van die KMK op 6 Februarie 1969 (die *Rahmen=vereinbarung über die Fachoberschule*) kan 'n leerling slegs ná die verwerwing van die eindsertifikaat (*Mittlere Reife*) aan die *Realschule* toegang tot 'n *Fachoberschule*, wat sedert 1969 as 'n nuwe skooltipe bestaan, verkry.[332] Die opleiding duur twee jaar en behels klasse 11 en 12 van die *Sekondarstufe II* waartydens praktiese opleiding op gevorderde vlak in 'n bepaalde vak ontvang word. Daar bestaan *Fachober=schulen* vir ingenieurswese, handel, huishoudkunde, beplanning, seevaart, en dies meer.[333]

Vir die eerste jaar is die curriculum saamgestel uit algemene onderwys wat aansluit by dié van die *Gymna=sium*, gespesialiseerde onderrig en praktiese oplei=ding wat ten minste vier dae per week in beslag neem. Voortgesette praktiese opleiding mag ook in die prak=tyk self plaasvind.[334] Hierbenewens word daar nog ten minste agt periodes per week onderwys gegee.[335] Gedurende die tweede jaar word 30 periodes onderwys per week, gegee, waarvan ten minste twee-vyfdes aan algemene onderwys gewy word.[336] Die onderwysprogram sluit verpligte vakke in soos Duits, Wiskunde, Natuur=wetenskappe, een vreemde taal, Liggaamlike Opvoeding en "Sosiaalkunde".[337] Na twee jaar kan 'n leerling

332) BUND-LÄNDER-KOMMISSION, *op. cit.*, p. 5.

333) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 36.

334) SEKRETARIAT DER KMK (BRD). *Handbuch für die KMK 1970*, p. 128.

335) SEKRETARIAT DER KMK (BRD). *Das Bildungswesen in der BRD*, p. 17.

336) SEKRETARIAT DER KMK (BRD). *Handbuch für die KMK 1970*, p. 129.

337) SEKRETARIAT DER KMK (BRD). *Das Bildungswesen in der BRD*, p. 17.

toegang tot 'n *Fachhochschule* verkry mits hy die *Fachhochschulreife* verwerf het ('n vakgerigte toe=latingsertifikaat vir 'n *Fachhochschule*).

In Baden-Württemberg vervul die *Berufskolleg* of *Berufsoberschule* en in Schleswig-Holstein die *Fach=gymnasium* die funksie van die *Fachoberschule*.[338] In Hamburg[339] word die onderwys aan die *Fachoberschulen* òf net deeltyds òf net voltyds aangebied.

Die eindeksamen bevat 'n skriftelike sowel as 'n mondelinge gedeelte. Indien hierdie eksamen sukses=vol afgelê word, word die *Fachhochschulreife* verwerf en kan die leerling sy studies aan 'n vakgerigte of beroepsgerigte tersiêre inrigting voortsit. Hierdie sertifikaat word in alle *Länder* erken. Studiekur=susse aan 'n *Fachoberschule* maak tans deel uit van die nuut-ingedeelde *Sekundarstufe II*.[340]

Die aantal *Fachoberschulen* het ná hulle instelling in 1969 vinnig vermeerder, naamlik vanaf 531 met 20 749 ingeskrewe leerlinge in 1969 tot 1 040 met 105 666 leerlinge in 1972.[341]

#### 6.8.3.6 Die *Technische Gymnasium* (beroeps- of teg=niese gimnasium)

Die *Mittlere Reife*-sertifikaat, wat onder andere aan

338) HECKEL und SEIPP, *op. cit.*, p. 36.

339) BEHÖRDE FÜR SCHULE, JUGEND UND BERUFSBILDUNG - AMT FÜR SCHULE, *op. cit.*, par. 13(2), p. V.

340) BUNDESREGIERUNG (BRD). *Bildungsbericht '70*, p. 63.

341) DEUTSCHER BILDUNGSRAT. *Bericht '75*, p. 239.

'n *Realschule* verwerf kan word, verleen toelating tot hierdie tipe *Gymnasium*. Dit het aanvanklik net in Baden-Württemberg en in Hessen bestaan, maar vind al hoe meer inslag.[342] Die kursus duur drie jaar en is bedoel vir persone wat reeds 'n eerste kursus in beroepsopleiding met sukses voltooi het en daarna voldoende beroepservaring opgedoen het. Na die suk=sesvolle voltooiing van die kursus aan die *Technische Gymnasium* kan toelating verkry word tot die tegniese studierigtings aan 'n *Technische Hochschule* ('n ter=siêre onderwysinrigting).[343] Aan laasgenoemde in=rigting kan onder andere die volgende kursusse ge=volg word: Meganiese Ingenieurswese, Bou-Ingenieurs=wese, Argitektuur, Chemie, Fisika, Geologie en Metal=lurgiese Ingenieurswese.

In Rynland-Pfalz berei hierdie skooltipe (waar die *Oberstufe* op die patroon van die herorganiseerde *Oberstufe* van die *Gymnasium* geskoei is) die leerlinge voor op die verwerwing van die *allgemeine Hochschul=reife* (waarmee enige vakrigting aan 'n universiteit gevolg kan word).[344]

### 6.8.3.7 Die *Fachschule* (voltydse beroepsgerigte of tegniese kollege)

Die *Fachschule* is 'n voltydse skool wat basiese teg=niese opleiding aanbied terwyl die *Fachhochschule*

342) SEKRETARIAT DER KMK (BRD). *Kulturpolitik der Länder 1971-1972*, pp. 17; 121.

343) BUNDESREGIERUNG (BRD). *Bildungsbericht '70*, p. 63.

344) KULTUSMINISTERIUM RHEINLAND-PFALZ, *op. cit.*, par. 8(5), p. 10.

laasgenoemde opleiding op 'n gevorderde vlak voortsit. Die kursusse is so ontwerp dat dit sowel die praktiese ervaring as die teoretiese agtergrondkennis van die leerling verhoog. Anders as die *Berufsschule* en *Berufsfachschule* word dit van voornemende kandidate van die *Fachschule* vereis dat hulle by toelating alreeds 'n basiese beroepsopleidingskursus deurloop het of dat hulle oor voldoende beroepservaring beskik.[345)]

Die leerlinge aan die *Fachschule* is gewoonlik ouer as 18 jaar. Hulle moet in besit wees van 'n skooleindsertifikaat wat gelykstaande is aan dié van die *Realschule* en ook praktiese beroepservaring opgedoen het.[346)]

Die voltydse kursusse duur gewoonlik van ses maande tot twee jaar terwyl die deeltydse kursusse tot vier jaar kan duur. Hierdie kolleges voorsien gespesialiseerde opleiding vir die "middelvlak" tegniese beroepe.[347)] Daar bestaan ook aandkursusse vir leerlinge wat bedags werk. Daar bestaan *Fachschulen* vir bykans alle beroepsrigtings, byvoorbeeld skole vir handwerk- en nywerheidsberoepe waar die "meesterskap"

345) BEUKES, *op. cit.*, p. 13.

346) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, p. 70.
Alhoewel die houers van 'n *Hauptschulabschluss* tot die *Fachschule* toegelaat kan word, maak die leerlinge wat die *Realschul*-onderrig (dus *Abitur* I) suksesvol afgelê het ongeveer een-derde van die totale aantal *Fachschul*-leerlinge uit. (Vergelyk tabel 6.15 vir die aantal skole en leerlinge.)
In Beiere is die *Realschulabschluss* 'n vereiste vir toelating tot die *Fachakademie*, soos hierdie skooltipe daar genoem word (HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 37).

347) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 102.

verwerf kan word, mynbouskole, skole vir tegnici, die hotelwese, vir horlosiemakers, kindertuin- en handels= onderwyseresse, landboukundiges, tuinboukundiges, asook vir die chemies-tegniese en seevaartberoepe.[348)]

Vanweë die tekort aan opgeleide vakmanne vir die so= genaamde "middelklas" tegniese beroep, soos byvoor= beeldbeeld Mynbou, Elektrotegniek, Boutegniek en Tekstieltegniek, het die *Fachschulen* gedurende die afgelope dekade van besondere betekenis geword. Kragtens 'n besluit van die KMK op 27 April 1964 is die kursusse aan hierdie skole in die BRD eenvormig gemaak en dit word ook met 'n staatseksamen afge= rond.[349)]

Die doelstellings met die onderskeie kursusse wat aan die *Fachschulen* aangebied word verskil van kursus tot kursus. In sommige kursusrigtings word daar be= sondere aandag geskenk aan die teoretiese fundering van die bepaalde beroep (*Technikerschulen*). In ander vakrigtings, byvoorbeeld handwerk-*Fachschulen* of *Fachschulen* op landboukundige gebied, tree die voor= bereiding vir take wat verband hou met die bedryfs= leiding weer meer op die voorgrond.[350)] Dit kom voor of die *Fachschulen* die funksie oorgeneem het om leerlinge voor te berei vir toelating tot tersiêre onderwysinrigtings, naamlik vir die *Fachhochschulen*.[351)]

348) BEHÖRDE FÜR SCHULE, JUGEND UND BERUFSBILDUNG - AMT FÜR SCHULE, *op. cit.*, par. 18(2), p. VI;
POIGNANT, *op. cit.*, p. 112.

349) BUNDESREGIERUNG (BRD). *Bildungsbericht '70*, p. 236.

350) DEUTSCHER BILDUNGSRAT. *Strukturplan*, p. 189.

351) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 102.

Die aantal *Fachschulen* en besoekende leerlinge word in die onderstaande tabel aangetoon.

TABEL 6.15

AANTAL *FACHSCHULEN* EN -LEERLINGE IN DIE BRD VANAF 1972 TOT 1976[352)]

| JAAR | SKOLE | LEERLINGE |
|---|---|---|
| 1972 | 1 381 | 122 747 |
| 1973* | 1 387 | 124 486 |
| 1974 | 1 403 | 130 835 |
| 1975 | 1 270 | 116 703 |
| 1976 | 1 199 | 91 446 |

* In 1973 het die *Fachschul*-leerlinge 9 persent van die totale aantal leerlinge in beroepsgerigte skole uitgemaak.

### 6.8.4 Die *Sonderschule* (skool vir besondere/ spesiale onderwys)

"In Welchem Mass ein Kulturstaat bereit ist, sich um die von der Natur Benachteiligten zu kümmern und sie zu fördern, wird über die Qualität seiner Bildungspolitik etwas Entscheidendes aussagen."[353)] Dit is in 'n samelewing wat op prestasie gesteld is belangrik om te erken dat gestremde en geremde kinders dieselfde aanspraak op opvoeding en onderwys het as diegene wat in staat is om normaal te ontwikkel.[354)]

Spesiale skole moet dus die nodige geleenthede bied om effektiewe onderwys en opleiding te gee aan kinders

352) BUNDESREGIERUNG (BRD). Statistisches Bundesamt, *op. cit.*, p. 325.

353) HÖHNE, *op. cit.*, p. 91.

354) *Loc. cit.*

wat vanweë liggaamlike en psigiese afwykings nie in gewone skole kan vorder nie.[355] Die uitbouing van hierdie tipe skole het in die jongste tyd hoë prioriteit geniet. Daar word na noue samewerking met ander skole gestrewe om hierdie leerlinge by nie-afwykende leerlinge in te skakel waar onderrigomstandighede dit toelaat.[356] Met die uitsondering van buitengewone skole vir verstandelik en geestelik gestremdes werk al die ander skole vir besondere onderwys volgens die sillabi van die algemene skole, soos byvoorbeeld die *Grund-*, *Hauptschulen*, *Realschulen* en *Gymnasien*. Hierdie skooltipe kom veral in groot stedelike gebiede voor in die vorm van klasse aan gewone skole, as afsonderlike halfdagskole of as kosskole.[357]

Skole vir buitengewone onderwys sluit in die

* skole vir blindes en swaksiendes,
* skole vir dowes en hardhorendes,
* skole vir verstandelik gestremdes,
* skole vir liggaamlik geremdes,
* skole vir leerlinge met spraakgebreke en
* skole vir gedragsafwykendes.[358]

355) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 38.

356) BEHÖRDE FÜR SCHULE, JUGEND UND BERUFSBILDUNG - AMT FÜR SCHULE, *op. cit.*, par. 20(1), p. VI.

357) SEKRETARIAT DER KMK (BRD). *Das Bildungswesen in der BRD*, pp. 18-19.

358) BEHÖRDE FÜR SCHULE, JUGEND UND BERUFSBILDUNG - AMT FÜR SCHULE, *op. cit.*, par. 20(2), p. VI.

Dit skyn of daar 'n behoefte bestaan dat hierdie skole, vanweë hulle besondere opvoedkundige taak, by voorkeur op 'n heeldagbasis moet funksioneer en dat die onderwyser-leerlingverhouding nie 1:15 moet oorskry nie. Dit is van die grootste belang dat 'n leerling wat spesiale onderwys nodig het so spoe= dig moontlik geïdentifiseer moet word.[359)] Daar word ook voorsiening gemaak daarvoor dat 'n leerling onder= wys in 'n hospitaal kan ontvang indien sy gesondheids= toestand dit noodsaaklik maak.[360)] Spesiale skole kan ook tot verdere onderwys lei, byvoorbeeld aan die studieinrigting vir blindes in Marburg.[361)]

Spesiale skole maak die grootste persentasie van die totale aantal private onderwysinrigtings in die BRD uit, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat liefda= digheidsorganisasies en kerklike instansies hulle reeds jarelank met die opvoeding en onderwys van af= wykende kinders bemoei. Die onderwysowerhede van die onderskeie *Länder* het eers gedurende die afgelope aantal jare belang in die spesiale onderwys begin stel en openbare skole opgerig.[362)]

Ten spyte van die fenomenale vooruitgang van spesiale onderwys in die BRD is daar nog talle kinders wat van spesiale onderwys weerhou word omdat daar nog nie vol= doende onderwysgeleenthede vir hulle bestaan nie.

359) BUNDESREGIERUNG (BRD). *Bildungsbericht '70*, pp. 46-47.

360) BEHÖRDE FÜR SCHULE, JUGEND UND BERUFSBILDUNG - AMT FÜR SCHULE, *op. cit.*, par. 20(3), (6), p. VI.

361) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 39.

362) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, p. 75.

Die *Deutscher Bildungsrat* beraam dat 5 tot 10 persent van die totale aantal skoolpligtige kinders in die BRD nie aan die vereistes vir skoolrypheid kan vol=doen nie.[363)]

Die koste verbonde aan hierdie skole word deur die betrokke *Land* en die ouers gemeenskaplik gedra. Ook die nie-staatsinrigtings ontvang staatstoelaes.[364)]

Dit is opvallend dat die *Strukturplan*, wat origens alle vertakkinge van die onderwys insluit, geen mel=ding maak van besondere onderwys nie. Die *Bildungs=kommission* van die *Bildungsrat* was egter van hierdie leemte bewus en het aangevoer dat die hoofstuk oor spesiale onderwys doelbewus agterweë gehou is omdat daar nog verdere voorbereiding nodig was en die pub=likasie van die *Strukturplan* nie vertraag moes word nie.[365)] Dit het egter drie jaar geduur voordat die resultate van die ondersoeke in die *Bildungsge=samtplan* bekend gemaak is.

Die liggaamlik geremdes en geestelik gestremdes kan (1974) soos volg ingedeel word:[366)]

| AARD VAN DIE AFWYKING | PERSENTASIE VAN DIE SKOOL= BEVOLKING |
|---|---|
| Blindes | 0,015 |
| Dowes | 0,05 |

363) HÖHNE, *op. cit.*, p. 91.

364) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, p. 76.

365) HÖHNE, *op. cit.*, p. 92.

366) *Ibid.*, p. 93.

| AARD VAN DIE AFWYKING | PERSENTASIE VAN DIE SKOOL= BYWONING |
|---|---|
| Geestelik gestremdes | 0,6 |
| Liggaamlik geremdes | 0,2 |
| Leergestremdes | 4,0 |
| Hardhorendes | 0,18 |
| Swaksiendes | 0,10 |
| Spraakbelemmerdes | 0,5 |
| Bogenoemdes wat terapie benodig | 1,0 |
| Gedragsafwykendes (kinders in inrigtings ingeslote) | 1,0 |

Die besondere onderwys is ook in vlakke verdeel. Die omvangrykste taak lê op die primêre vlak. Baie van hierdie leerlinge vorder egter tot die *Sekundarstufe I* en selfs die *Sekondarstufe II.*[367)]

## 6.9 ONDERWYS VIR VOLWASSENES

### 6.9.1 Die *Zweiter Bildungsweg* (sekondêre onderwys aan volwassenes deur middel van aandklasse)

Die *Zweiter Bildungsweg* maak dit vir diegene wat nie die geleentheid gehad het om hulle skoolloopbaan te voltooi nie moontlik om deur die bywoning en sukses= volle afsluiting van kursusse aan *Berufsaufbauschu= len, Abendrealschulen, Abendgymnasien* en *Kollegs* of *Institute* toegang tot verskillende tipes *Hochschulen* te verkry.[368)] Die *Zweiter Bildungsweg* hou verskil= lende moontlikhede vir vakmanne in om hulle kwalifi= kasies te verbeter. Die standaard van onderwys aan die *Abendgymnasium* is beslis hoër as dié van 'n ge=

367) *Ibid.*, p. 95.

368) BUND-LÄNDER-KOMMISSION. *Bildungsgesamtplan;* Band I, p. 6.

wone *Gymnasium*, met die gevolg dat dit 'n inrigting geword het vir die begaafdes. Dit vereis in die reël 'n bo-gemiddelde wil en deursettingsvermoë om deur middel van die *Zweiter Bildungsweg* die *Abitur*-eksamen af te lê.[369)]

Die KMK het in 1957 tot sekere besluite met betrekking tot sekondêre aandskole gekom. Om tot beroepsgerig=te aandskole toegelaat te word moes die kandidaat vir ten minste drie jaar in 'n beroep gestaan het en ten minste 18 jaar oud wees. Sekere vakke, soos Duits, Geskiedenis (insluitende Burgerkunde en Geo=grafie), twee vreemde tale, Wiskunde en Fisika sou verpligtend wees by alle aandskole. Die onderrigtyd moes minstens 17 uur per week wees. Na die sukses=volle voltooiing van die kursus kon die kandidaat universiteitstoelating verkry.[370)]

As daar op die groot aantal volwassenes gelet word wat van hierdie "tweede" opleidingsmoontlikheid ge=bruik maak, het Elke Stark moontlik gelyk as sy sê: "In Hinsicht auf den hohen Anteil von ehemaligen Schülern weiterführenden Schulen könnte man statt vom Zweiter Bildungsweg von einer Reparaturanstalt des Ersten Bildungsweges sprechen."[371)]

369) KÖPKE, *op. cit.*, p. 181.

370) KNOLL, *op. cit.*, p. 67.

371) STARK, ELKE, soos aangehaal deur SIEBERT, *op. cit.*, p. 121.

## 6.9.2 Verdere onderwys

Die begrip *verdere onderwys* dui op alle vorms van ge=organiseerde studie wat by 'n eerste afgeslote onder=wysfase aansluit en wat laasgenoemde studie verder voortsit.[372] Hierdie begrip sluit ook meer in as die begrip *onderwys vir volwassenes*,[373] voorheen bekend as *Volksbildung*.[374] Dit is ook meer korrek om van verdere onderwys te praat aangesien die groot=ste aantal deelnemers aan hierdie tipe onderwys teens=woordig nie noodwendig volwassenes nie, maar, soos Anweiler[375] dit stel, "Heranwachsende" is.[376] Dit karakteriseer ook die noodsaaklike kontinuïteit en sistematisering van studie op alle ouderdomsvlakke duideliker as die begrip *onderwys vir volwassenes*.[377] Tot die terrein van verdere onderwys behoort dus alle vorms van algemene, kulturele, politieke (staatkun=dige) en beroepsgerigte onderwys.[378] Die deelname daaraan is basies vrywillig.

372) DEUTSCHER BILDUNGSRAT. *Strukturplan*, p. 197.

373) Vgl. KLAFKI, *et. al.*, *op. cit.*; Band 3, p. 237.
Sommige opvoedkundiges wil die benaming "andragogie" in hier=die verband invoer, maar dit deug nie aangesien ouderdom nie hier as kriterium geld nie.

374) SIEBERT, *op. cit.*, p. 106.
"Durch Volksbildung zur Volksbildung" was vroeër die slagspreuk.

375) ANWEILER, *et. al.*, *op. cit.*, p. 57.

376) Vgl. DEUTSCHER BILDUNGSRAT. *Strukturplan*, p. 51.
Dit is nie sonder rede dat die Bildungsrat die begrip "onder=wys vir volwassenes" (*Erwachsenenbildung*) met "verdere onder=wys" (*Weiterbildung*) laat vervang het nie. Laasgenoemde is 'n omvattender begrip wat die *Zweiter Bildungsweg*, sosio-kultu=rele onderwys vir volwassenes, sowel as "herskoling" (*Umschu=lung*) insluit.

377) SIEBERT, *op. cit.*, pp. 110-111.

378) *Ibid.*, p. 109.

Die grondwet (GG) laat verdere onderwys en opleiding toe sonder om dit in besonderhede te reël. Daar het gevolglik 'n verskeidenheid van onderwysinstansies (en beherende liggame) ontstaan. Dit was eers met die verskyning van die *Strukturplan* dat verdere onder=wys as integrale deel van die totale skolestelsel wat betref die beplannning, die vasstelling van standaarde en doelstellings en die reëling van die finansiering gesien is.[379)]

Daar bestaan tans onder andere die volgende inrig=tings en programme wat voorsiening maak vir verdere onderwys: akademies, beroepsopleidingswerke (-fa=brieke), biblioteke, korrespondensiekolleges, radio- en televisieprogramme, teaters, "herskoling"-sentra, bestuurskole en *Volkshochschulen*.[380)]

Die verskillende instansies of liggame (die *Träger* genoem) wat verantwoordelik is vir die organisasie en aanbieding van verdere onderwys se bedrywighede is deels met mekaar gekoördineer maar funksioneer meestal onafhanklik van mekaar en staan in mededinging met mekaar. Hierdie instansies kan ingedeel word in publiek-regtelike instansies (die *Land*, munisipa=liteite, universiteite en *Volkshochschulen*) en nie-openbare liggame (beroeps- en ekonomiese verenigings, kerke, kerklike en politieke organisasies, handels=ondernemings).[381)] Van die eersgenoemde groep instan=

379) ROTH, *op. cit.*, p. 63.

380) HÖHNE, *op. cit.*, p. 102;
BUNDESREGIERUNG (BRD). *Bildungsbericht '70*, p. 114.

381) BUND-LÄNDER-KOMMISSION. *Bildungsgesamtplan*; Band I, p. 6.

sies is die *Volkshochschulen* - waarvan die meeste in Noordryn-Wesfale geleë is - in die meerderheid en vervul 'n besondere rol.[382] Soms word meer as een instansie tegelyk betrek, byvoorbeeld by die *Telekolleg*, waar die radio en televisie met die *Land* saamwerk.[383]

Die *Bildungsgesamtplan* verskans die behoud van hier= die veelvoud van instansies en beheerliggame: ver= dere onderwys moet nie 'n geslote skolestelsel word nie. Die volwassene moet die vryheid van keuse ten opsigte van die kursus sowel as die inrigting wat hy wil besoek, behou. Daar is egter 'n sekere mate van samewerking nodig tussen die verskillende instan= sies en inrigtings wat onderwys vir volwassenes aan= bied.[384]

Die onderskeie *Länder* is self verantwoordelik vir die wetlike bepalings met betrekking tot verdere onder= wys in hulle gebiede. Tot dusver het nog net enkele *Länder* (onder andere Nedersakse, Saarland en Hessen) sodanige wetgewing aangeneem.[385] In *Länder* soos Berlyn, Hamburg, Bremen en Hessen bestaan daar wette wat studieverlof aan werknemers verleen ten einde verskillende onderwysinrigtings te besoek. 'n Toenemende aantal *Volkshochschulen* het gedurende die afgelope aantal jare ook daartoe oorgegaan om aanvul= lende algemeen-vormende en beroepsgerigte kursusse

382) KNOLL, *op. cit.*, p. 68.

383) HÖHNE, *op. cit.*, p. 102.

384) *Ibid.*, pp. 102-103.

385) *Ibid.*, p. 104.

aan te bied.[386]

Die patroon van verdere onderwys kan skematies soos volg voorgestel word:[387]

**VERDERE ONDERWYS**

| SEKONDêRE ONDERWYS DEUR AANDKLASSE (*Zweiter Bildungsweg*) | BEROEPSGERIGTE VERDERE ONDERWYS | KULTURELE EN STAATKUNDIGE ONDERWYS VIR VOLWASSENES |
|---|---|---|
| .Korrespondensiekolleges<br>.*Abendgymnasium* (aandgimnasium)<br>.*Kolleges* (tegniese kolleges)<br>.*Berufsaufbauschulen* (aanvullende skool vir 'n beroepskool) | .Sosiale akademies<br>.Bedryfsinstansies<br>.Vakunies | .*Volkshochschulen* (volkeuniversiteite)<br>.Kerklike akademies<br>.Bondsinrigtings vir staatkundige opleiding<br>.Radio- en televisiekursusse |

Die gebrek aan 'n goedbeplande curriculum is, veral by dié kursusse wat met 'n bepaalde kwalifikasie afgesluit moet word, 'n belemmerende faktor om die kwalifikasie wat verwerf word oral erken te kry.[388]

'n Nuwe bedeling ten opsigte van beroepsonderwys het in November 1978 ingetree toe die Federale Ministerie van Onderwys en Wetenskap in samewerking met die Federale Ministerie van Ekonomiese Sake bepaal het dat 'n vakman die amptelik erkende kwalifikasie van meester-ambagsman in die metaalnywerheid (*Geprüfter Industriemeister - Fachrichtung Metall*) kan verwerf. Hierdie onderwysverordening blyk die voorloper te wees van soortgelyke regulasies wat op ander gebiede, byvoorbeeld Chemie, die drukkuns, die tekstielbedryf en elektrotegniek kan volg. Voorbereidende kursusse

386) ANWEILER, *et. al.*, *op. cit.*, p. 58.

387) SIEBERT, *op. cit.*, p. 116.

388) HÖHNE, *op. cit.*, p. 105.

sal dus in die toekoms op 'n meer eenvormige grond=slag aangebied moet word.[389] Die Bondsregering se doel met verdere onderwys kan soos volg saamgevat word:[390]

* Dit moet as die vierde fase van die skole=stelsel dien. Luidens 'n regeringsverklaring in 1969 moet onderwys vir volwassenes uitgebou word tot 'n volwaardige deel van die onderwys. Daar moet toege=sien word dat die afgeleë landelike gebiede oor vol=doende geleenthede vir verdere onderwys beskik.

* Daar moet 'n terugkoppeling met die alge=mene onderwys wees en 'n "Appetit auf mehr Bildung" gewek word.[391]

* Die verdere onderwys moet sō geskied dat die een kursus as grondslag vir 'n volgende, meer gevorderde, kursus dien (die sogenaamde *Baukasten=system*).[392]

* Verdere onderwys moet ook vir professionele mense beskikbaar wees.

* Daar moet wetlike voorsiening vir die no=dige betaalde studieverlof gemaak word sodat verdere opleiding kan geskied.

389) GÖBEL, H. *ed.* Education and science in the Federal Republic of Germany. *Bildung und Wissenschaft*, no. 3-78(3), p. 67.

390) BUNDESREGIERUNG (BRD). *Bildungsbericht '70*, pp. 116-118.

391) Vgl. DEUTSCHER BILDUNGSRAT. *Strukturplan*, p. 202.

392) *Ibid.*, pp. 202, 205;
BECKER, *op. cit.*, p. 118.

* 'n Netwerk van biblioteke moet opgebou word en in hierdie verband moet ook beter samewerking met universiteite verkry word.

* Noue samewerking tussen die *Bund-*, *Länder-* en munisipale beheerliggame wat by verdere onderwys betrokke is, is noodsaaklik.

### 6.9.3 Politegniese onderwys

Die ideaal van die eenheid van teorie en praktyk moet in politegniese onderwys verwesenlik word, aldus die sciëntistiese humanisme van die 19de eeu, waarvan Thomas Huxley, 'n verteenwoordiger was. In die Duitse beweging het hierdie ideaal sy hoogtepunt bereik deur die werkskoolgedagte van Kerschensteiner en deur die lofuitinge aan die "denkende hand" in die werke van Gerhart Hauptmann.[393)] Die Duitse skoolwese het in reaksie gekom teen die neo-humanisties-idealistiese onderwysteorie en die skooldeure vir die tegniek en ekonomie-onderwys gesluit. Dit was eers na die pionierswerk van Kerschensteiner dat beroepsgerigte onderwys weer begin ontwikkel het. Dit was ook met huiwering dat sosiale en natuurwetenskaplike dissi= plines in die curricula van die *Gymnasium* opgeneem is.[394)]

Teenswoordig dui politegniese onderwys op verdere studie in hoofsaaklik beroepsgerigte rigtings en is

393) FIEDLER, *op. cit.*, p. 109.

394) SIEBERT, *op. cit.*, p. 47.

dit 'n poging om "die Erziehung näher an die Produk= tion heranzuführen".[395] Kenmerkend van die poli= tegniese inrigtings is die besondere aard van hulle studentegemeenskappe en die tipe en standaard van die kursusse wat aangebied word. 'n Groot persentasie van die studente werk alreeds en moet die inrigtings deeltyds besoek. Daar is egter ook studente wat die kursusse voltyds bywoon. Die kursusse wat aan= gebied word, kan tot eerste grade sowel as na-graadse akademiese kwalifikasies lei. Politegniese inrig= tings bied alle onderrig wat as Handwerk (in teenstel= ling met Kuns) geklassifiseer kan word aan.[396]

### 6.9.4 *Umschulung* (herskoling vir 'n ander beroep)

Om van beroepsrigting te verander is niks ongewoons nie. Die voorbereiding vir 'n ander beroep (*Umschu= lung* genoem) is dikwels nodig omdat daar vanweë siekte, 'n ongeluk of ander faktore van beroep verander moet word. Daar moet dus op 'n georganiseerde wyse voor= siening gemaak word vir herskolingskursusse en reha= bilitasiesentrums wat hierdie taak kan oorneem.[397]

Verdere onderwys verskil van *Umschulung* in dié opsig dat dit gaan om die verwerwing van 'n nuwe kwalifika= sie. Luidens die *Berufsbildungsgesetz* van 1969 moet die maatreëls vir beroeps-herskoling ooreenkom met die besondere vereistes van verdere beroepsgerigte

395) FIEDLER, *op. cit.*, p. 109.

396) *Loc. cit.*

397) HÖHNE, *op. cit.*, p. 101.

onderwys.[398]

In 1972 het arbeidsburo's 1,5 miljard DM aan herskoling bestee. Daar het (volgens die Arbeidsdepartement van die Bondsregering in Nürnberg) in dieselfde jaar 32 000 volwassenes op hierdie wyse hulleself vir 'n ander beroep bekwaam as waarvoor hulle aanvanklik opgelei is. Daar word geen ouderdomsgrens met die oog op toelating gestel nie en indien die herskoling plaasvind op 'n terrein wat ooreenstem met die eise van die arbeidsmark, dra die *Bund* nog 'n groot deel van die onkoste wat daaraan verbonde is.[399]

## 6.10 TERSIÊRE ONDERWYS

### 6.10.1 Oriëntering

Die tersiêre inrigtings (universiteite, *Technische Hochschulen*, *Pädagogische Hochschulen*, *Musik-* en *Kunsthochschulen*, *Fachhochschulen* en *Gesamthochschulen*) is gemunt, na gelang van die aard van die inrigting, op die beoefening en die ontwikkeling van die wetenskap en die kunste deur navorsing, opleiding en onderwys.[400] Benewens navorsing en algemeenvormende akademiese opleiding is opvoeding, insluitende sosiale opvoeding, 'n belangrike taak van die universiteit.[401] Die spesialis wat sy vak ken,

398) SEKRETARIAT DER KMK (BRD). *Das Bildungswesen in der BRD*, p. 23.

399) HEMBD, H. Mehr mut zum zweiten Beruf. *Vital*, Heft 4, April 1974, pp. 18-20.

400) BUNDESREGIERUNG (BRD). Statistisches Bundesamt, *op. cit.*, p. 324.

401) FLITNER, *op. cit.*, p. 111.

maar nie weet hoe om by die samelewing in te skakel nie bly volgens die Duitse sienswyse 'n "Fachidiot".[402)]

Ten spyte van die feit dat die *Land*-regerings die universiteite subsidieer oefen hulle nie direk beheer oor universiteite uit nie. Universiteite beskik oor min eie fondse (studente betaal nie klasgeld nie) en is vir hulle funksionering en voortbestaan direk af= hanklik van die finansiering deur die *Länder*, dog die beginsel van "Lehrfreiheit und Lernfreiheit" aan universiteite word in die BRD gehandhaaf.

Die akademiese vryheid van die tersiêre staatsonder= wysinrigtings word deur die grondwet gewaarborg en is vasgelê in die *Hochschulrahmengesetz* (die wet ter bevordering van die uitbouing van die universiteits= wese) wat in 1976 van krag geword het. Hierdie wet maak voorsiening vir 'n herorganisasie van die univer= siteitswese: daar moet naamlik deur amalgamasie en samewerking in die rigting van *Gesamthochschulen* ge= werk word. In laasgenoemde (komprehensiewe) inrig= tings geskied differensiasie volgens studierigtings.[403)] Die *Leitmotiv* (sentrale gedagte) van hierdie wet is *Demokratisierung*.[404)]

Die huidige beleid van die Bondsregering met betrek= king tot tersiêre onderwys dui daarop dat daar 'n nuwe bedeling in die universiteitswese aan die kom is

402) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 121.

403) SEKRETARIAT DER KMK (BRD). *Das Bildungswesen in der BRD*, p. 32.

404) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 132.

en dat daar 'n uitbreiding oor die hele linie van tersiêre onderwys verwag kan word. Die Bondregering poog om sy voorstelle in samewerking met die *Länder* in die gesamentlike Komitees vir Onderwysbeplanning ooreenkomstig die genoemde wet te verwesenlik.[405] Daar het intussen ook 'n nuwe benadering ten opsigte van die verband tussen navorsing en onderwys ontstaan. Daar moes gewaak word teen die neiging dat navorsing in 'n toenemende mate vanaf die universiteite na be= paalde institute gekanaliseer word. Die verband tussen navorsing en onderwys moes aan die universi= teit beklemtoon word deur die verdere ontwikkeling van die wetenskappe en deur die ontwikkeling van metodiese kennis met die oog daarop om 'n omvattende wetenskapsbegrip by die student tuis te bring.[406] Enige hervorming op tersiêre vlak moet deur die *Hochschulen* self van stapel gestuur word. Noue same= werking met beroepslui en staatsowerhede met betrek= king tot navorsing is noodsaaklik. Die staat(*Land*) is verantwoordelik vir die nodige juridiese grond= slag van die *Hochschule(n)* en vir finansiële en orga= nisatoriese hulp vir die bevordering van navorsing aan universiteite in sy ressort.[407]

Die fenomenale toename in die studentegetalle is ge= stimuleer deur die finansiële hulp wat aan studente verleen is en deur die gratis universiteitsonderrig. Die aantal kandidate van die bepaalde ouderdomsgroep

405) BUNDESREGIERUNG (BRD). *Bildungsbericht '70*, p. 83.

406) BUNDESREGIERUNG (BRD). *Bildungsbericht '70*, p. 100.

407) *Ibid.*, p. 104.

wat voldoen aan universiteitstoelating het van 7,6 persent in 1960 gestyg tot 21,1 persent (of 170 000) in 1974. Vir 1980 word die syfers op 30,9 persent (315 700) beraam.[408] Hierdie vinnige vermeerdering in die studentegetalle het tot die instelling van 'n *numerus clausus* (toelating van slegs 'n beperkte aantal studente) in feitlik alle vak- en studierig=tings gelei. Dit impliseer dat voornemende studente wat die *Abitur II* suksesvol afgelê het,[409] aansoek moet doen by die sentrale toelatingsinstansie (*Zentralstelle für die Vergabe von Studienplätzen*) in Dortmund wat dan op grond van meriete (die *Abitur*-punt tel 60 persent en die tydsverloop sedert *Abitur* 40 persent van die merietepunt)[410] volgens die be=skikbaarheid van studieplekke toelating verleen. Vanweë die feit dat daar slegs 'n beperkte aantal studente tot universiteite toegelaat kan word, is daar ontevredenheid onder voornemende Duitse studente oor die toelating van buitelanders aan Duitse univer=siteite. Daar word dus gepleit vir 'n meer kritiese toekenning van beurse aan buitelanders.[411]

Gedurende die afgelope dekade het 13 nuwe universi=teite wat ongeveer 80 000 studente kan akkommodeer, ontstaan. Tot 1969 het dit die BRD slegs aan kapi=

408) NAUDE, J. A. Indrukke rondom die universiteitswese in Wes-Duitsland. *Bulletin vir dosente.* Kwartaalblad oor hoër onderwys, jg. 8, nr. 2, Okt. 1975, RAU.

409) Vgl. TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. *Verslag van 'n sending na oorsese lande in verband met vereistes en prosedures van keuring van kandidate vir universiteitstoelating*, pp. 38-39.

410) Vgl. ROTH, *op. cit.*, p. 60.
ANWEILER, *et. al.*, *op. cit.*, p. 56.

411) NAUDÊ, *op. cit.*, p. 3.

taalfondse, dit wil sê met die uitsluiting van lopende uitgawes vir byvoorbeeld salarisse en administrasie, alreeds sowat 1 600 miljoen DM gekos. Die Ruhr-universiteit te Bochum is die grootste van die nuwes (14 000 studente). 'n Vername faktor in hierdie verband is die oortuiging waartoe die *Land*- en Bondregerings gekom het, naamlik dat die universiteite vir almal toeganklik behoort te wees. Die wagwoord het "Demokratisierung und Chancengleichheit" geword.[412] Die doel met hierdie inrigtings was dus nie soseer om vernuwing te weeg te bring nie, maar eerder om in die behoefte aan meer studieplekke te voorsien.

Daar bestaan in die praktyk (veral by die eerstejaarstudent) 'n ernstige behoefte aan voorligting met betrekking tot sy studierigting en -vakke. Daar verskyn op die kennisgewingborde bloot 'n lys van lesings wat aangebied word en eerstejaarstudente is in die reël nie in staat om die nuttigste lesings vir hulle besondere studierigtings te kies nie. Geen persoonlike kontak word in die student se eerste studiejaar met die professor gemaak nie. Daar bestaan ook geen voogstelsel ten einde die nodige leiding aan eerstejaarstudente te bied nie. Köpke[113] dink desnietemin dat die hoogsbegaafdes aan 'n Duitse universiteit vryer is en ook vinniger tot ontplooiing kan kom as aan universiteite in die meeste ander lande. Vir die professore hou die begrip *akademiese vryheid* in dat niemand aan hulle mag voorskryf hoe

412) THOM, H.B. Universiteit nie net vir bevoorregtes. *Die Burger*, 31 Maart 1972, p. (?).

413) KÖPKE, *op. cit.*, p. 192.

hulle onderrig en navorsing moet verloop nie.

Die belangrikste voorstelle met betrekking tot die hervorming van die interne struktuur van die *Hoch=schulen* (soos gelug deur verskeie betrokke partye met die inbegrip van studente) kan kortliks soos volg opgesom word:[414]

* Universiteitstudie moet nie net die student vir 'n bepaalde beroep of professie oplei nie, maar hom ook aanspoor tot kritiese analise van sy beroep en samelewing.

* Die universiteit moet demokratieser word. Die magsposisie van die *Ordinarien* (volle professore) moet verminder word en die studente en assistente (lektore) moet die geleentheid gebied word om medeseggenskap te hê in besluitneming (*Drittelparität*). Die demokratiese *Hochschule* moet as 'n model dien vir demokratiese samelewing.

* Opdragte, eksamens, toetse en studie-akti=witeite moet kontroleerbaar wees en met die studente bespreek word.

* Die voorvereiste van die *Habilitation*-kwalifikasie (vergelyk onderafdeling 6.10.2) om permanent as universiteitsdosent benoem te word moet afgeskaf word.

414) SIEBERT, *op. cit.*, p. 66.

* Die rektor moet deur alle belanghebbende partye aan die universiteit verkies word; ook die administratiewe personeel en arbei= ders moet stemgeregtig wees.

Baie van die tersiêre onderwysinrigtings voldoen al= reeds aan die meeste van hierdie vereistes. Dit dien voorts vermeld te word dat die universiteite van Berlyn en Hamburg in die vroeë sewentigerjare 'n assistent (lektor) tot rektor verkies het.[415)]

Die omvang van die radikalisme aan die Duitse univer= siteite moet nie te ligtelik opgeneem word nie. Neo-Marxisme het tot dusver in drie universiteite (Bremen, Marburg en die Vrye Universiteit van Berlyn) 'n dominerende posisie.[416)] Die eers klein maar knap en baie raserige radikale element onder die studente het in 1973 tot 'n onstuitbare stroom van stakings en oproer gegroei. Die Marxis het in universiteits= hervorming 'n geleentheid gesien om radikale veran= deringe in die heersende struktuur van die Duitse samelewing teweeg te bring.[417)]

In verskillende opsigte het die studente wel redes gehad vir ontevredenheid. Die universiteitstelsel van die Weimar-Republiek het nie meer aan die eise van die tyd voldoen nie, die professore het nog steeds

415) *Ibid.*, p. 67.

416) GEIGER, R. European universities; the unfinished revolution. *Comparative Education Review*, Vol. 22, no. 2, June 1978, p. 205.

417) ANON. Sinister, familiar trend in German universities. *The Star*, 15 February 1973.

van die geykte voorlesingmetode gebruik gemaak en daar was geen persoonlike kontak tussen die dosente en studente nie. Hierbenewens was daar 'n tekort aan bevoegde universiteitspersoneel en die uitbreiding van die fasiliteite het nie tred gehou met die vinnige toename in studentegetalle nie. Die belangrikste oorsaak van die ontevredenheid was die stryd om 'n "studieplek" (akkommodasie) te bekom. "The engine of change responsible for the demise of the tradi= tional university has been fueled by one principal element - the rising social demand for higher edu= cation."[418] Die studenteonrus het daartoe bygedra dat die *Bund-* en *Land*-regerings daartoe oorgegaan het om ondersoek in te stel na die doeltreffendheid van die universiteitswese.

### 6.10.2 Die verskillende soorte tersiêre inrigtings

#### 6.10.2.1 *Universitäten* (universiteite)

Daar was in 1977 51 universiteite,[419] tegniese uni= versiteite en *Hochschulen* met 'n spesiale en gelyk= waardige vakrigting in die BRD. Laasgenoemde tipe *Hochschule* impliseer nie *Fachhochschulen* nie, maar byvoorbeeld mediese *Hochschulen*, en sluit ook pedago= giese en teologiese *Hochschulen* uit.[420] Tegniese studierigtings word aan *Technische Hochschulen/Uni=*

418) GEIGER, *op. cit.*, p. 203.

419) SEKRETARIAT DER KMK (BRD). *Das Bildungswesen in der BRD*, Anlage 6.

420) BUNDESREGIERUNG (BRD). Statistisches Bundesamt, *op. cit.*, p. 324.

*versitäten* aangebied.[421]

Uit die vergelyking wat Siebert tref[422] tussen vak=rigtings aan universiteite in die BRD en DDR, blyk dit dat die natuurwetenskaplik-tegniese dissiplines in die DDR oorheersend is, terwyl die geesteswetenskaplike vakke oënskynlik in die BRD die gewildste is. Die Franse onderwysnavorser, Raymond Poignant, het alreeds in die vroeë sestigerjare vasgestel dat die BRD sowel as al die Europese Gemeenskapsmarklande veels te min tegnici en natuurwetenskaplikes oplei.

Tersiêre studie word in die BRD òf deur 'n staats=eksamen òf deur 'n universiteitseksamen (*Diplom, Magister, Promotion*) afgesluit. Die staatseksamen word deur 'n staatseksamenkommissie afgeneem en dit geld vir beroepe soos byvoorbeeld die medisyne, die regte, aptekerswese en die onderwys. Vroeër is net onderwysers vir die *Gymnasium* en *Realschule* aan uni=versiteite opgelei. Teenswoordig word die onderwy=sers vir skool*fases* of *-vlakke* opgelei, wat meebring dat ook onderwysers vir die *Grundschule* en *Sekundar=stufe I* (*Hauptschule* en *Realschule*) hul studies aan universiteite kan voortsit.[423]

Die navorsingstaak van die universiteite omvat ba=siese navorsing, toegepaste navorsing en die verdere uitbouing van kennis. Die universiteit se reg op

421) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, p. 32.

422) SIEBERT, *op. cit.*, p. 83.

423) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, p. 34.

navorsing en eksaminering met die oog op die toekenning van *Diplom-*, *Magister-* en *Doktor*-grade is wetlik erkend. Tot hierdie reg behoort ook die toekenning van die *Habilitation*, 'n na-doktorale studie (en eksamen) wat afgelê moet word voordat 'n universiteitsdosent tot professor bevorder kan word.[424] 'n Volle professor staan as *Ordinarius* bekend en die universiteitsdosent of assistent as *Dozent*.[425] Laasgenoemde groep vorm die sogenaamde *Mittelbau* (middelstruktuur) van die universiteit en word vir hoogstens vier tot ses jaar aangestel. Hulle beskik oor geen waarborg dat hulle verder in die universiteitspersoneel sal kan aanbly nie. Die skepping van hierdie *Mittelbau* het met die buitengewone groei van die universiteite in die vroeë sewentigerjare wel 'n voorlopige oplossing vir die tekort aan dosente gebied, maar dit het ook aanleiding gegee tot die vorming van 'n ongenoegde groep (en 'n nuwe beroepstand) wat, alhoewel hulle amptelik deel van die universiteitspersoneel gevorm het, meer simpatiek teenoor die saak van die studente gestaan het (veral omdat hulle eie bestaan so onseker was).[426] Sommige universiteite het derhalwe daartoe oorgegaan om die *Habilitation* nie meer as voorvereiste vir permanente benoemings te stel nie.[427]

Die minister wat verantwoordelik is vir die universi=

424) *Ibid.*, p. 34.

425) SHAFER, *op. cit.*, p. 50.

426) SIEBERT, *op. cit.*, p. 64.

427) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 123.
Vgl. ook GEIGER, *op. cit.*, pp. 196-198.

teitswese stel 'n professor aan nadat die name van die kandidate deur die betrokke universiteit aan hom voorgelê is. Professore word nie volgens 'n vaste salarisskaal besoldig nie. Die salarisse word na onderhandeling met die universiteit vasgestel. Hoe meer aansien 'n professor dus het, hoe hoër sal sy salaris wees. Dit kan in die praktyk gebeur dat die minister die derde keuse van die universiteit aanstel omdat hy die minste besoldiging vra. In Baden-Württemberg is voorgeskryf dat die aantal les= ure van professore vanaf die eerste semester in 1975 minstens agt per week moet wees.[428)]


Die *Gruppenuniversität* waar verteenwoordigers van die studente en assistente saam met professore beslis= singsreg het, is reeds 'n aantal jare lank 'n vol= donge feit. Die veranderinge wat in die beheerstruk= tuur aangebring moes word, kan moontlik nadelige langtermyn gevolge hê. Alhoewel die materiële om= standighede van die assistente oor die algemeen groot= liks verbeter het, is hulle kanse om professor te word tans minder as ooit vantevore as gevolg van die kleiner uitbreiding van universiteitspersoneel en ander vorme van staatsbesparing.[429)] Die *Mittelbau*

428) NAUDÉ, *op. cit.*, p. 2.

429) ANON. Die bayerischen Rektoren sagen Boom für Akademiker voraus. *Die Welt*, Nr. 14, 18. Januar 1977, p. 1.
Daar is slegs in Beiere alleen in 1978 'n bykomende 315 univer= siteitsposte geskrap sodat die *Hochschulen* in 1978 ongeveer 1 000 dosent- en bestuursposte minder as in 1975 gehad het. Die rede hiervoor word toegeskryf aan die oprigting van drie nuwe universiteite in Bamberg, Bayreuth en Passau. Waar die ou universiteite slegs met 'n beter personeelvoorsiening ook die groter studentegetalle sou kon hanteer, moes die personeel verminder word om vir die boukoste van die ultra-moderne nuwe inrigtings te betaal.

FIGUUR 6.13

STUDENTE AAN *HOCHSCHULEN* EN *UNIVERSITÄTEN* GEDURENDE DIE WINTERSMESTERS[430]




1) Uitgesonderd *Kunst-* en *Fachhochschulen*

430) BUNDESREGIERUNG (BRD). Statistisches Bundesamt, *op. cit.*, p. 339.

(assistente) dreig derhalwe om 'n permanente ontevrede faksie binne die universiteit te word - tans net beter georganiseerd as in die verlede.[431]

Die universiteite het gedurende die wintersemester van 1976/77 581 142 studenteinskrywings gehad (vgl. ook figure 6.13 en 6.14). Die universiteit van München (36 314), die vrye universiteit van Berlyn (32 240), die universiteit van Hamburg (27 300) en die universiteit van Keulen (25 612) tel onder die grootste universiteite.[432]

6.10.2.2 *Pädagogische Hochschulen* (universiteite vir onderwysersopleiding)

Hierdie akademies-professionele inrigtings wat onder andere ook oor die reg beskik om doktorsgrade en die *Habilitation*-kwalifikasie uit te reik[433] lei in die eerste plek onderwysers vir die *Grund-* en *Hauptschulen* sowel as vir besondere onderwysinrigtings (*Sonderschulen*) op. Daar word tussen die opleiding van onderwysers vir die *Grundschule* en die *Hauptschule* onderskei. In ooreenstemming met die herorganisasie van die skoolwese vind die opleiding van onderwysers in die meeste *Länder* tans volgens die skool*fases* (-vlakke) plaas, dit wil sê vir die primêre fase (eerste vier skooljare) en vir die verskillende inrigtings wat die *Sekundarstufe I* aanbied (*Haupt-*, *Realschule* en *Gymnasium*) wat van die vyfde tot die tiende


431) GEIGER, *op. cit.*, p. 204.

432) BUNDESREGIERUNG (BRD). Statistisches Bundesamt, *op. cit.*, p. 334.

433) *Ibid.*, p. 324.

FIGUUR 6.14

STUDENTE AAN *HOCHSCHULEN* EN *UNIVERSITÄTEN* GEDURENDE DIE WINTERSEMESTER 1975/76 VOLGENS VAKGROEPE[434)]




434) *Ibid.*, p. 339.

skooljaar strek. Hierdie opleiding word met 'n staatseksamen afgesluit.[435)]

Op grond van hulle navorsingstaak in die opvoedkunde en vakdidaktieke het die *Pädagogische Hochschulen* die reg om diplomas (Dipl.-Päd.) uit te reik en dok= torsgrade (*Promotionen*) toe te ken (Dr. Phil. of Dr. Päd.). In Beiere is die vroeëre *Pädagogische Hochschulen* as opvoedkundig-wetenskaplike inrigtings by die wetenskaplike *Hochschulen* en universiteite geïnkorporeer, maar hulle bestaan terselfdertyd voort as onafhanklike inrigtings. Daarom kom daar soms beskrywings voor soos "Bayreuthse Onderwyskollege van die universiteit van Erlangen-Nürnberg."[436)] In Bremen, Hamburg en Hessen is die taak van hierdie inrigtings deur die universiteite oorgeneem (vgl. kaart 6.1). Dit kan ook voorkom dat die *Pädagogische Hochschulen* die kern vorm waaromheen 'n nuwe univer= siteit gestruktureer word. Oldenburg en Osnabrück in Nedersakse dien as tipiese voorbeelde hiervan. Die verwagting is dat die meeste *Pädagogische Hoch= schulen* in die toekoms deel sal uitmaak van die struktuur van die *Gesamthochschulen* (komprehensiewe universiteite) wat tans beplan word.[437)]

Daar was in Julie 1977 31 *Pädagogische Hochschulen in die BRD*. Organisatories word die inrigtings in Aachen, Bonn, Keulen en Neuss saamgegroepeer en

435) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, p. 34.

436) KNOLL, *op. cit.*, p. 43.

437) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 131.

staan as die *Pädagogische Hochschule Rheinland* be=kend. Dieselfde geld vir die inrigtings in Braunsch=weig, Göttingen, Hannover, Hildesheim en Lüneberg wat as die *Pädagogische Hochschule Niedersachsen* be=kend staan. Die inrigtings in Dortmund en Hagen vorm die *Pädagogische Hochschule Ruhr* en dié in Koblenz, Landau, Mainz en Worms die *Erziehungswissen=schaftliche Hochschule Rheinland-Pfalz* (vgl. kaart 6.1).[438)]

Die totale aantal inskrywings aan *Pädagogische Hoch=schulen* het gedurende die wintersemester van 1976/77 op 72 833 te staan gekom. Die inrigtings in Wein=garten (7 502), Berlyn (5 601), Freiburg (3 700) en Heidelberg (2 863) het die meeste onderwysstudente opgelei.[439)]

### 6.10.2.3 *Kunsthochschulen* (Universiteite vir Beeldende Kunste)


Staats-*Hochschulen* of -akademies vir Beeldende Kunste wy hulle aan beroepsopleiding in die kunste wat deels met 'n staats- of universiteitseindeksamen in vakke soos Argitektuur, Beeldhoukuns, Choreografie, Ontwerp=kuns, Goudsmeekuns, Toegepaste Grafiese Kuns. Binnens=huisversiering, Keramiekwerk, Skilderkuns en die film- en radiowese afgesluit kan word. Sommige van hierdie inrigtings bied 'n diplomakursus en ander weer 'n graadkursus aan. By enkele *Kunsthochschulen*

438) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, Anlage 11.

439) BUNDESREGIERUNG (BRD). Statistisches Bundesamt, *op. cit.*, p. 335.

KAART 6.1

*PÄDAGOGISCHEN HOCHSCHULEN* IN DIE BRD (Julie 1977)[440)]




440) Gegewens uit: SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, Anlage 11.

kan die student wat besonder goed presteer nå agt of tien semesters die titel van *Meisterschüler* ver= werf. Aan hierdie inrigtings word kunsonderwysers vir *Gymnasien* en gedeeltelik ook vir die *Haupt-* en *Realschule (Sekundarstufe I)* opgelei.[441] Benewens beroepsopleiding omvat die taak van die *Kunsthoch= schule* ook die ontwikkeling en bevordering van werks= metodes in die kuns.

Toelatingsvereistes wissel van inrigting tot inrig= ting volgens die betrokke inrigting se opleidings= doelstellings. 'n Besondere kunsaanleg (deur 'n toe= latingseksamen getoets) is egter 'n noodsaaklike voor= vereiste. 'n Algemene universiteitstoelatingserti= fikaat word in 'n toenemende mate as toelatingsver= eiste vir *Kunshochschulen* gestel. Met die uitson= dering van onderwys- en ander graadstudente sal per= sone met buitengewone talent en toereikende algemeen-vormende opleiding ook toegelaat word. Die wet vir *Kunsthochschulen* (1975) het laasgenoemde bepaling in Baden-Württemberg reeds verpligtend gemaak.[442] Vir toelating moet die kandidaat verder ten minste 17 jaar en hoogstens 30 jaar oud wees.[443]

Die *Kunsthochschulen* het as staatsinrigting 'n eie gees en karakter. Hulle staan onder beskerming van art. 5(3) van die grondwet van die BRD en dienooreen=

441) *Ibid.*, p. 35; DEUTSCHE UNESCO-KOMMISSION. *Kulturförderung und Kulturpflege in der Bundesrepublik Deutschland*, p. 72.

442) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, p. 36.

443) DEUTSCHE UNESCO-KOMMISSION, *op. cit.*, p. 72.

komstige *Land*-wetgewing wat die vryheid van die kuns waarborg.[444] Die lopende koste van *Kunsthochschulen* word deur die *Träger* (gewoonlik die *Länder*) alleen gedra. Daar is nog nie besluit of die *Kunshochschu=len* in die nuutgestruktureerde *Gesamthochschulen* opgeneem moet word en of hulle selfstandige inrigtings moet bly nie. Die *Hochschule für bildende Künste* in Kassel is reeds in 1971 in die nuwe *Gesamthoch=schule* aldaar geïntegreer.[445]

Daar was in Julie 1977 11 *Kunsthochschulen* in die BRD.[446] Die gesamentlike studentetal vir die *Kunst-* sowel as *Musikhochschulen* (afsonderlike gegewens vir hierdie twee tipes inrigtings kon nie verkry word nie) het in 1977 15 272 beloop. Die *Hochschule der Künste* in Berlyn het gedurende dieselfde jaar 2 031 inskrywings gehad.[447]

6.10.2.4 *Musikhochschulen* (Musiekuniversiteite)

Aan die staats-*Musikhochschulen* word alle moontlike vakrigtings op musiekgebied met inbegrip van kerkmu=siek en musiekonderwys aangebied. Hierdie institute het meestal uit groter stedelike of private konserva=toria ontstaan en lei veral musiekonderwysers op vir die *Realschule* en *Gymnasium*. Sommige *Musikhochschu=len* bied ook Beeldende Kunste sowel as opleiding wat

444) *Loc. cit.*

445) *Ibid.*, p. 73.

446) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, Anlage 12.

447) BUNDESREGIERUNG (BRD). Statistisches Bundesamt, *op. cit.*, p. 336.

andersins deur private spesiale skole behartig word, byvoorbeeld die opleiding van toneelspelers, sangers of dansers aan die *Hochschulen für Theater und Tanz*, aan.[448)]

Om toegelaat te word moet die kandidaat oor besondere artistieke vaardighede, wat deur 'n toelatingseksamen getoets word, beskik. 'n Algemene universiteitstoe= latingsertifikaat is 'n voorvereiste vir aspirant-skoolmusiekonderwysers en kerkorreliste. Die oplei= dingskursus vir musiekonderwysers vir die *Gymnasium* en *Realschule* word met 'n staatseksamen afgesluit. In enkele musikale beroepe, byvoorbeeld dié van koor- of orkesleier of musiekteaterregisseur, kan *Diplom*-eksamens afgelê word.[449)]

In 1977 was daar 15 *Musikhochschulen*,[450)] met die *Staatliche Hochschule für Musik in Rheinland* (Keulen) as die grootste (1 795 inskrywings).[451)]

### 6.10.2.5 *Gesamthochschulen* ("komprehensiewe" universiteite)

Daar word tans pogings aangewend om al die inrigtings vir tersiêre onderwys te integreer om sodoende 'n einde te maak aan die groot verskeidenheid van toe= latingsvereistes en onderwysstandaarde. Luidens die

448) DEUTSCHER UNESCO-KOMMISSION, *op. cit.*, p. 73.

449) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, p. 37.

450) *Ibid.*, Anlage 12.

451) BUNDESREGIERUNG (BRD). Statistisches Bundesamt, *op. cit.*, p. 336.

*Hochschulrahmengesetz* van Januarie 1976 word kompre= hensiewe eenhede (*Gesamthochschulen*) in die vooruit= sig gestel. Dit impliseer die samewerking tussen verskillende *Hochschul*-tipes met die doel om die oor= skakelingsmoontlikhede met betrekking tot studierig= tings aan die verskillende inrigtings te verbeter en die moontlikheid vir nuwe studierigtings te skep. Deur samewerking kan koste ook besnoei word. Sedert 1970 is daar alreeds ten minste tien *Gesamthochschulen* opgerig, naamlik drie in Beiere, een in Hessen en ses in Noordryn-Wesfale.[452)] Die *Gesamthochschulen* in Noordryn-Wesfale het as gevolg van die amalgama= sie van die *Pädagogische Hochschulen* en *Fachhochschu= len* ontstaan.[453)]

Die moontlikheid bestaan dat die studente aan hierdie inrigtings hulle studies met 'n staatseksamen of 'n universiteitseksamen kan afsluit. Sommige inrigtings, onder andere in Hessen en Noordryn-Wesfale, bied ook geïntegreerde studierigtings met 'n *Diplom*-eindeksa= men aan. Weens die groot verskeidenheid skooleind= eksamens word die kursus ingedeel in 'n *Grundstudium* met 'n tusseneksamen (*Zwischenprüfung*) en 'n *Haupt= studium* wat na twee of vier semesters met 'n beroeps= kwalifiserende eindeksamen afgesluit word. Studente kan ook aan die *Gesamthochschulen* promoveer.[454)]

Daar was tydens die wintersemester van 1976/77 48 994 studente aan *Gesamthochschulen* ingeskryf. Essen

452) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, p. 39.

453) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 134.

454) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, p. 41.

(10 026), Paderborn (6 788), Wuppertal (6 155) en Kassel (5 636) het die grootste inrigtings van hier= die aard gehad.[455]

6.10.2.6 *Theologische Hochschulen* (Teologiese universiteite)

Met hierdie inrigtings word nie die teologiese fakul= teite aan universiteite bedoel nie maar afsonderlike inrigtings wat slegs teologie aanbied. Die verskil= lende kerkgenootskappe het hulle afsonderlike onder= wysinrigtings. Evangeliese teologiese inrigtings kom in Berlyn, Bethal, Oberursel en Wuppertal met 'n gesamentlike studentetal van 908 (in 1977) voor. Rooms-Katolieke inrigtings word aangetref in Frank= furt, Fulda, Königstein, München, Paderborn, Passau en Trier met 'n gesamentlike studentetal van 1 086.[456] Daar was in 1977 altesaam 13 *Philosophisch-Theolo= gische* en *Kirchliche Hochschulen* in die BRD.[457]

6.10.2.7 *Fachhochschulen* (tegniese kolleges op tersiêre vlak)

*Fachhochschulen* is, ooreenkomstig 'n Bondsbesluit van 1968, sedert 1970/71 in die onderskeie *Länder* opge= rig. Hierdie inrigtings het die vroeëre ingenieur= skole en ander gevorderde vakskole (vir byvoorbeeld die Ekonomie of die tekstielwese) geïnkorporeer. *Fachhochschulen* verskaf opleiding in 'n erkende vak=

455) BUNDESREGIERUNG (BRD). Statistisches Bundesamt, *op. cit.*, p. 335.

456) *Ibid.*, p. 335.

457) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, Anlage 6(a).

rigting wat met 'n staatseksamen afgesluit word. Die gewildste kursusse is dié vir die nywerheids-, handels- en tegniese professies en verder die inge=nieurswetenskappe, skeepvaart en Sosiale Pedago=giek.[458)]

Die kursusse wat aangebied word, duur gewoonlik twee of drie jaar en kom gedeeltelik ooreen met dié wat universiteite aanbied. Die kursusse aan die *Fach=hochschulen* is egter meer praktykgerig as dié wat aan universiteite aangebied word.[459)] In Baden-Württem=berg en Beiere duur die kursus agt semesters (ses semesters vir teoretiese en twee vir praktiese werk). Benewens die skriftelike en mondelinge eksamens moet die student ook 'n skriftelike werkstuk indien. Die doel van laasgenoemde is om vas te stel of die student 'n probleem uit 'n spesifieke gebied in sy vakrigting selfstandig, metodies en wetenskaplik kan benader.[460)]

Die totale aantal ingeskrewe studente aan *Fachhoch=schulen* was in 1977 157 093. Beiere en Baden-Würt=temberg het die meeste inskrywings gehad, naamlik 23 783 en 23 419 respektiewelik.[461)] Dit word beoog om die *Fachhochschulen* mettertyd by die *Gesamthoch=schulen* in te skakel.[462)]

458) BUND-LÄNDER-KOMMISSION. *Bildungsgesamtplan;* Band I, p. 6.

459) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, p. 38.

460) *Ibid.*, p. 60.

461) BUNDESREGIERUNG (BRD). Statistisches Bundesamt, *op. cit.*, p. 336.

462) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 132.

6.10.3 Nuwe reëlings met betrekking tot univer=siteitstoelating[463)]

Die *Länder* het in 1978 tot 'n ooreenkoms gekom met betrekking tot die toelating van studente aan verskil=lende tersiêre inrigtings. (Benewens Hamburg wat om politieke redes buite stemming gebly het, het die *Länder* die sogenaamde *Staatsvertrag* eenparig aanvaar.)

Die hersiene stelsel van universiteitstoelating moet in werking tree met die aanvang van die 1979/80 wintersemester. Die doel met hierdie maatreëls is naamlik om te verseker dat daar 'n meer gebalanseerde en ekonomiese benutting van tersiêre inrigtings ge=maak word en dat die beskikbare akkommodasie ten volle benut word. Die spesiale keuseprosedure wat voorge=stel is vir die toelating van studente in die *numerus clausus*-vakke moet aan alle kandidate 'n werklike kans op akkommodasie in die voorsienbare toekoms verseker deur die invoering van verskillende toela=tingskriteria. Hierdie "keuseprosedure" moet die belangrikheid van die algemene *Abitur*-prestasie by universiteitstoelating verminder en sodoende die toe=nemende "puntelisme" in die skool bestry. Die alge=mene toelatingsprosedure moet vir daardie dissiplines geld waarvoor daar genoegsame akkommodasie aan ter=siêre inrigtings in die BRD bestaan. Indien moont=lik sal die kandidaat die inrigting van sy keuse mag besoek, maar indien die betrokke inrigting nie meer akkommodasie kan bied nie, sal hy na 'n inrigting waar nog vakatures bestaan verwys word. Indien

463) GÖBEL, H. *ed.* Education and science in the Federal Republic of Germany. *Bildung und Wissenschaft*, no. 3-78(e), pp. 51-52.

daar heeltemal te min akkommodasie in 'n spesifieke kursus wat deur die algemene toelatingsprosedure ge= raak word beskikbaar is, moet spesiale maatreëls ge= tref word. Laasgenoemde impliseer dat die *Länder* moet toesien dat die tersiêre onderwysinrigtings die situasie die hoof moet kan bied as daar selfs tot 15 per= sent meer studente toegelaat sou word as waarvoor daar akkommodasie is. Die heersende prosedure waar= volgens studente gekeur word en wat gebaseer is op die gemiddelde *Abitur*-punt plus 'n wagperiode moet in gevalle toegepas word waar die aantal applikante vir 'n bepaalde dissipline aansienlik hoër is as die beskikbare akkommodasie. Indien 'n applikant op die waglys vir toelating geplaas moet word, moet voor= siening gemaak word dat hy tydens sy wagperiode iewers 'n betrekking bekom.

Die spesiale keuseprosedure moet vir toelating tot die *numerus clausus*-vakke, soos Geneeskunde, Farma= sie en Psigologie, gevolg word. Waar daar voorheen 'n wagperiode van selfs drie jaar in hierdie rigtings kon voorkom, moet daar nou voorsiening gemaak word om die aanleg van die kandidate vir die gekose vak= rigting deur middel van spesiale toetse vas te stel. Tien persent van die beskikbare akkommodasie moet vir die beste *Abiturienten* in die betrokke jaargroep gereserveer word.

Die Wes-Duitse Rektorekonferensie (WRK) het in sy reaksie op die *Staatsvertrag* gewaarsku teen die ver= vermeerderde administrasie wat dit meebring ten opsigte

van beplanning, toelatingsprosedures en dies meer. "(The) resources could be put to better use in over=coming the lack of study places instead of setting up machinery to administrate this lack."[464] Die president van die WRK is oortuig "...(that) state administration should return the freedom of decision in further areas to higher education, i.e. yet more study courses should be restored to the "self-regu=lating process" of the market".[465]

## 6.11 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die Wes-Duitse skolestelsel (resp. skolestruktuur of skole-organisasie) breedvoe=rig bespreek. Daar is ten eerste gelet op die toe=sighouding oor en administrasie van die onderwys waarna 'n bespreking van die patroon (vorm) van die skolestelsel gevolg het. Die rol wat privaatskole speel en die probleme rondom die onderwys vir die kinders van die gasarbeiders is vervolgens onder die loep geneem. Die blyk dat daar nog 'n groot leemte met betrekking tot die voorsiening van voorligting aan die leerlinge ten opsigte van die keuse van vak- en studierigtings bestaan.

Die inrigtings vir algemeen-vormende onderwys en dié vir beroeps- en beroepsgerigte onderwys is afsonderlik beskryf. Sedert die verskyning van die *Bildungsge=samtplan* (1973) word die skolestelsel in 'n toenemende mate volgens skool*fases* ingedeel.

464) *Loc. cit.*

465) *Loc. cit.*

Die huidige skoolfases en skooltipes kan soos volg opgesom word:

* Tot die pre-primêre fase behoort die *Kinder=garten* vir nie-skoolpligtige kinders onder die ouder=dom van ses jaar en die *Schulkindergarten* vir skool=pligtiges wat nog nie skoolgereed is nie. Dit word in die vooruitsig gestel om die onderwysvoorsiening aan vyfjariges só te beplan dat die onderwysinrigtings teen 1985 alle vyfjariges sal kan huisves.

* Die *Grundschule* vorm die verpligte gemeen=skaplike primêre skoolfase wat deur kinders vanaf hulle sesde lewensjaar, dit wil sê wanneer skoolplig 'n aanvang neem, besoek word. Hierdie fase duur in die reël vier jaar maar dit kan ook ses jaar duur in die gevalle waar die oriënteringsfase van twee jaar by die *Grundschule* ingeskakel word. In die klassi=kale onderrig in die *Grundschule* vind geen spesiali=sering plaas nie. Die leerlinge word heterogeen in die verskillende jaarklasse gegroepeer om aan almal gelyke onderwysgeleenthede te verseker.

* Die *Orientierungsstufe* (oriënteringsfase) omvat klasse 5 en 6 van die sekondêre skool. Hierdie sogenaamde oriënteringsfase dien vir die leerlinge as waarnemingstydperk ten einde elke kind die geleent=heid te bied om 'n geskikte skoolloopbaankeuse te maak. Dit dien ook as 'n oriëntering ten opsigte van die akademiese eise wat die *Sekundarstufe I* stel. Die oriënteringsfase kan ingeskakel by en in

samewerking met 'n bepaalde skooltipe òf skooltipe-oorkoepelend ingerig word. Dit is verder die be=doeling dat hierdie skoolfase moet bydra tot

- die vermindering van die getal vroeë skool=verlaters,
- 'n beter prognose met betrekking tot toe=komstige skoolprestasies,
- die ontginning van begaafdheid deur die bes moontlike bevordering en ontplooiing van die enkeling se vermoëns en
- meer kansegelykheid (ook vir die sosiale klasse wat tot dusver benadeel is).[466)]

* Die *Sekundarstufe I* (junior sekondêre fase) sluit klasse 5 òf 7 tot 10 van die sekondêre skool in. Tot hierdie fase behoort die volgende skool=tipes:

- die *Orientierungsstufe* (waar dit ingeskakel is by die sekondêre skool),
- die *Hauptschule* en die *Realschule*,
- die *Mittelstufe* van die *Gymnasium*,
- die *Abendrealschule*,
- die *Mittelstufe* van die *Gesamtschule* en

466) ROTH, *op. cit.*, p. 78.

- klasse 5 tot 10 van die *Sonderschule* (skool vir spesiale onderwys).

Die *Sekundarstufe I*, wat nog binne die grense van skoolplig val, sluit derhalwe algemeen-vormende sowel as beroepsgerigte skole in. Omdat die *Sekundarstufe I* alle skooltipes oorkoepel, word gepoog om die vroeëre skerp verskille (ten opsigte van sosiale stand) tussen onderwysinrigtings uit die weg te ruim. Verskillende vak- en studierigtings word in hierdie skoolfase aangebied. Hierdie fase sluit na die tiende skooljaar af met 'n eindeksamen, naamlik die *Sekundarabschluss I*.

* Die *Sekundarstufe II* (senior sekondêre fase) behels die elfde tot en met die dertiende skooljaar en bevat algemeen-vormende sowel as beroepsgerigte studierigtings. Tot die *Sekundarstufe II* behoort

- die *Oberstufe* van die *Gymnasium* en *Handelsgymnasium*,
- die *Oberstufe* van die *Gesamtschule* (komprehensiewe skool),
- die *Abendgymnasium* en *Handelsgymnasium* wat aandklasse aanbied,
- die *Berufsschule*,
- die *Berufsfachschule*,
- die *Berufsaufbauschule*,

. die *Fachoberschule* en

. die *Fachschule*.

Gedifferensieerde onderwys word in die *Sekundarstufe II* aangebied. Alle studierigtings van hierdie fase is gemunt op dieselfde onderwysdoelstellings en didak=ties-opvoedkundige mikpunte.[467)]

Die nuwe samestelling van studierigtings in die *Sekundarstufe II* vereis 'n herorganisasie van die eindeksamens en die daarmee gepaardgaande kwalifika=sies. Die nuwe *Sekundarabschluss II* sluit beroeps=kwalifiserende eindeksamens, die algemene universi=teitstoelatingseksamen (*allgemeine Hochschulreife*), die vakgerigte universiteitstoelatingseksamen (*fach=gebundene Hochschulreife*) sowel as toelatingseksamens vir 'n spesiale vakgerigte tersiêre inrigting (*Fach=hochschulreife*) in.[468)]

Wat die verdere beroepsgerigte onderwys en opleiding vir volwassenes betref, is dit opvallend dat kursusse wat op 'n bepaalde doelwit afstuur en met 'n erkende eindeksamen afgesluit word, steeds aan die toeneem is. Die toenemende vloeibaarheid van die arbeidspatroon het die mening dat bykomstige kennis noodsaaklik is om tred te hou met die veranderde beroepslewe verder versterk.[469)] Die uitbouing van onderwys vir vol=wassenes werk kansegelykheid tussen die ouderdoms=

467) DEUTSCHER BILDUNGSRAT. *Strukturplan*, pp. 161-162, 166.

468) BUND-LÄNDER-KOMMISSION. *Bildungsgesamtplan*; Band I, p. 28.

469) BUNDESREGIERUNG (BRD). *Bildungsbericht '70*, p. 112.

groepe in die hand en is derhalwe 'n maatskaplik-politieke saak wat hoë prioriteit geniet. Volgens die *Strukturplan* (1970)[470] is die doel en betekenis van verdere onderwys om die mens in staat te stel tot bewuste deelname en samewerking aan ontwikkeling op alle lewensgebiede want daardeur word die eie per=soonlikheidsontplooiing moontlik gemaak.

Die tersiêre onderwysinrigtings (*Universitäten, Tech=nische Hochschulen, Pädagogische Hochschulen, Musik-* en *Kunsthochschulen, Fachhochschulen* en *Gesamthoch=schulen*) dien, ooreenkomstig hulle taakstelling, die uitbouing van die wetenskap en die kunste deur navor=sing, opleiding en onderwys. Tersiêre studie word in die BRD met 'n staatseksamen òf met 'n universi=teitseksamen afgesluit.

Die huidige beleid van die Bondsregering met betrek=king tot tersiêre onderwys dui daarop dat daar 'n nuwe bedeling in die universiteitswese aan die kom is en dat daar 'n uitbreiding oor die hele linie van tersiêre onderwys verwag kan word. Daar word tans pogings aangewend om al die inrigtings vir tersiêre onderwys te integreer om sodoende 'n einde te maak aan die magdom van toelatingsvereistes en standaarde. Dit veronderstel weer samewerking tussen verskillende *Hochschul*-tipes met die doel om die oorskakelings=moontlikhede met betrekking tot studierigtings aan die verskillende inrigtings te verbeter en om die moontlikheid te skep vir die ontwikkeling van nuwe studierigtings. Die *Gesamthochschule* moet hierdie

470) DEUTSCHER BILDUNGSRAT. *Strukturplan*, p. 52.

doel dien.

Na die bespreking van die Wes-Duitse skolestelsel sal onderwysersopleiding vervolgens in hoofstuk 7 beskryf word.